

T.N&A

TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS

25STE JAARGANG NR. 1 2018


TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS
25STE JAARGANG NR. 1 2018



T.N&A

TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS

25STE JAARGANG (2018) 1STE UITGawe



Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans is 'n geakkrediteerde tydskrif en word uitgegee deur die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Nederlandstiek. T.N&A wil die studie van die Nederlandse taal-, letterkunde en kultuur bevorder, ook in sy verhouding tot die Afrikaanse taal- en letterkunde. Daarbenewens wil die tydskrif die Afrikaanse taal- en letterkunde in Nederlandstalige gebiede bevorder. Die tydskrif verskyn twee keer per jaar.

Alhoewel die redaksie kopieregwessies kontroleer, lê die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid in hierdie verband by die outeur(s).

Redaksie: Dr. M. Bonthuys

Uitleg: Christa van Zyl

Redigering: Elsabe Marais

Gedruk en gebind deur: V&R Drukkery, Pretoria, Tel: +27 (0)12 333 2462

Redaksie-sekretariaat: Departement Afrikaans/Nederlands, Universiteit van Wes-Kaapland, Privaatsak X17, Bellville, 7535. Tel.: 0219592213. E-pos: mbonthuys@uwc.ac.za.

Inskrywings en betalings:

Die ledegeld bedra:

- R150 per jaar vir binnelandse lede; en R200 per jaar vir buitelandse lede

Betaal u ledegeld **elektronies** in die bank of oor die internet in,

- naamlik op die volgende rekening:

Banknaam: ABSA

Bankrekeningnommer: 1190 154 676

Taknaam: Ben Swartstraat, Wonderboom-Suid

Takkode: 632005 (nie nodig vir elektroniese betalings nie)

Verwysingsnommer: U van en voorletters (baie belangrik)

- E-pos die bewys van u betaling saam met die vorm van lidmaatskap aan die SAVN se penningmeester, prof. Adri Breed by Adri.Breed@nwu.ac.za of kobie.dekamper@gmail.com.

Redaksieraad:

W.A.M. Carstens (Noordwes-Universiteit)

Y. T'Sjoen (Universiteit Gent)

J. Dewulf (University of California)

H.P. van Coller (Universiteit van die Oranje-Vrystaat,

M.E. Meijer Drees (Rijksuniversiteit Groningen)

Noordwes-Universiteit)

H.J.G. du Plooy (Noordwes-Universiteit)

J. van der Elst (Noordwes-Universiteit)

H. Ester (Radboud Universiteit Nijmegen)

W. van Zyl (Universiteit van Wes-Kaapland)

E. Jansen (Universiteit van Johannesburg,

R. Gouws (Universiteit van Stellenbosch)

Universiteit van Amsterdam)

T. Colleman (Universiteit Gent)

R.S. Kirsner (University of California)

D. van Olmen (Lancaster University)

J. Koch (Adam Mickiewicz Universiteit)

Redaksioneel

Marni Bonthuys

Hierdie uitgawe van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* is 'n sonderlinge een. In die eerste plek handel dit oor 'n spesiale kongres oor Afrikaans in die Noord-Kaap wat in November 2017 in Kimberley by die Sol Plaatje Universiteit aangebied is. Dié geleentheid het ook die loopbaan herdenk van prof. Frank Hendricks wat as dosent aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) belangrike taalkundige navorsing oor die variëteite van Afrikaans, soos Oranjerivieraafrikaans, gedoen het en in 2017 op die ouderdom van 65 afgetree het. Verder merk hierdie uitgawe die vyf-en-twintigste bestaansjaar van *TN&A*.

Prof. Hendricks was die hoofspreker by die geleentheid en sy referaat oor die transformasie van Standaardafrikaans om gemarginaliseerde dialekte soos Oranjerivieraafrikaans op te neem, is die eerste bydrae vervat in hierdie nommer van *TN&A*. Die meeste van prof. Hendricks se kollegas aan Departement Afrikaans/Nederlands (UWK) het ook bydraes gelewer tot die kongres en uiteindelik hierdie publikasie. Gegewe die feit dat *TN&A* 'n lang verbintenis het met dié betrokke departement - proff. Wium van Zyl en Steward van Wyk was onder meer vorige redakteurs - is dit veral besonder dat hierdie vyf-en-twintigste uitgawe vernaamlik bestaan uit artikels deur departementslede. Twee letterkundige bydraes van Steward van Wyk en Marni Bonthuys is ingesluit. Hulle skryf onderskeidelik oor die ontginning van aktuele sake in regionale tekste waarin die Noord-Kaap sentraal staan (spesifiek die tekste van Anzil Kulsen en Karin Brynard); asook die voorstelling van die Noordwesterse ruimte in die digbundels van drie boorlinge (Donald Riekert, George Weideman en Melt Myburgh) van hierdie gebied. Ook Anastasia de Vries uit hierdie departement lewer 'n bydrae oor Afrikaans in die Noord-Kaap – in haar geval vanuit 'n taalhistoriese hoek oor die gebruik van Afrikaans in Noord-Kaapse Katolieke kerke. Uit Gent, België kom 'n laaste bydrae – Jacques van Keymeulen skryf, soortgelyk as Hendricks, oor die variasietaalwetenskap. In Van Keymeulen se geval fokus hy op die variëteite van Afrikaans (soos Namakwalands) en lê spesifiek verbande met Vlaams.

Universiteit van Wes-Kaapland

Voorwoord

Steward van Wyk en Victor Teise

Die konferensie Afrikaans in die Noord-Kaap wat vanaf 2-3 November 2017 op die kampus van die Sol Plaatje Universiteit in Kimberley gehou is, was in vele opsigte 'n historiese mylpaal. Met die hernude fokus op die diversiteit van die Afrikaanse taalgemeenskap en haar vele tongvalle en die baanbrekerswerk ten opsigte van Kaaps – die werk van Achmat Davids en die boek *Kaaps in fokus* onder redakteurskap van Frank Hendricks en Charlyn Dyers – het die organiseerders die behoefte gevoel om Afrikaans in die Noord-Kaap opnuut onder die soeklig te plaas en dit ter plaatse te doen. Gedagtgig daaraan dat voorstudies reeds deur toonaangewende taalkundiges gedoen is, en die groeiende korpus Noord-Kaapse streeksliteratuur, wou ons met nuwe oë na die streek en sy tale kyk, daarom die subtitel van die konferensie: Nuwe Perspektiewe op taal, literatuur en kultuur. Die referate wat opgeneem is in dié spesiale uitgawe van *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* getuig daarvan.

Die geleentheid is ook aangebied as 'n viering van die akademiese loopbaan van prof. Frank Hendricks wat aan die einde van daardie jaar sou afree. Hendricks se beskrywing van Oranjerivierafricaans en die neerslag daarvan in die werk van Elias P. Nel dien as baken vir verdere studies. Die konferensie was ook een van die laaste geleenthede waar die gevierrede taalkundige prof. Christo van Rensburg opgetree het en sy lesing oor die Khoi-invloede op Afrikaans was die vonk vir intensiewe gesprekvoering. So ook was dit die laaste taalkonferensie waarby die Sol Plaatjedosent in Afrikaans en een van die organiseerders belas met mediaskakeling, wyle dr. Lionel Snyders, betrokke was. Die fokus op variëteitstudies is indringend verryk deur nog 'n emeritus, prof. Jacques van Keymeulen van die Universiteit van Gent, wat sy hoogaanskrewre kundigheid op die terrein van die Wes-Vlaamse dialekte kom deel het. Ons was besonder verheug deur die goeie bywoning vanuit akademiese kringe, die breë publiek en organisasies werksaam op die Afrikaanse terrein, waaronder die ATKV, Afrikaanse Taalraad en die Afrikaanse Taalmuseum.

Dat die konferensie op die kampus van die nuutgestigte SPU gehou is en boonop die eerste vakwetenskaplike byeenkoms aldaar was, is sosiaal-histories van belang. As 'n inisiatief van die Universiteit van Wes-Kaapland en Sol Plaatje Universiteit wou ons ander stemme laat hoor in die diskous in en oor Afrikaans.

Ons bedank graag die volgende instellings vir hul ondersteuning om die konferensie te laat plaasvind: die Noord-Kaapse provinsiale departement van Sport, Kuns en Kultuur, Dagbreek Trust, Hendrik Muller-fonds, National Institute for the Humanities and Social Sciences, SPU en UWK.

Oranjerivieraafrikaans: van gemarginaliseerde en aanspraakmaker tot deelgenoot¹

Frank Hendricks

Orange River Afrikaans: from marginalised and contender to participant

The Language Commission of the South African Academy for Science and Arts is responsible for the establishment of orthographic norms for the Afrikaans language that is captured in the Afrikaanse Woordelys en Spelreëls. The eleventh edition of this language resource (AWS 11), launched on 3 August 2017, is content-wise of tremendous historical significance in that a number of lexical items from two colloquial varieties of Afrikaans associated with people of colour, namely Kaaps (also known as Cape Vernacular Afrikaans) and Orange River Afrikaans, had been taken up in the glossary section thereof.

The incorporation in AWS 11 of the said items is to be seen as a milestone in the standardisation of Afrikaans because it signifies a change of status regarding Kaaps and Orange River Afrikaans, namely their transformation from historically marginalised forms of Afrikaans to participants in the standard variety of the Afrikaans language.

The main focus of this article is a discussion of (a) the reasons why this change of status regarding Kaaps and Orange River Afrikaans is to be viewed as a marker of the transformation of Standard Afrikaans, (b) the factors that have sped up this change and (c) the challenges facing the Afrikaans Language Commission regarding an in-depth incorporation of lexical items from Orange River Afrikaans.

In the last section it is argued that the broadening of the lexical base of Standard Afrikaans by utilising Kaaps and Orange River Afrikaans as feeder sources for Standard Afrikaans could, on the one hand, pave the way for some grammatical and phonological features of these two colloquial varieties to enter the standard variety of Afrikaans and, on the other hand, give rise to conceiving Standard Afrikaans as a three-dimensional entity connected to the three historical dialects of Afrikaans. This view, which would allow for recognising three dimensions of Standard Afrikaans, i.e. one dimension embroidered on Eastern-border Afrikaans and the other two on Cape Afrikaans and Orange River Afrikaans respectively, could ensure that the debate on the standardisation of Afrikaans gains new momentum.

1. Oriëntasie

Die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (verderaan die Taalkommissie) is verantwoordelik vir die formele kodifisering van die spelling en skryfwyse van Afrikaans wat tot uitdrukking kom in Afrikaans se oudste lewende taalhulpbron, te wete die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, waarvan elf uitgawes tot dusver verskyn het. Die loodsing van die elfde uitgawe

van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (verderaan *AWS*) op 3 Augustus 2017 te Kaapstad was 'n historiese geleentheid, en wel omdat hierdie werk van bykans 800 bladsye die eeufeesuitgawe van die *AWS* verteenwoordig. Maar die elfde uitgawe (verderaan *AWS 11*) is ook inhoudelik van historiese belang, onder meer omdat 'n aantal leksikale items uit Kaaps (ook genoem Kaapse Vernakulêre Afrikaans) en Oranjerivierafrkaans in die Woordelysafdeling daarvan opgeneem is. Die items uit Oranjerivierafrkaans is, soos aangetoon sal word, beduidend minder as dié uit Kaaps.

Hierdie twee Afrikaanse omgangsvariëteite is tuis te bring onder die benaming "Afrikaanse kleurvariëteite", en wel op grond van hulle assosiasie metveral Afrikaanssprekendes van kleur (Hendricks, 2012a: 48; 2011: 111; 2017: 97-98). Ook word hulle in die vakliteratuur getypeer as onder meer "Aanleerdersafrkaans" (Van Rensburg, 1997: 23 e.v.), "die Afrikavariëteite van Afrikaans" (Van Rensburg, 1992: 187) en as vorme van "die ánder Afrikaans" (Hendricks, 2011).

Die opname in *AWS 11* van leksikale items uit Kaaps en Oranjerivierafrkaans verteenwoordig 'n mylpaal in die standaardiseringsgeskiedenis van Afrikaans omdat 'n betekenisvolle statusverandering insake hierdie twee variëteite daarmee gesinjaleer word, te wete hul transformasie van histories gemarginaliseerde vorme van Afrikaans tot deelgenote aan Standaardafrkaans.

In hierdie bydrae word gemelde statusverandering vanuit die gesigspunt van Oranjerivierafrkaans in taalhistoriese perspektief geplaas en word daar besin oor 'n meer uitgebreide verrekening van Oranjerivierafrkaans in die *AWS* en die uitdagings daaromtrent.

My onderwerp borduur voort op 'n referaat met die titel "Die hervorming van Standaardafrkaans en die elfde uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*" wat ek op 11 Oktober 2017 tydens die "4^e colloquium over het Afrikaans" te Gent, België gelewer het. Ek hanteer die onderwerp as een wat in Augustus 2017 uitgetree het as lid en ondervoorsitter van die Taalkommissie van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en wat as betrokke by die totstandbring van *AWS 11* onder meer instrumenteel was ten opsigte van die teoretiese fundering van gemelde statusverandering.

Organisatories gaan ek soos volg te werke: In seksie 2 word Oranjerivierafrkaans gekenskets met die aksent op die talige aard daarvan en enkele kontekstuele aspekte daaromtrent. In seksie 3 word daar kommentariërend ingegaan op die leksikografiese bewerking van die items uit Oranjerivierafrkaans wat in *AWS 11* ingesluit is. In seksie 4 word die statusverandering insake Oranjerivierafrkaans en Kaaps in taalhistoriese perspektief geplaas en in die proses enersyds lig gewerp op waarom dié statusverandering as merker van die hervorming van Standaardafrkaans te interpreteer is en andersyds op die wegbereiding vir hierdie statusverandering. In seksie 5 word daar ingegaan op enkele uitdagings insake die verdere integrasie

in Standaardafrikaans van leksikale items uit Oranjerivieraafrikaans. In seksie 6 (die slotseksie) word daar ingegaan op die implikasies van die verbreding van die leksikale basis van Standaardafrikaans deur die aansny van leksikale items uit Oranjerivieraafrikaans en Kaaps met besondere aandag aan die moontlikheid om Standaardafrikaans as 'n drie-dimensionele entiteit te konsipieer.

2. Die talige aarden kontekstuele aspekte van Oranjerivieraafrikaans

Die benaming “Oranjerivieraafrikaans” word in navolging van Christo van Rensburg (1989, 1997) gebruik ter aanduiding van daardie regiolek, ofthewel vorm van Omgangsaafrikaans, wat lank reeds veral (dus nie uitsluitlik nie) in die ruimte suid en noord van die Oranjerivier gepraat word. Ander gangbare benamings hiervoor is onder meer Noordwestelike Afrikaans (Ponelis, 1987: 9), Khoekhoe-Afrikaans (Nienaber, 1994: 1)/Khoekhoeafrikaans (Van Rensburg, 1994: 7-8), Khoiafrikaans (Van Renburg, 1997: 25 e.v.)/Khoi-Afrikaans (Van Rensburg, 2018) en Gariepafrikaans (Hendricks, 2012a: 48; Van Heerden en Kulsen, 2017).

Aan die hand van werke waarin die variëteitsdifferensiasie van Afrikaans aangeroer word, waaronder Ponelis (1987, 1998) en Van Rensburg (1989, 1992, 1994, 1997, 2017, 2018), kan Oranjerivieraafrikaans soos volg gekenskets word:

- Oranjerivieraafrikaans is 'n relatief ou taalvorm, ofthewel historiese variëteit, wat te herlei is tot die Khoi-Khoi se pogings in die periode rondom (dus voor en sedert) die vestiging van die VOC-nedersetting aan die Kaap in 1652 om Nederlands te bemeester² en wat sedert die begin van die agtende eeu versprei het na onder meer die gebied noord en suid van die Oranjerivier en Kokstad. As historiese variëteit is Oranjerivieraafrikaans te onderskei van twee ander historiese variëteite, te wete Kaapse Afrikaans (met Kaapse Vernakulêre Afrikaans, ofthewel Kaaps, as prominente subvariëteit) en Oosgrensaafrikaans (wat, soos verderaan aangetoon sal word, as basis vir die standaardisering van Afrikaans gebruik sou word).
- Oranjerivieraafrikaans is 'n dialekbundel, dus 'n heterogene taalvorm, met onder meer Griekwa-, Richterveldse, Namakawalandse, Boesmanlandse, Rehoboth- en Riemvasmakeraafrikaans as variëteitsonderskeidinge.
- Oranjerivieraafrikaans blyk steeds 'n sterk teenwoordigheid in die Noord-Kaap te hê. Volgens die 2011-sensusstatistiese insake die gebruik van Afrikaans is 8,8% (dit is 606 225) van die ongeveer 6,9 miljoen huistaalsprekers van Afrikaans tans in die Noord-Kaap woonagtig, en word die Noord-Kaap slegs deur die Wes-Kaap en Gauteng ten opsigte van die getal huistaalsprekers van Afrikaans oortref (kyk sensustabelle 1, 4 en 5 in Hendricks, 2017: 120-123). Omdat sensussyfers oor die gebruik van Afrikaans wesenlik op Praatafrikaans lig werp (dus nie soseer op Skryfaafrikaans nie), kan 'n mens aflei dat 'n groot

aantal van die ongeveer 606 225 persone in die Noord-Kaap wat Afrikaans as hul huistaal aangedui het, sprekers van verskillende subvariëteite van Oranjerivieraafrikaans behoort te wees.

- As historiese variëteit met 'n Khoi-onderbou (Van Rensburg, 2017: 266) word Oranjerivieraafrikaans leksikaal gekenmerk deur onder meer die gebruik van verafrikaanse ontleninge uit Khoekhoens, oftewel Khoekhoegowab (Van Rensburg, 2018), wat dikwels met suigklanke uitgespreek word (kyk data by (b) en (c) in seksie 5). Trouens, dis ten opsigte van die spontane aansny van Khoekhoense ontleninge dat Oranjerivieraafrikaans van ander vorme van Omgangsaafrikaans te onderskei is. Grammatiese en uitspraakverskynsels wat met Oranjerivieraafrikaans vereenselwig word, is onder meer dié wat in addendum 1 (a en b) gepesifiseer word.

3. Die bewerking en beoordeling van leksikale items uit Oranjerivieraafrikaans in AWS 11

Soos reeds genoem, is 'n belangrike kenmerk van *AWS 11* die feit dat 'n aantal leksikale items uit twee Afrikaanse omgangsvariëteite, te wete Oranjerivieraafrikaans en Kaaps, in die Woordelyskomponent daarvan opgeneem is. Ten opsigte van Kaaps word daar in *AWS 11* voortgebou op die opname in die 2009-uitgawe van die *AWS* (*AWS 10*) van 'n beduidende aantal "hoofsaaklik geloofs- en kultuurverwante woorde van Maleise en Arabiese herkoms geneem uit die skryftaal van Moslem-Afrikaanssprekendes" (*AWS*, 2009: ix). Meer as veertig nuwe leksikale items uit Kaaps is opgeneem, waaronder dié wat in addendum 2 aangegee word. Hier teenoor het slegs sewe leksikale items uit Oranjerivieraafrikaans toegang tot *AWS 11* verkry, te wete die items *aans, groos, onbruikbaar, onlekker, sibbie/siebie, vaaldaag* en *voorstebos*. Oranjerivieraafrikaans is op 'n kleiner skaal as Kaaps verreken omdat die skriftelike neerslag van Oranjerivieraafrikaans in die aanloop tot die publikasie van *AWS 11* nog nie genoegsaam verken is nie. Die twaalfde en daaropvolgende uitgawes van die *AWS* behoort dus meer items uit Oranjerivieraafrikaans te weerspieël.

Die sewe leksikale items uit Oranjerivieraafrikaans is leksikografies soos volg in *AWS 11* bewerk:

- *aans of aanstons (binnekort)* en as *aanstons of aans (binnekort)*
- *groos (pred.) (trots)*
- *onbruikbaar, ..bare; -der, -ste*
- *onlekker*
- *sibbie of siebie (sagte reën)*
- *vaaldaag (dagbreek)*
- *voorstebos (pred.; bw.)*

Hierdie sewe items is ontrek uit onder meer Elias P. Nel se kontreikunsbundels *Iets goeds uit verneukpan?* en *Bek sonner brieke van onderskeidelik 1998 en 2011*, en Jan Huisamen se werk *Katryn: Vrou van die Richtersveld* wat in 2012 verskyn het:

- *aans*:
“Sy hoor so af en toe dat hulle na haar verwys as die ‘kondêm’ – die een vir wie daar geen hoop is nie. Die een wat aans aan die ent van ’n galgtou gaan sterf.” (Huisamen, 2012: 7)
- *groos*:
“Hoe groos sou hy nie op haar gewees het (...) nie.” (Huisamen, 2012: 92)
- *onbruikbaar*:
“Boetietjie, ken jy vir ou Arnols? ’n Onbruikbare mens as daar al ooit een gewees’it.” (Nel, 2011: 72)
- *onlekker*:
“(...) toe hy opkyk, kan sy sien hier’s nou ’n onlekker ding aan die kom.” (Huisamen 2012: 53)
- *vaaldaag*:
“Ek het eers teen vaaldaag aan die slaap geraak.” (Huisamen, 2012: 49)
- *voorstebos*:
“Môre, Katryn. Het jy goed gerus?” ‘Ja, sommer voorstebos, meneer.’” (Huisamen, 2012: 52)
- *sibbie (< xibbie)*:
“Buite val ’n xibbie-reën wat wys die Kaapse winter kom aan.” (Huisamen, 2012: 163)

Die leksikale item *aans* is in *AWS 11* ingevoer as wisselvorm van *aanstons* wat uit vorige uitgawes van die *AWS* oorgeneem is. Die item *onbruikbaar* se betekenisspesifikasie “stout”/“ondeund”/“onbeskof” ontbreek, asook *onlekker* se betekenisspesifikasie “onaangenaam”/“onsmaaklik” en *voorstebos* se betekenisspesifikasie “baie goed”/“uitstekend”. Die weglatting van hierdie betekenistoeligting sou dalk as ’n leemte aangeslaan kon word.

Oor die aansny van items uit Kaaps en Oranjerivierafrkaans in *AWS 11* is daar verskeie opmerkings te maak:

Opmerking 1

Die items uit Oranjerivierafrkaans wat in *AWS 11* opgeneem is, is nie as Oranjerivierafrkaans geëtiketteer nie. (Ingelyks is die items uit Kaaps ook nie as Kaaps geëtiketteer nie.)

Opmerking 2

Die opname in *AWS 11* van leksikale items uit Oranjerivierafrkaans (asook dié

uit Kaaps) is te verdedig op grond van die ruim beskouing van Standaardafrikaans wat deur die Taalkommissie as uitgangspunt aanvaar is. Hierdie ruim siening word in die voorwoord van *AWS 11* soos volg verwoord:

Standaardafrikaans is die dinamiese, lewende produk van kontak tussen die verskillende variëteite wat in die Afrikaanse taalgemeenskap in den brede gebruik word. Die Taalkommissie moedig daarom die ontwikkeling en gebruik van al die variëteite van Afrikaans in verskillende kontekste aan, aangesien die standaardtaalvorm juis gevoed en op die lange duur verander en gewysig word deur ontwikkelinge en aanpassing in sy onderbou. (*AWS 11*: v)

Hierdie ruim beskouing van Standaardafrikaans strook met Ponelis (1989: 11-12) se opvatting dat Standaardafrikaans “van onder (af)”, dit wil sê vanuit die omgangstaal, verander kan word ooreenkomsdig die organiese band wat tussen Standaardafrikaans en die omgangsvariëteite van Afrikaans bestaan. Ook strook dié ruim siening van Standaardafrikaans met ’n gelykevlakbenadering tot taalverskeidenheid wat ek persoonlik onderskryf – ’n benaderingswyse wat stut op die aanname dat die standaardvariëteit van ’n taal en die omgangsvariëteite waarmee dit organies verbind is, as entiteite op dieselfde vlak, dit wil sê as prinsipiell gelykwaardige kommunikasiekodes, te bestempel is (Hendricks, 2012a). So gesien, sinjaleer *AWS 11* ’n breek met die tradisionele hiërargiese benadering tot taalverskeidenheid wat vroeëre uitgawes van die *AWS* onderlê het.

Opmerking 3

Die items uit Oranjerivierafrkaans (asook dié uit Kaaps) is in *AWS 11* opgeneem ooreenkomsdig die opnamekriteria, of opnamemaatstawwe, wat in die afdeling “Werkswyse” van die Voorwerk van *AWS 11* (p. x) aangegee word (kyk addendum 3), en deur Gerhard van Huysteen bespreek word in sy artikel “Die aard, doel en omvang van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*. Deel 1” wat in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* van Junie 2017 verskyn het. Die sewe items uit Oranjerivierafrkaans rym naamlik in ’n mindere of meerdere mate soos volg met vier van die nege gestipuleerde maatstawwe vir opname:

- Die items is taalkundig korrek opgeneem in ooreenstemming met die grondbeginsels van die Afrikaanse spelling en skryfsisteem soos aangestip en toegelig op pp. xxii-xxxiii van *AWS 11*. (Maatstaf 1)
- Die items is nie regstreeks vanuit die volksmond opgeneem nie; trouens, hulle is onttrek uit letterkundige tekste as hoëfunksiepublikasietype. (Maatstaf 2)
- Drie van die sewe items uit Oranjerivierafrkaans wat in *AWS 11* verskyn, te wete *onbruikbaar*, *onlekker* en *voorstebos*, is ook opgeneem in die sesde uitgawe van *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal (HAT) 6* (’n gesaghebbende

woordeboek wat in 2015 verskyn het). (Maatstaf 3)

- Die items is verteenwoordigend van hedendaagse Afrikaans. (Maatstaf 7)

Opmerking 4

Die opname in die AWS van items uit Oranjerivieraafrikaans (en Kaaps) wil nie te kenne gee dat 'n mens dié items móét gebruik nie, maar dat jy kulle kán gebruik as jy sou wou.

4. Die nuwe status vir Oranjerivieraafrikaans (en vir Kaaps) in taalhistoriese perspektief

Soos genoem, is die aansny in *AWS 11* van leksikale items uit Oranjerivieraafrikaans (en Kaaps) taalhistories van enorme belang omdat dit 'n keerpunt in die standaardiseringsgeskiedenis van Afrikaans verteenwoordig.

Hoekom sê ek so?

Die historiese variëteit Oranjerivieraafrikaans staan, saam met die twee ander historiese variëteite, te wete Kaapse en Oosgrensaafrikaans, sentraal in Christo van Rensburg en Fritz Ponelis se rekonstruksie van die standaardiseringsgeskiedenis van Afrikaans. Volgens hierdie rekonstruksie is daar rondom die aanvang van die twintigste eeu begin om Afrikaans op die basis van Oosgrensaafrikaans, oftewel Oostelike Afrikaans, te standaardiseer. Hoewel 'n gesaghebbende soos Heinrich Grebe hierdie Oosgrenshipotese ten opsigte van die standaardisering van Afrikaans bevraagteken (Grebe, 2010), bestaan daar 'n redelike mate van konsensus dat dit die Praatafrikaans van toonaangewende wit sprekers was wat toentertyd as standaardiseringsbasis benut is. Deur die keuse van Oosgrensaafrikaans as basis vir standaardisering en as gevolg van die vervlegtheid van die standaardiseringsproses met Afrikanernasionalisme (Du Plessis, 1987; 2001: 70) is die grondslag dus van meet af gelê vir 'n blanksentriese inkleding van Standaardafrikaans. 'n Logiese uityloiesel hiervan is dat Oranjerivieraafrikaans en Kaapse Afrikaans, die twee historiese variëteite wat histories met persone van kleur geassosieer word, uitgedefinieer is en vanuit die standaardvariëteit gemarginaliseer en gestigmatiseer is (Ponelis, 1987: 18, 1998: 64-65; Hendricks, 2017: 85-86).

Hierdie blanksentriese inkleding van Standaardafrikaans is ook in verband te bring met die vroeg twintigste-eeuse vernederlandsing en/of vergermanisering van Afrikaans (Van Rensburg, 1983: 139-140), oftewel die "enting op Nederlands" van Standaardafrikaans (Ponelis, 1998: 65), as gevolg waarvan "die bestendiging van die Afrikaanse eie vorme nie voltooi kon word nie" (Van Rensburg, 1983: 139), "die ontwikkelingslyn van Afrikaans versteur" is (Van Rensburg, 1983: 40) en Standaardafrikaans betreffende "spelling en skryfwyse, leksikon en selfs grammatika" in 'n heel ander rigting as die Afrikaanse omgangstaal gegroeи het (Ponelis, 1998: 65). Dat hierdie toedrag van sake veral ook die uitdefiniëring van variante uit Kaaps

en Oranjervierafrkaans in die hand sou werk, spreek vanself.

Met die verskyning van *AWS 11* word Oranjervierafrkaans en Kaaps offisieel as geldige voedingsbronne vir Standaardafrikaans bestempel, en derhalwe bevry van die juk van gemarginaliseerdheid. Hierdie nuwe status vir Oranjervierafrkaans en Kaaps, en die verbreding van die leksikale basis van Standaardafrikaans wat daarmee saamhang, markeer weliswaar 'n belangrike wending ten opsigte van die leksikale en ortografiese normering van die Afrikaanse taal, maar meer bepaald dien dit as formele merker van 'n belangrike paradigmaskuif ten opsigte van die standaardisering van die Afrikaanse taal deurdat dit as sinjaal van die hervorming van Standaardafrikaans te interpreteer is, en wel in veral twee opsigte:

- Eerstens staan die verworwe voedingsbronstatus in die teken van 'n historiese regstelling, en wel omdat Oranjervierafrkaans en Kaaps wat lank aan marginalisering en stigmatisering onderhewig was, en dus buite die standaardvariëteit gestaan het, met die verskyning van *AWS 11* formeel toegang tot Standaardafrikaans verkry het.

Dié toetrede tot Standaardafrikaans geskied 'n eeu ná die verskyning van die eerste *AWS*. In sy artikel "Ná honderd jaar: Die Afrikaans van die eerste taalkommissie" merk Christo van Rensburg (2017: 268) in hierdie verband met reg half versugtend op:

- Vir die eerste keer, na die verloop van 'n eeu, bevestig die Voorwoord van *AWS 11* dat Afrikaans se variëteite deel het aan Standaardafrikaans, dat die Taalkommissie die ontwikkeling en gebruik daarvan aanmoedig, en dat dit op die lange duur Standaardafrikaans kan verander en wysig.
- Tweedens staan die verworwe voedingsbronstatus in die teken van die demokratisering van Afrikaans omdat die opname van items uit die kleurvariëteite van Afrikaans wil dien as teenvoeter vir die blanksentriese aard van die standaardvariëteit van Afrikaans, en daarom in diens wil staan van 'n inklusiewe standaardvariëteit – een waarmee alle gebruikers van Afrikaans hulle, taalpolities en kommunikatief, kan vereenselwig.

'n Tersaaklike vraag om te beantwoord: watter faktore het die paradigmaskuif, die nuwe status vir Oranjervierafrkaans en Kaaps, in die hand gewerk? Wat was die aanloop daartoe?

Die aansny van items in *AWS 11* uit Kaaps en Oranjervierafrkaans, en hul verwerwing van die status van voedingsbronne vir Standaardafrikaans wat daardeur geïmpliseer word, is te bejeën as die Taalkommissie se respons op verskeie appèlle waarmee hy gekonfronteer is.

In die eerste plek was die Taalkommissie genoodsaak om hom op 'n betekenisvolle wyse te begin verantwoord ten opsigte van die reeds jarelange kritiek teen die essensieel blanksentriese aard van Standaardafrikaans, oftewel die vervlegtheid daarvan met Afrikanernasionalisme (Du Plessis, 1987; 2001: 70). Ter sake in hierdie verband is onder meer die beswaar teen wat Ponelis (1999) "die Afrikanernasionalistiese witwassery van Afrikaans" genoem het en die beswaar teen die "Europeesheid van die huidige standaardvorm van Afrikaans" waarvan Van Rensburg (1992: 88) gewag gemaak het.

Ook moes die Taalkommissie begin ag slaan op die pleidooie vir 'n verandering insake Standaardafrikaans en die rigtingaanwysings oor hoe om 'n verandering te weeg te bring. 'n Mens dink in hierdie verband aan die diskouers oor "Alternatiewe Afrikaans" in die 1980's (Van Rensburg, 1997: 17-18). Christo van Rensburg (1992: 190) was ten gunste van "n nuwe, gedemokratiseerde Afrikaans" en het aangetoon dat die demokratisering van Afrikaans juis gesetel sou wees in die aanvulling van Standaardafrikaans met elemente uit Kaapse en Oranjerivierafrkaans. Gesaghebbendes het begin besin oor die moontlikheid om Afrikaans te herstandaardiseer of Standaardafrikaans te hervorm (Ponelis, 1998: 67-68; Webb, 1998, 2010; Odendaal, 2012, 2014).³ Webb (2010) het die moontlikheid om "n nuwe Standaardafrikaans" te ontwikkel en te bevorder, aangeroer. Ekselhet in vakkundige bydraes my voorkeur vir die hervorming van Standaardafrikaans geartikuleer omdat die herstandaardiseringsopsie, dit is die idee dat Afrikaans van nuuts af gestandaardiseer moet word, en wel op basis van 'n nuwe omgangsvariëteit, na my mening die inploffing van Afrikaans in die hand mag werk (Hendricks, 2011: 113; 2016: 29-30). Ook het ek my begin beywer vir die totstandbringing van 'n soepel standaardvariëteit wat organies verbind is aan die volle spektrum van omgangsvariëteite, insluitend die kleurvariëteite van Afrikaans (Hendricks, 2011: 114; 2012: 60-61; 2016: 30-31).

Sensusstatistieke insake die gebruik van Afrikaans sou ook nie langer geïgnoreer kon word nie. In die lig van gegewens soos die volgende uit die sensus van 2011 (kyk sensustabelle 1, 4 en 5 in Hendricks, 2017: 120-123) sou met reg gevra kon word waarom daar nie reeds vroeër begin is om variante uit variëteite wat histories met bruin sprekers van Afrikaans geassosieer word, op 'n betekenisvolle wyse in die standaardvariëteit van Afrikaans te verreken nie:

- Afrikaans het 6 855 082 sprekers, dit is 13,5% van die ± 50,9 miljoen persone in Suid-Afrika.
- 50,21% (dit is 3 442 164 uit 6 855 082) sprekers van Afrikaans is bruin persone.
- 39,05% (dit is 2 710 461 uit 6 855 082) sprekers van Afrikaans is wit persone.
- 75,8% (dit is 3 442 164 uit die totaal van 4 541 358) bruin persone in Suid-Afrika gebruik Afrikaans as huistaal.

- 60,8% (dit is 2 710 461 uit die totaal van 4 461 409) wit persone in Suid-Afrika gebruik Afrikaans as huistaal.
- Die Wes-Kaap en die Noord-Kaap, dit is die provinsies waarin sprekers van Kaaps en Oranjerivieraafrikaans 'n sterk teenwoordigheid het, huisves onderskeidelik die meeste en derdemeeste sprekers van Afrikaans:
 - 41,1% van die sprekers van Afrikaans (dit is 2 820 643 persone) woon in die Wes-Kaap.
 - 9,9% van die sprekers van Afrikaans (dit is 683 410 persone) woon in Gauteng.
 - 8,8% van die sprekers van Afrikaans (dit is 606 225 persone) woon in die Noord-Kaap.

Maar dis die transformasie van Oranjerivieraafrikaans en Kaaps van spreekkode tot skryfkode wat daarvoor gesorg het dat hierdie twee manifestasievorme van Afrikaans nie gesmoor sou word nie, maar eerder paraat gemaak sou word om aan die deur van Standaardafrikaans te klop. Meer spesifiek is dit die aanwending van Oranjerivieraafrikaans en Kaaps, oftewel leksikale variante daarvan, in hoëfunksiepublikasies soos letterkundige en joernalistiese tekste wat die impetus verskaf het vir die opname van items in *AWS 11* uit hierdie twee variëteite, en wel omdat die Taalkommissie leksikale items kragtens beleid nie regstreeks vanuit die volksmond in die *AWS* opteken nie, maar hoofsaaklik slegs leksikale items wat in geskrewe werke neerslag gevind het, vir opname oorweeg.⁴ Bygesê: deur die benutting van Kaaps en Oranjerivieraafrikaans as skryfkode, in veral die letterkunde en die joernalistiek, het teksskeppers nie slegs die aandag op die leksikale items kenmerkend van hierdie variëteite gevestig nie, maar ook implisiet meegewerk aan die kodifisering van hierdie twee variëteite.

Ook onlangse taalkundige en letterkundige besinninge deur onder meer myself, Hein Willemse en Anastasia de Vries oor die aanwending van Kaaps en/of Oranjerivieraafrikaans in die letterkunde en die joernalistiek en die uitwysing van die funksionele toereikendheid van die twee variëteite daaromtrent (Hendricks, 2010, 2012b, 2014, 2016, 2017b; Willemse, 2016; De Vries, 2016) was 'n sterk oorredingsfaktor vir die opname van Kaapse en Oranjerivieraafrikaanse items in *AWS 11*.

5. Uitdagings insake die verdere integrasie in die AWS van items uit Oranjerivieraafrikaans

Soos aangetoon in seksie 3, is Oranjerivieraafrikaans op 'n kleiner skaal as Kaaps in *AWS 11* verreken. Die Taalkommissie staan voor die uitdaging om hierdie agterstand uit te wis.

Op die Taalkommissie rus die verantwoordelikheid om hom te vergewis van die diverse bronne waarin leksikale items uit Oranjerivieraafrikaans verskriftelik is. My eie navorsing tot op hede en studentenavorsing wat ek tot dusver begelei het⁵, het 'n beduidende gebruik van leksikale items uit Oranjerivieraafrikaans inveral drie brontypes aan die lig gebring:

- prosatekste wat ten opsigte van milieu in die Noord-Kaap, Namibië en ander gebiede rondom die Oranjerivier gesitueer is (kyk addendum 4)
- gedokumenteerde skeppinge en uitinge van leerders waarin Afrikaans wat in Griekwastad en omgewing gebruik word, neerslag gevind het (kyk addendum 5)
- niefiktiewe werke waarin leksikale items uit Oranjerivieraafrikaans en hul betekenisonderskeidings aangestip word (kyk addendum 6)

Eersgenoemde brontype (prosatekste) blyk die vrugbaarste neerslagveld vir leksikale gebruik in Oranjerivieraafrikaans te wees. Die prosatekste wat in addendum 4 aangestip is, is 'n versameling van ouer en meer resente tekste en omsluit onder meer die volgende werke:

- Emanuel De Roubaix se werke van die 1920's, waaronder *Boesmanlandse sketse en verhale* (1926), *Uit Boesmanland – kykies in die volkslewe* (1928) en *Giel Ool en ander verhale uit die Boesmanland* (1929)
- Jan Rabie se roman *Die groot anders-maat* van 1964
- A.A.J. van Niekerk se kontrekunsbundels *Die Soutryers en ander vertellinge* (1964), *Kelkiewyn en Koggelaar* (1969) en *Bittergousblom* (1974), asook sy terugblikessay "Kliptuin in Namakwaland" van 1981
- Jan Spies se bundels vertellings *Pilatus tot Molshoop* (1977), *Poort deur die koue* (1984), *Profeet met kondensmelk* (1984) en *Pille vir servette* (1987)
- Elias P. Nel se drie kontrekunsbundels, te wete *Iets goeds uit Verneukpan?* (1998), *Mafoiling en annerlike gelofietjies* (2001) en *Bek sonner brieke* (2011)
- Verskeie kortkunstekste van Thomas Deacon wat voorheen in die joernalistiese rubriek *TYD-Rapport* gepubliseer is
- Florence Ann Filton se kortkunstekste "As die tuig skaaf" en "Mog die haan kon praat" van 2002 en "Lammetjie, jy's laat" van 2006
- Peter Strauss se kontrekunsbundels *Fluitwiel: ware lag- en liegstories uit my dōúrie wêreld* (2004), *Tussen kokerboom en kaiingklip* (2006) en *Bitterboela en soetgousblom* (2008)
- Jan Huisamen se roman *Katryn Vrou van die Richtersveld* van 2012
- Die kortkunsbundel *Namakwalandse stories* van 2015, saamgestel deur Anzil Kulsen, waarin bydraes deur F. Abrahams, M. De Klerk, E. Engelbrecht, A. Koopman, K. Meisenheimer en R. Ruiters opgeneem is

My verkenning van die drie brontipes het my op die spoor gebring van twee kategorieë leksikale items ten opsigte waarvan 'n normeringsinstansie soos die Taalkommissie hom myns insiens behoort te verantwoord, te wete leksikale items wat op die vorm af gewone Afrikaanse woorde is (soos dié by (a)) en leksikale ontleninge uit Khoekhoens (soos dié by (b), (c) en (d)). Laasgenoemde word op twee wyses verskryftelek: óf met suig-/klikklankmerkers (soos dié by (b)), óf daarsonder (soos dié by (c)). Van besondere belang is die wisselspellinge by Khoekhoeense ontleninge (soos dié by (d)) ten opsigte waarvan die Taalkommissie uitsluitsel behoort te gee.⁶ Die feit dat ek in die Noord-Kaapse dorp Calvinia gebore is, my vormingsjare daar deurgebring het en kontak met ingesetenes van die Noord-Kaap behou het, het my in staat gestel om die leksikale items by (a), (b), (c) en (d) as tiperend van Noord-Kaapse Afrikaans, oftewel Oranjerivieraafrikaans, te kon eien.

(a) *Gewone Afrikaanse leksikale items in Oranjerivieraafrikaans:*

- *afsterwe* (ww.) {sterf} (Strauss, 2003: 35); (Strauss, 2006: 122)
- *agterdeursuiper* (i.p.v) (s.nw.) {agterbakse mens; iemand wat op 'n ander se ongerief teer; 'n parasiet} (Strauss, 2003: 118); (Huisamen, 2012: 70)
- *agtermiddag/agtermarrag* (bw.; s.nw.) {namiddag} (De Roubaix, 1930: 71); (Strauss, 2006: 136); (Sarrisam, 2008: 125); (Nel, 2011: 12)
- *amalee/ammelie* (bw; vervorming van almelewe) {steeds; altyd; gedurigdeur; daardie tyd} (Van Niekerk, A.A.J., 1969: 103); (Engels, 2005: 69)
- *armgat* (adj.) {arm} (Huisamen, 2012: 46)
- *asbek* (s.nw.) {donkie} (De Roubaix, 1930: 153)
- *askoek* (s.nw.) {'n soort dans} (Engels, 2005: 55)
- *askoek(ie)* (s.nw.) {koek/broodjie in warm as gebak} (De Roubaix, 1930: 202); (Engels, 2005: 69); (Strauss, 2006: 73)
- *barsjop* (s.nw.) {'n harde, moeilike taak} (Sarrisam, 2008: 157)
- *bekwaambaar* (adj.) {geslagsryp} (Engelbrecht in Kulsen, 2015: 36)
- *bietjiesbaard* (s.nw.) {kort, yl baard} (Strauss, 2003: 136)
- *bobbejaanjongkêrel* (< *bojaanjongtjêrel*) (s.nw.) { tienerseun} (Nel, 2001: 74)
- *bobbejaanjongmeisie* (< *bojaanjongmeisie*) (s.nw.) {tienermeisie} (Nel, 2001: 74)
- *bobbejaanpad* (s.nw.) {baie steil pad} (Sarrisam, 2008: 155)
- *bondelbek* (adj.) {sonder tandे} (Hager, s.a.b: 21)
- *deeske* (aanw. vnw.) {hierdie} (Strauss, 2003: 115); (Strauss, 2006: 13)
- *diekie* (s.nw.) {bagasiebak} (Strauss, 2006: 93)
- *dielike* (adj.) {derglike; soortgelyke} (Strauss, 2003: 6); (Strauss, 2006:

- 99); (Nel, 2011: 40)
- *dik* (adj.) {swanger} (Hager, s.a.a: 42); (Hager, s.a.b: 19)
 - *douspoor* (bw.) {vroegoggend} (Strauss, 2003: 71); (Strauss, 2006: 112); (Huisamen, 2012: 50)
 - *draad(ge)kruip* (ww.) {oortree} (Huisamen, 2012: 149)
 - *dreungat* adj.) {windmakerig; spoggerig} (Strauss, 2003: 87)
 - *dreunlyf* (adj.) {vererg; kwaad} (Huisamen, 2012: 18, 169)
 - *droëpram/dro-pram* (s.nw.) {jongste kind; laatlam} (Nel, 1998: 59); (Hager, s.a.b: 15)
 - *ekskemeer* (ww.) {met agting/eerbied behandel} (Engelbrecht in Kulsen, 2015: 29)
 - *ewemens* (s.nw.) {medemens} (De Roubaix, 1930: 108)
 - *ewenaaste* (s.nw.) {medemens; naaste} (Engels, 2005: 36; 50)
 - *fluitwiel* (adj.) {baie goed; voor die wind} (Strauss, 2003: 87)
 - *gorra* (s.nw.) {vlakkerige syfergat} (De Roubaix, 1930: 173); (Engels, 2005: 55); (Nel, 2011: 8)
 - *griesel* (ww.) {irriteer; kwaad maak; ontstig} (Abrahams in Kulsen, 2015: 23)
 - *groetnis* (tw.) {groete} (De Roubaix, 1930: 18); (Garrisam, 2008: 134)
 - *grofgoed* (s.nw.) {grootvee} (De Roubaix, 1930: 24); (Huisamen, 2012: 133)
 - *grondkooi* (s.nw.) {graf} (Strauss, 2003: 27, 123); (Strauss, 2003: 123)
 - *hakke-triep* (ww.) “pootjie; laat val” (Nel, 2001: 49)
 - *hardepad* (s.nw.) {tronkstraf} (Hager, s.a.a: 45)
 - *hoopdra* (ww.) {op 'n hoop dra} (Strauss, 2006: 30, 70)
 - *hoopgooi* (ww.) {op 'n hoop gooи; jou kragte inspan; jou teesit; opskud; vinnig maak} (Strauss, 2003: 11)
 - *huiskruis (< hyskrys)* (s.nw.) {'n oorlas/laspos by jou huis} (Nel, 1998: 45)
 - *jakkalsproef* (ww.) {toegekamp met jakkalsdraad om jakkalse uit te hou} (Sarrisam, 2008: 158)
 - *jantjie* (adj.) {jaloers} (Strauss, 2003: 24, 110)
 - *kaaipastig* (adj.) {kamma} (Nel, 1998: 157); (Nel, 2001: 28, 46)
 - *kaalvoorlyf* (adj.) {kaalbolyf} (Hager, s.a.b: 20)
 - *kaia* (s.nw.) {huis; woonplek} (Sarrisam, 2008: 113, 119)
 - *kantie* (bw.) {al die tyd; tog; waarskynlik} (Hager, s.a.a: 42)
 - *karmaai* (ww.) {lol} (Meisenheimer in Kulsen, 2015: 8)
 - *karree* (ww.) {vertroetel; 'n troetelnaam gee} (Engelbrecht in Kulsen, 2015: 29)
 - *karrienaam* (s.nw.) {troetelnaam} (Huisamen, 2012: 148)
 - *ketelletjie* (ww.) {agter 'n mens aanloop} (Strauss, 2003: 114)

- *kiep(ie)* s.nw.) {hoender(tjie} (Strauss, 2003: 75)
- *kieriegeld* (s.nw.) {pensioengeld} (Strauss, 2003: 89)
- *kleinhuisie* (s.nw.) {buitetoilet} (Strauss, 2003: 33, 74)
- *klossie* (s.nw.) {buitetoilet} (s.nw.) (Nel, 2001: 58)
- *knapsontjie* (s.nw.) {skemeraand met min sonlig oor} (Strauss, 2006: 89)
- *kokaaï* (adj.) {onsmaaklik} (Nel, 1998: 58)
- *kopseer* (s.nw.) {hoofpyn} (Huisamen, 2012: 132); (Hager, s.a.a: 32)
- *kortendag* (bw.) {binnekort} (Huisamen, 2012: 8, 146); (Sarrisam, 2008: 133, 134)
- *kwaaddoen* (ww.) {seksueel verkeer} (Engelbrecht in Kulsen, 2015: 30)
- *kweperbekwaam* (adj.) {geslagsryp} (Nel, 1998: 97); (Nel, 2001: 29)
- *lafhart* (s.nw.) {laf้าard} (Huisamen, 2012: 149)
- *mame / mamme* (s.nw.) {moeder; ma; mamma} (De Roubaix, 1930: 127); (Huisamen, 2012: 52); (Engelbrecht in Kulsen, 2015: 28)
- *moraak* (< *moerak*) (ww.) {aanrand/slaan} (Nel, 1998: 3, 32)
- *naand/naant* (bw.) {naderhand; later} (Nel, 1998: 97, 103); (Strauss, 2003: 10); (Hager, s.a.a: 50); (Hager, s.a.b: 15)
- *ontskoot* (ww.) {ontgaan} (Strauss, 2003: 46)
- *oordags* (bw.) {bedags; gedurende die dag} (De Roubaix, 1930: 169); (Nel, 1998: 3)
- *opgrootmaat* (s.nw.) {'n vriend met wie mens saam grootgeword het} (Strauss, 2006: 10)
- *ou* (ww.) {gee; leen sonder om terug te verwag} (Hager, s.a.a: 7, 53); (Hager, s.a.b: 17, 23); (Van Heerden en Kulsen, 2017)
- *passede* (adj.) {verlede} (Strauss, 2006: 14, 16)
- *puts* (s.nw.) {put} (De Roubaix 1930: 33); (Strauss, 2006: 120); (Nel, 2011: 43); (Hager, s.a.a: 23, 24); (Hager, s.a.b: 23)
- *ravort* (< *ravot*) (ww.) {wild speel} (Nel, 2001: 22)
- *rewien* (ww.) {wild speel} (Nel, 2011: 30)
- *rewien en ravort* (ww.) {wild speel} (Nel, 2001: 78)
- *sabanner* (ww.) {wegjaag} (Huisamen, 2012: 58)
- *sinkplaatpad* (s.nw.) {grondpad wat al voos en vol hobbeltjies gery is} (Strauss, 2003: 55)
- *skootsvak* (s.nw.) {privaat ruimte} (Strauss, 2003: 62)
- *skuinskoeck* (s.nw.) (De Roubaix, 1930: 19); (Strauss, 2006: 90, 93)
- *skurweskof* (adj.) {kwaad; ongedurig} (Strauss 2003: 53)
- *selegasem* (s.nw.) {'n nikswerd} (Nel, 1998: 63, 105); (Nel, 2011: 55); (Huisamen, 2012: 112)
- *sleghalter* (s.nw.) {'n nikswerd} (Strauss, 2006: 104); (Huisamen, 2012: 55, 112)

- *sloopkoek* (s.nw.) {doekpoeding} (Hager, s.a.b: 21)
- *souerig* (adj.) {bang} (Strauss, 2006: 134)
- *spullekaas* (s.nw.) {klomp mense by mekaar} (Strauss, 2003: 11); (Strauss, 2006: 45)
- *staning* (s.nw.) {staanplek; uitspanplek; oornagplek in die veld met trekvee} (Van Niekerk, A.A.J., 1964: 10); (Nel, 2001: 49); (Strauss, 2003: 66); (Engels, 2005: 30)
- *storie* (ww.) {sê; iets te sê hê} (Strauss, 2003: 122)
- *suipkind* (< *suiptjint*) (s.nw.) {baba wat geborsvoed word} (Garrisam, 2008: 16)
- *tallelaai* (adj.) {heeltemal niks nie; net mooi niks nie} (Strauss, 2006: 123)
- *terwylsma* (voegwoord) {terwyl} (Nel, 1998: 34, 133)
- *tiemas* (s.nw.) {blikbeker} (Huisamen, 2012: 98)
- *tol* (ww.) {'n meisie/vrou se guns wen} (Koopman in Kulsen, 2015: 15)
- *tongskraap* (ww.) {uitvis} (Strauss, 2003: 125, 135)
- *verongeluk* (ww.) {seermaak} (Nel, 1998: 151)
- *voorhuis* (s.nw.) {voorkamer; sitkamer} (Huisamen, 2012: 58)
- *vuilskemer* (bw.) {die tydsgleuf net nadat die son gesak het, maar nog nie donker nie} (Nel, 1998: 145); (Strauss, 2003: 80); (Strauss, 2006: 162); (Sarrisam, 2008: 160); (Nel, 2011: 28)
- *winkelbakkies* (s.nw.) {skynheilige gesig} (Huisamen, 2012: 20)
- *wolfpens* (s.nw.) {dockpoeding} (Van Niekerk, A.A.J., 1964: 52)

(b) Leksikale ontleninge uit Khoekhoens met suig-/klikklankmerkers:

- *!khonskombers* (s.nw.) {lappieskombers; kombers van diervel} (De Klerk in Kulsen, 2015: 51)
- *!xhoe* (s.nw.) {mop; vuil aanpaksel aan die liggaam} (Nel, 2011: 31)
- *!xtghoerie* (adj.) {agtermekaar wees} (Nel, 1998: 183)
- *!xthie* (s.nw.) {(maanhaar)jakkals} (Nel, 1998: 167)
- *!xthoe* (s.nw.) {mop; vuil aanpaksel aan die liggaam} (Nel, 2001: 33)
- *!xthorro* (ww.) {gesels} (Nel, 1998: 174)
- *!xthouboe* (adj.) {kwaii} (Nel, 1998: 175)
- *nt!jooibos* (s.nw.) (Engels, 2005: 40)
- *nt!oenieboom* (s.nw.) (Engels, 2005: 34)

(c) Leksikale ontleninge uit Khoekhoens sonder suig-/klikklankmerkers:

- *gham(m)aghoe* (s.nw.) {kruiesoort} (De Klerk in Kulsen, 2015: 48)
- *ghobba* (s.nw.) {'n eetbare veldpant; 'n soort veldkos} (Engels, 2005: 42;

- 55); (Strauss, 2006: 9); (Strauss, 2006: 10)
- *ghoef* (adj.) {reg so; in orde} (Nel, 1998: 66)
 - *ghoung* (ww.) {(lank) kou} (Boezak, 2016: 114)
 - *ghwaraka* (s.nw.) {bymekaarmaakgoed, versamelgoedere} (Van Niekerk, A.A.J., 1975: 63)
 - *n'jabbas* (s.nw.) {soort veldkos} (Engels, 2005: 41)
 - *njatsie* (i.p.v. vryer/skelmpie) (s.nw.) (Hager, H., s.a.b: 16)
 - *ntarra* (ww.) {vertroetel; aanmoedig} (Van Heerden en Kulsen, 2017)
 - *nxa* (adj.) {goed; lekker; cool} (Van Heerden en Kulsen, 2017)
 - *t'hei* (tw.) {eina!} (Filton, 2006: 79)
 - *t'knarra* (s.nw.) {'n soort bessie} (Van Niekerk, A.A.J., 1975: 84); (Van Niekerk, A.A.J., 1981: 114)
 - *t'kwagras* (s.nw.) {soort gras} (De Roubaix, 1930: 30)
 - *tjhouboe* (adj.) {aangenaam; lekker} (Boezak, 2016: 113)
 - *xhaera* (adj.) {deurmekaar; slordig} (Boezak, 2016: 114)
 - *xhamtoe* (adj.) {sterk; nie flou nie} (Boezak, 2016: 114)
 - *xheimie* (s.nw.) {jou teenstander by 'n kêrel/meisie} (Meisenheimer in Kulsen, 2015: 66)
 - *xhoulag* (ww.) {hardop lag} (Meisenheimer in Kulsen 2015: 9); (De Klerk in Kulsen, 2015: 47)
 - *xwanna* (ww.) {vra; bedel} (Boezak, 2016: 114)

(d) Wisselspellinge by Khoekhoense ontleninge:

- *!khonskombers* (De Klerk in Kulsen, 2015: 51) x *t'ghonskombers* (Filton, 2002: 128)
(s.nw.) {lappieskombers; kombers van diervel}
- *!xhoe* (Nel, 2011: 31) x *!xthoe* (Nel, 2001: 33)
(s.nw.) {mop; vuil aanpaksel aan die liggaam}
- *!xthie* (Nel, 1998: 167) x *ghie* (Koopman in Kulsen, 2015: 13) x *xie* (Van Niekerk, 1964: 154)
(s.nw.) {(maanhaar)jakkals}
- *!xthorro* (Nel, 1998: 174) x *xhorro* (Meisenheimer in Kulsen, 2015: 64);
(Ruiters in Kulsen, 2015: 70)
(ww.) {gesels}
- *bouroe* (Van Niekerk, 1964: 127) x *bóúroe* (Van Niekerk, 1981: 114)
(s.nw.) {'n soort veldkos}
- *kammeroo* (Van Niekerk, 1964: 128) x *kámmaroo* (Van Niekerk, 1981: 114)
(s.nw.) {'n soort veldkos}
- *karro* (Van Niekerk, 1964: 175) x *karrô* (Van Niekerk, 1974: 39)

- (s.nw.) {harde, klipperige, liggekleurde (stuk) grond}
- *t'hoenie* (Filton, 2002: 137) x *xhoenieka* (Meisenheimer in Kulsen, 2015: 11)
 - (s.nw.) {elmboog}
 - *t'kômie* (Van Niekerk, 1974: 11) x *xômie* (Van Niekerk, 1964: 34)
 - (adj.) {eenvoudig; onnosel; nikswerd}
 - *tjaukind* (Sarrisam, 2008: 148, 153) x *tkaukind* (Huisamen, 2012: 182)
 - (s.nw.) {laatlam; laatgebore kind; laaste kind}
 - *tk'ytjie(s)* (Van Niekerk, 1981: 114) x *xytjie(s)* (Van Niekerk, 1964: 131)
 - (s.nw.) {'n soort veldkos}

5.1 Verantwoording ten opsigte van Afrikaanse items

Die opname in die AWS van die Afrikaanse leksikale items by (a) sal uiteraard onderhewig wees aan maatstawwe vir opname soos dié wat in die voorwerk van AWS 11 (AWS, 2017: x) aangestip is, veral maatstawwe 1, 5, 7 en 9 (kyk addendum 3). In hierdie verband die volgende opmerkings:

- Al die woorde by (a) sou vir opname oorweeg kon word op grond daarvan dat hulle in aansluiting by opnamemaatstawwe 1 en 9 te bestempel is as “taalkundig korrek [...] in ooreenstemming met die grondbeginsels van die Afrikaanse spelling- en skryfsisteem” en as “sosiaal, kultureel en polities sensitief”.
- Die volgende items by (a) sou waarskynlik slegs gekwalifiseerd op opname in die AWS aanspraak kon maak op grond daarvan dat hulle aangeslaan mag word as verouderd of verouderend en derhalwe nie voldoen aan opnamemaatstaf 7 wat inhoud dat leksikale items wat in die AWS opgeneem word, “hedendaagse Afrikaans” moet wees nie:
 - *agtermiddag* (bw.; s.nw.) {namiddag} (De Roubaix, 1930: 71); (Strauss, 2006: 136); (Sarrisam, 2008: 125); (Nel, 2011: 12)
 - *amalee/ammelie* (bw.; vervorming van almelewe) {steeds; altyd; gedurigdeur; daardie tyd} (Van Niekerk, A.A.J., 1969: 103); (Engels, 2005: 69)
 - *asbek* (s.nw.) {donkie} (De Roubaix, 1930: 153)
 - *bondelbek* (adj.) {sonder tandे} (Hager, s.a.b: 21)
 - *ewemens* (s.nw.) {medemens} (De Roubaix, 1930: 108)
 - *ewenaaste* (s.nw.) {medemens; naaste} (Engels, 2005: 36; 50)
 - *grootgoed* (s.nw.) {grootvee} (De Roubaix, 1930: 24); (Huisamen, 2012: 133)
 - *hardepad* (s.nw.) {tronkstraf} (Hager, s.a.a: 45):

- *hoopdra* (ww.) {op 'n hoop dra} (Strauss, 2006: 30, 70)
- *hoopgooi* (ww.) {op 'n hoop gooi; jou kragte inspan; jou teësit; opskud; vinnig maak} (Strauss, 2003: 11)
- *huiskruis* (< *hyskrys*) (s.nw.) {'n oorlas/laspos by jou huis) (Nel, 1998: 45)
- *jakkalsproef* (ww.) {toegekamp met jakkalsdraad om jakkalse uit te hou} (Sarrisam, 2008: 158)
- *kleinhuisie* (s.nw.) {buitetoilet} (Strauss, 2003: 33, 74)
- *klossie* (s.nw.) {buitetoilet} (s.nw.) (Nel, 2001: 58)
- *kortendag* (bw.) {binnekort} (Huisamen, 2012: 8, 146); (Sarrisam, 2008: 133, 134)
- *kwaaddoen* (ww.) {seksueel verkeer} (Engelbrecht in Kulsen, 2015: 30)
- *tiemas* (s.nw.) {blikbeker} (Huisamen, 2012: 98)
- *voorhuis* (s.nw.) {voorkamer; sitkamer} (Huisamen, 2012: 58)
- *wolfpens* (s.nw.) {doekpoeding} (Van Niekerk, A.A.J., 1964: 52)
- Leksikale items soos die volgende by (a) sou vir opname kon kwalifiseer omdat hulle in ooreenstemming met opnamemaatstawwe 5 en 7 ontrek is uit letterkundetekste as hoëfunksiepublikasietipe en waarskynlik as “unieke benoemers van konsepte” aangeslaan kan word:
 - *askoek* (s.nw.) {'n soort dans} (Engels, 2005: 55)
 - *bobbejaanpad* (s.nw.) {baie steil pad} (Sarrisam, 2008: 155)
 - *sinkplaatpad* (s.nw.) {grondpad wat al voos en vol hobbeltjies gery is} (Strauss, 2003: 55)
 - *skootsvak* (s.nw.) {privaat ruimte} (Strauss, 2003: 62)
 - *skuinskoek* (s.nw.) (De Roubaix, 1930: 19); (Strauss, 2006: 90, 93)
 - *staning* (s.nw.) {staanplek; uitspanplek; oornagplek in die veld met trekvee} (Van Niekerk, A.A.J., 1964: 10); (Nel, 2001: 49); (Strauss, 2003: 66); (Engels, 2005: 30)
 - *tallelaai* (adj.) {heeltemal niks nie; net mooi niks nie} (Strauss, 2006: 123)
 - *vuilskemer* (bw.) {die tydsgleuf net nadat die son gesak het, maar nog nie donker nie} (Nel, 1998: 145); (Strauss, 2003: 80); (Strauss, 2006: 162); (Sarrisam, 2008: 160); (Nel, 2011: 28)
 - *winkelbakkies* (s.nw.) {skynheilige gesig} (Huisamen, 2012: 20)

5.2 Verantwoording ten opsigte van Khoekhoense ontleninge

Ten opsigte van die drie gemelde verskriftelikingskategorieë by Khoekhoense ontleninge sal die Taalkommissie helderheid oor kwessies soos die volgende moet kry:

- Word leksikale ontleninge uit Khoekhoens soos dié in die voorbeelde by (b) in die AWS opgeneem met behoud van, of eerder sonder, die alveolêre,

oftewel serebrale, suig-/klikklankmerker (!), en sal die beslissing hieroor ook geld indien die Taalkommissie gekonfronteer sou word met voorbeeld van gewone woordontleninge waarin die dentale suig-/klikklankmerker (!), die laterale suig-/klikklankmerker (||) en die palatale suig-/klikklankmerker (‡) figureer?⁷

- Word die skryfwyses van Khoekhoense ontleninge soos dié by (c) ongewysig uit die geraadpleegde bronne oorgeneem of word hierdie skryfwyses, waar nodig, verafrikaans?
- Word alle wisselspellinge vir ontleninge uit Khoekhoens soos dié by (d) of slegs een daarvan in die AWS opgeneem?

Indien die Taalkommissie voorkeur sou gee aan die opname van Khoekhoense ontleninge sonder suigklankmerkers, sou hy daarmee implisiet aansluiting vind by *Die Woordeboek van die Afrikaanse taal (WAT)* se redaksionele standpunt, soos verwoord in die inleidingseksie van *WAT III*, om suigklankmerkers by voorbeeld Khoekhoense ontleninge met *gh* en *k* as beginlettters nie te spesifiseer nie – daarom die skryfwyses *ghnoe* (steenbok), *ghô* (oorskietkos), *ghoentjie* ('n soort akkedis); *koe* (pondok); *koe* ("ek weet nie"); *kouboe* ("weer warm maak"). Ook ten opsigte van 'n besluit om wisselspellinge van Khoekhoense ontleninge op te neem, sou die Taalkommissie met die *WAT* akkoord gaan. In die *WAT* word byvoorbeeld by *nei* ook die wisselspellinge *ghnei* en *knie* aangegee, by *koeroe* ook die wisselstelling *tjeroe*, by *neip* ook die wisselspellinge *gheip* en *ghie* en by *noetjie* ook die wisselstelling *neitjie*.

Maar: die normering van Afrikaans, in die besonder die normering van die leksikon van Afrikaans, is nie die uitsluitlike verantwoordelikheid van die Taalkommissie nie. Daarom behoort meganisme in plek te wees om die Taalkommissie te ondersteun betreffende die verrekening van Oranjerivierafrkaans, Kaaps en ander omgangsvariëteite.

5.3 Ondersteuning vir die verdere verrekening van Oranjerivierafrkaans in die AWS

Myne insiens is dit veral hoëfunksiepublikasies (waaronder letterkundige en journalistiese publikasies) en die Afrikaanse taalkunde wat 'n sterk ondersteuningsrol te speel het ten opsigte van die verdere verrekening van Oranjerivierafrkaans in die AWS.

Tot skeppers van letterkundetekste in die besonder (dit is veral prosaïste maar ook digters en dramaturge) gaan daar 'n appèl uit om teen 'n hoër tempo as tot nou toe woordkunswerke van gehalte te skep waarin Oranjerivierafrkaans ondervang word – en wel in die besef dat die benutting van Oranjerivierafrkaans as literêre

kode nie meer, soos vroeër, die uitdaging van Standaardafrikaans as mede-oogmerk het nie (kyk Hendricks, 2017: 101), maar eerder in diens behoort te staan van die verdere uitbouing van Standaardafrikaans waarin Oranjerivierafrkaans (naas Kaaps en ander omgangsvariëteite) in groter diepte verreken word.

Maar woordkunstenaars word ook opgeroep om Oranjerivierafrkaans in samehang met die implementering van diverse literêre strategieë, outentiek te ondervang. Werklikheidsgtoue ondervanging in letterkundetekste van leksikale items uit Oranjerivierafrkaans (verkieslik deur oueurs met 'n ervaringskennis daarvan) behoort 'n taalnormeringsliggaam soos die Taalkommissie te assisteer ten opsigte van die uitbreiding van die relatief klein aantal woorditems wat tot dusver in die AWS neerslag gevind het. Meganismes wat behoort te verseker dat die ondervanging van Afrikaanse en Khoekhoense items uit Oranjerivierafrkaans in letterkundige tekste as outentiek beoordeel word, is onder meer die volgende:

- die aansny van 'n bepaalde leksikale item deur meer as een oueur, soos in die geval van die items *agterdeursuiper* ("agterbakse mens"), *agtermiddag* ("namiddag"), *dielike* ("derglike"), *droëpram/dro-pram* ("jongste kind"), *ghobba* ("n eetbare veldpant"), *gorra* ("vlakkerige syfergat"), *grofgoed* ("grootvee"), *kortendag* ("binnekort"), *naand/naant* ("naderhand"), *ou* ("gee"; "leen sonder om terug te verwag"), *puts* ("put"), *skuinskoek*, *slegasem* ("nikswerd"), *sleghalter* ("nikswerd"), *staning* ("uitspanplek"), *vuilskemer* en *xhoulag* ("hardop lag") by (a) en (c);
- die insluiting van glossaria agter in letterkundige publikasies soos in Huisamen (2012) en Kulsen (2015); en
- die invleg in tekste van taalkundige kommentaar oor leksikale items wat aangesny word, byvoorbeeld A.A.J. van Niekerk se kommentaar van taalkundige aard insake die uitspraak van Khoekhoense benaminge vir veldkosse wat hy in sy teks "Kliptuin in Namakwaland" verskaf: "Dis kammeroo – en nou spreek ek hierdie veldkosse se name uit soos ons dit in ons kinderdeae uitgespreek het – kámmeroo, bóúroe, tk'ytjies, (...), ouroená, t'kok't'wa, (...)." (Van Niekerk, A.A.J., 1981: 113-114).

Die gedrukte media, veral hoofstroom Afrikaanse koerante, sou veral 'n bewusmakingsrol kon speel, en wel deur die gereelde plasing van bydraes van 'n taalkundige of letterkundige aard waarin Oranjerivierafrkaans, of aspekte daarvan, belig word asook deur die inruim van rubriekte waarin Oranjerivierafrkaans as skryfkode aangewend word.⁸

Ook die Afrikaanse taalkunde behoort in diens te staan van die hervorming van Standaardafrikaans. Persoonlik is ek daarvan oortuig dat, wat taalbeskrywing betref, daar met ywer gewerk moet word aan die ontwikkeling en verfyning van

'n vierdimensionele taalbeskrywingsmodel, dit is 'n model wat, ten opsigte van benaderingwyse, tegelykertyd kontekstueel/pragmaties, polilekties, egalitêr en panchronies is, om stukrag aan die hervorming van die standaardvariëteit te gee. Hierdie benadering wat ek voorstaan, is:

- **kontekstueel/pragmaties** omdat daar uitgegaan word van 'n dialektiese verband, oftewel 'n verband van wedersydse betreklikheid, tussen die vorm, funksie en konteks van taal;
- **polilekties** omdat dit erkenning gee aan die heterogene aard van taal en daarvoorvoorsieningmaak dat die standaardvariëteite en die omgangsvariëteite van 'n taal (soos Afrikaans) binne een beskrywingsraamwerk betrek word – 'n raamwerk waarbinne die tradisionele onderskeid tussen hoofstroom- en toegepaste taalkunde toenemend verklein word;
- **egalitêr** omdat daar uitgegaan word van 'n gelykevlakbenadering tot taalverskeidenheid as gevolg waarvan die standaardvariëteit en die omgangsvariëteite talig en kommunikatief as gelykwaardig beskou word; en
- **panchronies** omdat dit eietydse patroonmatighede met vroeë taallae in verband bring.

Taalkundige studies binne die raamwerk van hierdie model behoort nie slegs gemik te wees op die opspoor en beskrywing van die leksikale merkers van Oranjerivieraafrikaans (en ander omgangsvariëteite) nie, maar ook op 'n peiling van die empiriese kontroleerbaarheid, oftewel outentisiteit, van leksikale items uit omgangsvariëteite wat in literêre tekste ondervang is. Die outentisiteit van sodanige literêr geïntegreerde leksikale items sou getoets kon word deur te kontroleer in watter mate hulle met die bevindinge van afgehandelde empiriese ondersoeke strook. My artikels oor die verrekening van omgangsvariëteite in die literêre skeppinge van S.V. Petersen, Adam Small en Elias P. Nel (kyk Hendricks, 2010, 2012b en 2014) kan as voorbeeld van sodanige studies voorgehou word. Literêr-geïntegreerde leksikale items uit omgangsvariëteite wat empiries gekontroleer is, behoort met groter oortuiging in die AWS opgeneem te word. Voorts behoort die egalitêre dimensie van hierdie taalkundemodel die stigmatisering van Oranjerivieraafrikaans (en ander omgangsvariëteite) en die skeptisme wat mag opduik oor die opname in die AWS van leksikale items uit hierdie kleurvariëteite, teen te werk.

6. Slot

Die narratief insake Oranjerivieraafrikaans (en Kaaps) wat in hierdie aanbieding ontvou het, is 'n narratief van verwonding maar ook 'n narratief van triomf, dus van

'n verblydende toetrede tot Standaardafrikaans. Ook is dit 'n narratief van hoop op 'n beter môre omdat die legitimering van die inspeel van Oranjerivierafrkaans en Kaaps op die standaardvariëteit van Afrikaans implisiet erkenning gee aan die menswaardigheid van alle sprekers van Afrikaans.

Met inagneming van die feit dat *AWS 11* drie en twintig jaar ná die formele beëindiging van die apartheidregime verskyn het, sou 'n mens tereg kon vra: Het die toedig van 'n nuwe status vir die kleurvariëteite van Afrikaans (Kaaps en Oranjerivierafrkaans) wat met die verskyning van *AWS 11* gesinjaleer is, te laat gekom? Ek persoonlik reken nie so nie. Dis dalk 'n geval van: liewer net-net betyds as nooit nie! Tog wonder ek: Wat sou die impak van hierdie statusverandering wees indien dit vroeër in werking getree het, byvoorbeeld in die uitloop van die apartheidregime toe daar sterk pleidooie was vir 'n verandering omtrent die standaardvariëteit van Afrikaans?

Maar *AWS 11*, spesifiek die sanksionering van die verbreding van die leksikale basis van Standaardafrikaans deur die opname van leksikale items uit Kaaps en Oranjerivierafrkaans wat daarin tot uitdrukking kom, het ook implikasies vir die pad vorentoe ten opsigte van die standaardisering van Afrikaans.

'n Eerste implikasie is dat die toedig van standaardtaalstatus aan leksikale items uit Oranjerivierafrkaans en Kaaps die weg baan vir grammatisiese asook uitspraakvariante uit hierdie twee variëteite om taalgebruiksmatig toegang tot Standaardafrikaans te verkry. Taalnormeerders sou dit byvoorbeeld kon oorweeg om die gebruik in formele tekste van grammatisiese verskynsels uit Oranjerivierafrkaans soos dié wat in addendum 1 gelys word, te sanksioneer. Die oordeelkundige gebruik in formele tekste van die volgende grammatisiese verskynsels uit Oranjerivierafrkaans sou dalk deur menigeen as aanneemlik beoordeel word:

- Gebruik van *goed* (naas *hulle*) as kollektifaanduider:
 - *Pa-goed* moet tog versigtig ry.
 - *Ou Jan Gertsegoed* woon al jare lank in Brandvlei.
- Substantiwiese gebruik van voornaamwoorde:
 - Ons gesin is blommeliefhebbers: Ma hou van *hieries* (hierdie blomme), Pa van *daries* (daardie blomme) en my susters slegs van *partys* (party blomme).
- Die gebruik van *se* gekombineer met 'n besitlike voornaamwoord:
 - Iemand het by *hulle se* huis ingebreek.
 - *Julle se* eie mense het *julle* uitverkoop.

'n Tweede implikasie is dat ons dalk op die drumpel staan van die herbedinking van Standaardafrikaans – van 'n nuwe konsepsie daarvan. Na aanleiding van die opname in *AWS 11* van items uit Oranjerivierafrkaans en Kaaps sou

gevra kon word: Het die Taalkommissie met die erkenning en benutting van Oranjerivieraafrikaans en Kaaps as geldige voedingsbronne vir Standaardaafrikaans dalk implisiet erkenning begin gee aan drie dimensies van Standaardaafrikaans wat met die drie historiese dialekte van Afrikaans te verbind is? Dus: sou 'n mens naas die erkenning van 'n dimensie van Standaardaafrikaans wat geborduur is op die stramien van Oosgrensaafrikaans (dit is essensieel die huidige toedrag van sake), ook erkenning kon gee aan twee addisionele dimensies van Standaardaafrikaans – een geborduur op die stramien van Kaapse Afrikaans en een geborduur op die stramien van Oranjerivieraafrikaans?⁹ Hierdie vraag is dalk in die lig van Marijke van der Wal (2010: 11) se opmerking teen die agtergrond van die groeiende belangstelling in taalvariasie wêreldwyd en in die veranderinge ten opsigte van standaardtale nie te vergesog nie:

During the last decades of the twentieth century, research on standardisation processes focussed mainly on the development from dialect diversity towards linguistic uniformity. Today, a change of perspective has led to a renewed interest in linguistic variation and to a sociohistorical approach of the language history from below. *These developments have given the issue of variation and standardisation high priority and have called for renewed attention to the continuously changing standard, with an eye especially to Dutch and Afrikaans.* (My kursivering.)

Die talige genuanseerdheid en onderskeidende aard van Oranjerivieraafrikaans en Kaaps, soos weerspieël in literêre en mediatekste wat ek reeds gefynkam het en die verweefheid van hierdie twee talige manifestasies met kulturele inhoud wat meer bepaald met persone van kleur in verband staan, beweeg my daartoe om bevestigend op hierdie vraag te wil antwoord. Daar sou in hierdie verband gevra kon word: As daar ten opsigte van Engels 'n Britse, Amerikaanse en Suid-Afrikaanse Standaardengels te onderskei is, hoekom sou die erkenning van 'n drie-dimensionele Standaardaafrikaans nie moontlik wees nie?

Die erkenning en uitbou van drie dimensies van Standaardaafrikaans geborduur op die stramien van die drie historiese variëteite van Afrikaans is dalk net wat nodig is om die problematiek insake die identifisering van 'n beduidende aantal Afrikaanssprekendes met Standaardaafrikaans in sy huidige vorm die hoof te bied. Hierdie konsepsie sal dalk daarvoor sorg dat ons bedinking van en gesprekvoering oor die standaardisering van Afrikaans nuwe momentum kry.

Bronnelys

- Boezak, Willa.** 2016. Die Khoi-San as Afrikaanse gemeenskap – gister, vandag, môre. In: Carstens, W.A.M. en Le Cordeur, Michael (reds.). *Ons kom van vîr: Bydraes oor bruin Afrikaansspeakendes se rol in die ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Naledi. pp. 112-128.
- De Vries, Anastasia.** 2016. Kaaps in koerante. In: Hendricks, Frank en Dyers, Charllyn (reds.). *Kaaps in fokus*. Stellenbosch: Sun Media. pp. 123-135.
- Du Plessis, Hans.** 1987. Die Afrikaner en Afrikaans. In: Du Plessis, H. en Du Plessis, T. (reds.) *Afrikaans en Taalpolitiek: 15 opstelle*. Pretoria: HAUM. pp. 211-218.
- Du Plessis, Hans.** 2001. Die ontwikkeling van die Afrikaanse variasietaalkunde. In: Carstens, A. en Grebe, H. (reds.). *Taallandskap: Huldigingsbundel vir Christo van Rensburg*. Pretoria: Van Schaik. pp. 69-80.
- Fourie, JJ. en Du Plessis, H.** 1987. Aspekte van die Afrikaans van Riemvasmakers. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 5(2): 46-60.
- Grebe, H.** 2010. Die Oosgrenshipotese as geografiese en teoretiese konstruk. *LitNet Akademies*, 7(3): 195-211.
- Hager, Hetta** (Uitgewer/samesteller). s.a. *Afrikaanse kloek-goed*. (Gedruk deur ProPrint, Kimberley).
- Hager, Hetta** (Uitgewer/samesteller/verspreider). s.a. *Kloekgoed Twee*. (Gedruk deur ProPrint, Kimberley).
- Hendricks, Frank.** 2010. Op die taalspore van S.V. Petersen: 'n blik op sy verrekening van taaldiversiteit. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 17(2): 21-37.
- Hendricks, Frank.** 2011. Hoe gemaak met die ánder Afrikaans? *Pomp*, 12: 111-114.
- Hendricks, Frank.** 2012a. Die potensiële nut van 'n gelykevlakperspektief op die variëteite van Afrikaans. In: Prah, Kwesi Kwaa (red.). *Veelkantiger Afrikaans: Streeksvariëteite in die standaardvorming*. CASAS Book Series no. 88: 44-63.
- Hendricks, Frank.** 2012b. Om die miskende te laat ken - 'n blik op Adam Small se literêre verrekening van Kaaps. *Tydskrif vir Letterkunde*, 49 (1): 95-114.
- Hendricks, Frank.** 2014. Die verrekening van taalvariasiie in die prosawerk van Elias P. Nel. *LitNet Akademies* 11(2). <http://www.litnet.co.za/Article/die-verrekening-van-taalvariasiie-in-die-prosawerk-van-elias-p-nel>. (Datum van gebruik: 7 Oktober 2019)
- Hendricks, Frank.** 2016. Die aard en konteks van Kaaps: 'n hedendaagse, verlede tydse en toekomsperspektief. In: Hendricks, Frank en Dyers, Charllyn (reds.). *Kaaps in fokus*. Stellenbosch: Sun Media. pp. 1-36.
- Hendricks, Frank.** 2017a. *Taalkundige essays – 'n gerf uit die vroegskemer*. Stellenbosch: Sun Press.

- Hendricks, Frank.** 2017b. Die vestiging van Afrikaanse variëteite. In: Hendricks, Frank. 2017. *Taalkundige essays – ’n gerf uit die vroegskemer*. Stellenbosch: Sun Press. pp. 97-111.
- Luther, Jana, Pheiffer, Fred en Gouws, Rufus H. (reds.).** 2015. *HAT. Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Sesde uitgawe. Kaapstad: Pearson.
- Nienaber, G.S.** 1994. Khoekhoe en Afrikaans in gesprek. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, Supplement 21.
- Odendaal, G.** 2012. Restandardisation defined as democratising language planning. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 42: 183-203.
- Odendaal, G.** 2014. Moet Afrikaans geherstandaardiseer word? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54 (4): 656-674, Des.
- Ponelis, F.A.** 1987. Die eenheid van die Afrikaanse taalgemeenskap. In: Du Plessis, Hans en Du Plessis, Theo (reds.). 1987. *Afrikaans en Taalpolitiek: 15 opstelle*. Pretoria: HAUM.
- Ponelis, F.A.** 1989. Die aard en die bestudering van die Afrikaanse taal. In: Botha, T.J.R. (red.). *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. Tweede, hersiene uitgawe*. Pretoria: Academica. pp. 9-37.
- Ponelis, F.A.** 1998. *Standaardafrikaans en die Afrikaanse Taalfamilie*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. Annale 98(1): 1-80.
- Ponelis, F.A.** 1999. Hesseling: ’n Eeu later. *Literator*, 20(1): 1-13.
- Taalkommissie (van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns).** 2009. *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*. (Tiende, omvattende herbewerkte uitgawe). Kaapstad: Pharos.
- Taalkommissie (van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns).** 2017. *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*. (Elfde, verbeterde en omvattend herbewerkte uitgawe). Kaapstad: Pharos.
- Van der Wal, Marijke en Francken, Eep (reds.).** 2010. *Standaardtalen in beweging*. Amsterdam: Stichting Neerlandistiek VU.
- Van der Wal, Marijke.** 2010. Standaardtalen in beweging. Standaardisatie en destandaardisatie in Nederland, Vlaanderen en Zuid-Afrika. In: Van der Wal, Marijke en Francken, Eep (reds.). *Standaardtalen in beweging*. Amsterdam: Stichting Neerlandistiek VU. pp. 11-26.
- Van Heerden, Menán en Kulsen, Anzil.** 2017. Oranjerivierafrkaans is nxal: ’n onderhoud met Anzil Kulsen. LitNet. <https://www.litnet.co.za/oranjerivierafrkaans-nxa-n-onderhoud-met-anzil-kulsen/>. (Datum van gebruik: 7 Oktober 2019)
- Van Huysteen, G.B.** 2017. Die aard, doel en omvang van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*. Deel 1. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57 (2-1): 323-345.
- Van Rensburg, Christo (red.).** 1997. *Afrikaans in Afrika*. Pretoria: Van Schaik.
- Van Rensburg, Christo (red.).** 1998. Oor skakelwerkwoorde. In: Gouws,

- Rufus en Feinauer, Ilse (samest.). *Sintaksis op die voorgrond*. Pretoria: Van Schaik. pp. 164-172.
- Van Rensburg, Christo.** 1992. Die demokratisering van Afrikaans. In: Webb, V.N. (red.). 1992. *Afrikaans ná Apartheid*. Pretoria: Van Schaik. pp. 181-197.
- Van Rensburg, Christo.** 1994. Van Khoekhoens, Afrikaans en prof. Gawie Nienaber. In: Nienaber, G.S. 1994. Khoekhoe en Afrikaans in gesprek. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, Supplement 21.
- Van Rensburg, Christo.** 2017. Ná honderd jaar: die Afrikaans van die eerste taalkommissie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2-1): 249-270.
- Van Rensburg, Christo.** 2018. Die Khoekhoegowab-tale en Afrikaans. LitNet. <https://www.litnet.co.za/die-khoekhoegowab-tale-en-afrikaans/> (Datum van gebruik: 7 Oktober 2019)
- Van Rensburg, M.C.J.** 1983. Inleiding: die bestudering van taalvariante. In: Claassen, G.N. en Van Rensburg, M.C.J. 1983. *Taalverskeidenheid: 'n blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria: Academica. pp. 7-25.
- Van Rensburg, M.C.J.** 1989. Soorte Afrikaans. In: Botha, T.J.R. (red.). 1989. *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*. Tweede, hersiene uitgawe. Pretoria: Academica. pp. 436-467.
- Van Schalkwyk, D.J.** 1983. Fonetiese taalgebruik in die taal van die Rehoboth-Basters. D.Litt.-proefskrif, Randse Afrikaanse Universiteit.
- Webb, Victor.** 1998. Herstandaardisering en sintaktiese diversiteit. In: Gouws, Rufus en Feinauer, Ilse (samest.). *Sintaksis op die Voortgrond*. Pretoria: Van Schaik. pp. 183-192.
- Webb, Victor.** 2010. Standaardafrikaans: 'n vurk in die pad? 'n Taalpolitieke perspektief. In: Van der Wal, Marijke en Francken, Eep (reds.). *Standaardtalen in beweging*. Amsterdam: Stichting Neerlandistiek VU. pp. 193-215.
- Willemse, Hein.** 2016. Soppangheid vir Kaaps: mag, kreolisering en Kaapse Afrikaans. In: Hendricks, Frank en Dyers, Charlyn (reds.). *Kaaps in fokus*. Stellenbosch: Sun Media. pp. 71-82.
- Wissing, Daan (red.).** 1994. Khoekhoe en Afrikaans in gesprek: G.S. Nienaber. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, Supplement 21.

Addenda

Addendum 1: Die talige kenmerke van Oranjerivieraafrikaans

(a) Grammatiese kenmerke van Oranjerivieraafrikaans

- Gebruik van *goed* as kollektiefandauder:
 - Pa-goed, gabruikgoed, moutergoed, meneergoed, ou Jan Karelgoed-hulle
- Frekwente gebruik van verkleinwoorde (veral in Richtersveldafrikaans):
 - Soortnaamwoorde: hekkietjie, vissietjie, plekkietjie, neusgaatjietjie, huisietjie
 - Massanaamwoorde: meeletjies, kapokkie, watertjie
 - Voornaamwoorde: julletjies, hierietjie, daarrietjie
- Nominalisering/substantivering van werkwoorde (veral met *-ing*):
 - *bieswaring* (beswaar), *bestaning* (bestaan), (hulle se) *lyking* (< Hulle lyk eenders)
- Substantiwiese gebruik van voornaamwoorde:
 - *hieries* (hierdie klippe), *daries* (daardie klippe), *partys* (party klippe)
- Die gebruik van *se* gekombineer met 'n besitlike vnv. en ander uitdrukings:
 - *hulle se grond*, *ons se kinners*, *julle se eie mense*, *hy se naam*
 - (spog met) *sy se kinders*; (aan) *vuil se kant*, (nou) *later se jare*
- Die gebruik van die vnv. *hy* as anafoor vir naamwoordstukke met vroulike referente:
 - Naomi sê vir Rut *hy* moet terugdraai, want *hy's* mos nie 'n Israeliet nie.
- Nie nadruklike onderwerpshervatting deur middel van voornaamwoorde:
 - *Eva hy's* mos van rievietjie (ribbetjie) gemaak. / *Hanna hy't* nie kinders nie.
- Die herhaaldelike gebruik van die skakelwerkwoorde *loop*, *lē*, *sit* en *staan* sonder die bindpartikel *en*:
 - Hy *sit* kyk. / Hy *lē* slaap. / Ek wil liewers by die huis *loop* gelê het.
- Die gebruik van *met ... saam /saam met*:
 - Hy ruil die koei *saam met* my vir 'n honderd rand. / Sy maak tee *saam met* kookwater.
- Regularisering van werkwoordstelsel/opheffing van ablaut:
 - Dis wat hy *wil gehet het*. (in plaas van 'Dis wat hy wou gehad het.')
- Die herhaaldelike gebruik van die skakelwerkwoorde *loop*, *lē*, *sit* en *staan* sonder die bindpartikel *en*:
 - Hy *sit* kyk. / Hy *lē* slaap. / Ek wil liewers by die huis *loop* gelê het.
 - Hy *sit* kyk. / Hy *lē* slaap. / Ek wil liewers by die huis *loop* gelê het.

(b) Uitspraakverskynsels in Oranjerivieraafrikaans:

- Verkorting van lang vokale: *lop* (< loop), *dot* (< dood), *Jotte* (< Jode), *sam* (< saam)
- Verlenging van lang vokale: *slaang* (< slang), *aantwoord* (< antwoord), *niemaand* (< niemand)
- Vokaalwysiging:
 - /ə/ > /a/: honerag, ravier
 - /œ/ > eu /ɸ/: skuldig > skeuldig, rug > reug
 - /ɔey/ > /y/: suig > suug, huis > huus, uit > uut, tuin > tuun
 - /e:u/ > /œu/: skreeu > skrou
 - /ə/ > /e/: stil > steel, niks > neeks, sit > seet, gesig > gaseeg
- Konsonantwysiging:
 - Palatalisatie: geld > *gjeld*, kerk > *kjerk*, kind > *kjint*, *kjent*
 - Assibilasie (/b/ > /v/): soebat > *soewat*, ribbetjie > *rivietjie*

Addendum 2: Voorbeeld van nuwe items uit Kaaps in AWS 11

- **Nuwe leksikale items wat as “Islams” geëtiketteer is:**
 - athaan (*Islams*) (oproep tot gebed)
 - fatoer (*Islams*) (maaltyd om vas te breek), -s
 - fikh (*Islams*) (pligteleer)
 - motjie (*Islams*) (eggenote/bejaarde vrou), -s
 - sjaria of sjari'a (*Islams*) (regskode)
 - slamat (*tw.*) (*Islams*) (- met jou verjaarsdag)
 - soehoer (*Islams*) (*SAhoer nuttig*), ge-
 - Eid-ul-fitr (*Islams*) (feesdag)
- **Leksikale items wat met die Kaaps-Maleise kookkuns in verband staan:**
 - boeber (soort nagereg)
 - breyani of brijani (soort gereg), -s
[Ook aangegee as: brijani of breyani (soort gereg), -s]
 - dhaltjie (soort gereg), -s
 - mittedjale (speserymengsel)
- **Algemeengebruiklike leksikale items in Kaaps:**
 - afbene (*platsak*)
 - awê of aweh (*tw.*)
 - berk (*kêrel*), -s
 - entjie (*laaste deel van 'n sigaret*), -s

- ghoemahare (*spookasem*)
- habba (*niks*)
- kwaailappies (*pred.; tw.*)
- mol (*vorentoe stoei in skare*), ge-
- papgeld (*onderhouds geld*)
- pel, -le
- sterkgevreet (*b.nw.*), -
- sterkgevreet (*bw.*)
- tietie *of* titte, -s, *of* tit, -te (*oudste suster*)
- titte *of* tietie, -s, *of* tit, -te (*oudste suster*)

• **Leksikale items wat met die Kaapse skadulewe in verband staan:**

- dikding (*bendeleier*), -e
- gangster (*lid van 'n kriminele bende*), -s
- gatta (*polisiebeampte*), -s
- mang (*die tronk*)
- mang (*in die tronk vertoeft*), ge-
- piemp (*verklik*), ge-
- Sabela (*geheime taal*)
- sabela, ge-
- tik (*soort dwelm*)
- tik, ge-
- tjoeft (*die dwelm tik gebruik*), ge-
- tjoeft (*soort dwelm*)
- zol, -le

• **Leksikale items wat Kaaps met Flaaitaal/Tsotsitaal in gemeen het:**

- bra (*vriend*), -s *of* -sse
- mahala
- skanghagha (*in die haak*)
- tjom, -me, *of* tjomma *of* tjommie, -s

Addendum 3: Die 9 maatstawwe vir die opname van 'n woord in die AWS (AWS 2017:x)

- Maatstaf 1: 'n Woord wat in die WOORDELYS van die AWS opgeneem word, moet taalkundig korrek wees in ooreenstemming met die grondbeginsels van die Afrikaanse spelling- en skryfsisteem.
- Maatstaf 2: 'n Woord wat in die WOORDELYS van die AWS opgeneem word, moet met 'n relatiewe hoë frekwensie in 'n verskeidenheid

- hoëfunksiepublikasies voorkom.
- Maatstaf 3: 'n Woord wat in die WOORDELYS van die AWS opgeneem word, moet opgeneem wees in ander gesaghebbende woordeboeke of taalkundige bronne.
- Maatstaf 4: 'n Woord wat in die WOORDELYS van die AWS opgeneem word, moet moontlik spelling- of skryfprobleme vir gebuikers inhou.
- Maatstaf 5: Die erkenning van 'n woord wat in die WOORDELYS van die AWS opgeneem word as deel van Standaardafrikaans, is nodig, veral ook met betrekking tot woorde of frases wat unieke benoemers van (nuwe) konsepte is.
- Maatstaf 6: Opname van 'n woord in die WOORDELYS van die AWS is wenslik ter wille van paradigmatische volledigheid.
- Maatstaf 7: 'n Woord wat in die WOORDELYS van die AWS opgeneem word, moet hedendaagse Afrikaans wees of waarskynlik kan voorkom in hoëfunksiepublikasies wat (nog) deur die huidige geslag Afrikaanssprekendes gelees en gebruik word.
- Maatstaf 8: 'n Woord wat in die WOORDELYS van die AWS opgeneem word, moet, in die lig van die gebruik van standaardtaal vir hoër funksies, die geskrewe gebruik deur die Afrikaanse taalgemeenskap in sulke funksies weerspieël.
- Maatstaf 9: 'n Woord wat in die WOORDELYS van die AWS opgeneem word, moet sosiaal, kultureel en polities sensitief wees.

Addendum 4: Prosatekste met die Noord-Kaap en ander streke rondom die Oranjerivier as milieу

- Abrahams, F.** 2015. Tinktinkievlei. In: Kulsen, A. (samest.). 2015. *Namakwalandse Stories*. Pretoria: LAPA Uitgewers. pp. 21-27.
- De Klerk, M.** 2015. Oppie Stoep. In: Kulsen, A. (samest.). 2015. *Namakwalandse Stories*. Pretoria: LAPA Uitgewers. pp. 47-53.
- De Roubaix, E.** 1926. *Boesmanlandse sketse en verhale*. Pretoria: Van Schaik.
- De Roubaix, E.** 1928. *Uit Boesmanland – kykies in die volkslewe*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- De Roubaix, E.** 1929. *Giel Ool en ander verhale uit die Boesmanland*. Pretoria: Van Schaik.
- De Roubaix, E.** 1930. *Boesmanlandse sketse en verhale*. Pretoria: Van Schaik.
- Deacon, Thomas.** 1999. Bergmannetjie. In: De Vries, A.H. 2012. *Die Afrikaanse kortverhaalboek*. Kaapstad: Human & Rousseau. pp. 595-599.
- Deacon, Thomas.** 2006. 'n Pyp, 'n twaksak en 'n keps. Duskant Maandag, TYD-

- Rapport*, 18 Junie.
- Deacon, Thomas.** 2007. Sidestep so tussen die duine. Duskant Maandag, *TYD-Rapport*, 11 Maart.
- Deacon, Thomas.** 2008. Geelbaadjie op 'n baaisiekel. Duskant Maandag, *TYD-Rapport*, 31 Augustus.
- Deacon, Thomas.** 2008. Skinder is ook 'n kuns. Duskant Maandag, *TYD-Rapport*, 6 Julie.
- Deacon, Thomas.** 2008. Uit die kraak van 'n klip. Duskant Maandag, *TYD-Rapport*, 27 April.
- Deacon, Thomas.** 2008. Voltooide sirkel. Duskant Maandag, *TYD-Rapport*, 19 April.
- Deacon, Thomas.** 2009. Bangheid wat jou laat sien. Duskant Maandag, *TYD-Rapport*, 15 Februarie
- Deacon, Thomas.** 2009. Gevaarlike liefde kry koers. Duskant Maandag, *TYD-Rapport*, 22 Maart.
- Deacon, Thomas.** 2009. Waar klipsoldaatjie staan en doedel. Duskant Maandag, *TYD-Rapport*, 18 Januarie.
- Engelbrecht, E.** 2015. 'n Ma se seën. In: Kulsen, A. (samest.). 2015. *Namakwalandse Stories*. Pretoria: LAPA Uitgewers. pp. 34-39.
- Engels, Euodia.** 2005. *Riemvasmaak - hartland, harde land*. Hermanus: Hemel en See Boeke.
- Filton, Florence Ann.** 2002. Mog die haan kon praat. In: Die Afrikaanse Skrywersvereniging. 2002. *Mense is Mense*. Pretoria: LAPA Uitgewers. pp. 136-143.
- Filton, Florence Ann.** 2002. As die tuig skaaf. In: Die Afrikaanse Skrywersvereniging. 2002. *Mense is Mense*. Pretoria: LAPA Uitgewers. pp. 128-135.
- Filton, Florence Ann.** 2006. Lammetjie, jy's laat. In: McKerron, Suzette en Ferrus, Diana (samest.). 2006. *Slaan vir my 'n masker, Vader*. Bellville: Diana Ferrus/Printwize. pp. 77-83.
- Huisamen, J.** 2012. *Katryn: Vrou van die Richtersveld*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Koopman, A.** 2015. Onvervulde verwagtinge. In: Kulsen, A. (samest.). 2015. *Namakwalandse Stories*. Pretoria: LAPA Uitgewers. pp. 13-20.
- Kulsen, A. (samest.).** 2015. *Namakwalandse Stories*. Pretoria: LAPA Uitgewers.
- Kulsen, A.** 2006. *Zita*. Pretoria: LAPA Uitgewers.
- Kulsen, A.** 2015. *'n Hart vol sand*. Pretoria: LAPA Uitgewers.
- Meisenheimer, K.** 2015. My koebaaisêbrief. In: Kulsen, A. (samest.). *Namakwalandse Stories*. Pretoria: LAPA Uitgewers. pp. 1-12.
- Meisenheimer, K.** 2015. Onse mense. In: Kulsen, A. (samest.). *Namakwalandse Stories*. Pretoria: LAPA Uitgewers. pp. 63-68.

- Nel, Elias P.** 1998. *Iets goeds uit Verneukpan?* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Nel, Elias P.** 2001. *Mafoeing en annerlike gelofietjies*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Nel, Elias P.** 2011. *Bek sonder brieke*. Pretoria: Pretoria Boekhuis.
- Rabie, J.** 2004. *Die groot anders-maak*. Kaapstad/Pretoria: Human & Rousseau.
- Ruiters, R.** 2015. Die xhwa. In: Kulsen, A. (samest.). *Namakwalandse Stories*. Pretoria: LAPA Uitgewers. pp. 40-46.
- Sarrisam, Gert.** 2008. *As murasies kon praat: ware verhale uit Namakwaland*. Kaapstad: G.C. Engelbrecht.
- Spies, J.** 1977. *Pilatus tot Molshoop* (Vertellings 1). Johannesburg: Perskor.
- Spies, J.** 1984. *Poort deur die koue* (Vertellings 2). Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Spies, J.** 1984. *Profeet met kondensmelk* (Vertellings 3). Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Spies, J.** 1987. *Pille vir servette* (Vertellings 4). Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Strauss, P.** 2004. *Fluitwiel: ware lag- en liegstories uit my dôúrie wêrelد*. Pretoria: LAPA Uitgewers.
- Strauss, P.** 2006. *Tussen kokerboom en kaiingklip*. Pretoria: LAPA Uitgewers.
- Strauss, P.** 2008. *Bitterboela en soetgousblom*. Pretoria: LAPA Uitgewers.
- Van Niekerk, A.A.J.** 1964. *Die Soutryers*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Van Niekerk, A.A.J.** 1969. *Kelkiewyn en Koggelaar*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Van Niekerk, A.A.J.** 1981. *Kliptuin in Namakwaland*. In: Aucamp, Hennie et al. *Klein Koninkryk: vertellings uit die jeugland*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.. pp. 111-114.
- Van Niekerk, A.A.J.** 1974. *Bittergousblom*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Van Niekerk, A.A.J.** 1975. *Herneuter*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Addendum 5: Gedokumenteerde skeppinge en uitinge van leerders waarin Afrikaans wat in Griekwastad en omgewing gebruik word, neerslag gevind het

- Hager, Hetta (samest.).** s.a. a *Afrikaanse kloek-goed*. Kimberley: Hetta Hager.
- Hager, Hetta (samest.).** s.a. b *Kloekgoed Twee*. Kimberley: Hetta Hager.

Addendum 6: Nie-fiktiewe werke waarin leksikale items uit Oranjerivierafrikaans en hul betekenisonsderskeidings aangestip word

- Boezak, Willa.** 2016. Die Khoi-San as Afrikaanse gemeenskap – gister, vandag, môre. In: Carstens, WAM en Le Cordeur, Michael (reds.). *Ons kom van vêr: Bydraes oor bruin Afrikaansspeakendes se rol in die ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Naledi. pp. 112-128.

Uys, Theunis. s.a. (waarskynlik 2005). *Namakwaland, my hartland: memories en mymeringe*. Durbanville: TJK Uys.

Van Heerden, Menán en Kulsen, Anzil. 2017. Oranjerivieraafrikaans is nxal: 'n onderhoud met Anzil Kulsen. LitNet. <https://www.litnet.co.za/oranjerivieraafrikaans-nxa-n-onderhoud-met-anzil-kulsen/>

Note

1. Hierdie bydrae is 'n aangepaste weergawe van die referaat wat ek op 3 November 2017 in Kimberley gelewer het tydens die simposium oor Oranjerivieraafrikaans, gereel deur die UWK se departement Afrikaans en Nederlands en die Sol Plaatje Universiteit. Die titel van dié referaat is "Oranjerivieraafrikaans: van aanklopper tot binnevaarder".
2. Volgens Van Rensburg (2016: 49; 2018) is Afrikaans al aan die Kaap gepraat voordat die VOC-nedersetting in 1652 daar gevestig is, was die Kaapse Khoi-Khoi die eerste sprekers van Afrikaans en is die eerste tekste in Afrikaans in die 1670's in Khoi-Afrikaans opgeteken.
3. Die nosies "herstandaardisering van Afrikaans" en "hervorming van Standaardaafrikaans" is soos volg van mekaar te onderskei: om Afrikaans te herstandaardiseer sou inhou dat Afrikaans gestandaardiseer sou kon word op die stramien van byvoorbeeld Kaapse Afrikaans of Oranjerivieraafrikaans, en wel as teenvoeter vir die toedrag van sake tot dusver, te wete die standaardisering van Afrikaans op basis van Oosgrensaafrikaans. Die hervorming van Standaardaafrikaans behels die anders maak van die huidige standaardvariëteit deur onder meer die toenemende benutting van histories gemarginaliseerde vorme van Afrikaans, soos Kaapse en Oranjerivieraafrikaans, as voedingsbronne vir Standaardaafrikaans.
4. Die agste maatstaf vir die opname van woorde in die AWS wat deur die Taalkommissie aanvaar is, dien as bevestiging van hierdie uitgangspunt om in hoofsaak slegs leksikale items wat verskriftelik is, op te neem:

Dit (dit is 'nwoord wat in die WOORDELYS van die AWS opgeneem word) moet, in die lig van die gebruik van standaardtaal vir hoër funksies, *die geskrewe gebruik deur die Afrikaanse taalgemeenskap in sulke funksies weerspieël.*" [My invoeging en kursivering.] (Kyk addendum 3.)

5. Tersaakklike studies met myself as begeleier is onder meer Cornélia Nell se honneursskripsie *Die neerslag en outentisiteit van Khoekhoeense leksikale items in 'n korpus narratiewe tekste met die Noord-Kaap as milieu* (voltooi in 2016), Donique Cloete se honneursskripsie *Die verskryfeling van Kaapse Vernakuläre Afrikaans en Oranjerivieraafrikaans: 'n beoordeling* (voltooi in 2017) en Suné van Rooyen se magisterstudie *Die verrekening van Noord-Kaapse Afrikaans in verskeie kortverhale met aandag aan innovasie in dié Afrikaanse variëteit* (wat nog nie tot voltooiing gebring is nie).
6. Ná elk van die leksikale items uit Oranjerivieraafrikaans wat by (a), (b), (c) en (d) verskaf word, word die volgende inligting verskaf: eers die woordsoortstatus (wat tussen ronde hakies geplaas

word), dan die betekenisomskrywing (wat tussen krulhakies geplaas word) en laastens die bron(ne) waaruit die item onttrek is (wat eweneens tussen ronde hakies geplaas word). Vir die presisering van die betekenisomskrywing van leksikale items het ek gebruik gemaak van gegewens wat sommige outeurs in hul tekste ingevleg het, glossaria wat agter in sommige van die bronne ingevoeg is en inligting wat in *Die Woordeboek van die Afrikaanse taal* en *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal* verskaf word.

7. Die bronne wat ek onder oë gehad het, het slegs voorbeelde gelewer van eiename waarin die dentale, laterale en palatale suig-/klikklankmerkers voorkom: “*Kai | Gûis* (Huisamen, 2012: 53), *|Hui !Gaeb* (Huisamen, 2012) en *ǂKhomani San* (Boezak, (2016: 117).
8. Kyk De Vries (2016: 104–105) vir ’n bespreking van hoe hoofstroom Afrikaanse koorante oor die jare heen in diens gestaan het van ’n bewusmaking van Kaaps deur die plasing van bydraes en deur die inruim van rubriekie daaromtrent.
9. Hierdie konsepsie moenie verstaan word as drie tipes Standaardafrikaans nie, maar as drie onderskeibare dimensies van een Standaardafrikaans. Die idee om Standaardafrikaans as ’n drie-dimensionele entiteit te bejéén, het ek reeds tevore aangeroer, onder meer in my referaat “Die hervorming van Standaardafrikaans en die elfde uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*” wat ek gelewer het op 11 Oktober 2017 tydens die “4c colloquium over het Afrikaans” te Gent, België en in my praatjie oor die onderwerp “Die verhouding tussen Standaardafrikaans en die omgangsvariëteite van Afrikaans” tydens die ATKV-simposium oor taalerfenis wat op 14 September 2018 by die Universiteit van Wes-Kaapland gehou is.

Riekert, Weideman en Myburgh: Die representasie van Noordwesterse ruimte in drie Afrikaanse digbundels

Marni Bonthuys

Riekert, Weideman and Myburgh: The representation of the Northwestern Cape in three Afrikaans poetry collections

The same space takes a central thematic position in Heuning uit die swarthaak (1986) by Donald Riekert, 'n Staning onder sterre (1997) by George Weideman and Melt Myburgh's Oewerbestaan (2010). This space, which can be described as the largest parts of the Northern Cape and northern parts of Western Cape, is portrayed as a uniquely beautiful region with a gruelling climate that presents its residents with many challenges. All three of these poets grew up in the Northwestern Cape and provide poetic representations of the landscape of their childhood in three different decades. Their work can be described as regional literature and also shows similarities with the well known Afrikaans genre of the farm novel (plaasroman).

In this article, these poetic representations are analysed and compared – the focus being on the symbiotic relationship between space, identity, subjectivity, creativity, memory and power. Although the representations by the three poets share characteristics with regard to similar concrete or geographic facets as well as the abstract themes and landscapes portrayed, their volumes of poetry provide three very different perspectives on the same childhood space. An interesting progression is in fact visible in the nature of the representations from Riekert to Weideman to Myburgh. This progression corresponds with a phenomenon discussed by Davidson (2007) with regard to the influence of migration on the portrayal of space in contemporary poetry.

1. Inleiding

Dieselfde geografiese ruimte staan tematies sentraal in die bundels *Heuning uit die swarthaak* (1986) deur Donald Riekert – sy eerste by 'n hoofstroomuitgewer (Tafelberg) en wenner van die Ingrid Jonkerprys in 1986; *'n Staning onder sterre* (1997) deur George Weideman – allerweé beskou as 'n hoogtepunt in Weideman se poësie-oeuvre (sien onder meer *Perspektief en Profiel*, Van Coller en Odendaal, 1999: 774); en *Oewerbestaan* (2010) deur Melt Myburgh – 'n debuut wat ook die Ingrid Jonkerprys in 2011 verower. As iemand wat grootgeword het in hierdie gebied en familie het wat al generasies daar woon, ken ek dié area as die Noordwes¹. Hierdie streeknaam verwys na die grootste gedeeltes van die Noord-Kaap en vernaamlik die area suid van die Oranjerivier wat die

noordwestelike dele van die Wes-Kaap insluit. Bogenoemde drie bundels, wat in drie verskillende dekades gepubliseer is en uiteenlopende (maar soms ook ooreenstemmende) benaderings tot die Noordwesterse tematiek toon, is ook al drie geskryf deur digters wat grootgeword het in dié streek.

In "Kruistog: 'n Agternwoord oor my verhouding met die poësie", 'n essay wat deel uitmaak van 'n versameling van Weideman se poësie, *Pella lê 'n kruistog vêr* (met die Namakwalandse Pella as 'n tekenende pleknaam hier), skryf hy dat hy al baie gefilosofeer het oor die rede waarom soveel skrywers uit die "droë wêreld" kom. Sy verklaring hiervoor is dat dit kreatiwiteit verg om te midde van soveel dorheid verkwikking te vind: "As daar langs die hele pad tussen Springbok en Pofadder net één skaduweeboom staan, en dié is nog die informele nedersetting van ál wat Boesmanlandse brommer is, dan moet jy jou maar bome verbel" (Weideman, 1998: 115). Streekliteratuur (literatuur waarin 'n bepaalde geweste tematies sentraal staan – sien Van Zyl, 2016) in Suid-Afrika handel inderdaad dikwels oor die droë streke – dink byvoorbeeld aan die werk van bekende outeurs soos Abraham H. de Vries oor die Klein Karoo, Elias P. Nel (ook) oor die Noordwese en Olive Schreiner oor die Karoo. Dit mag wees omdat streekliteratuur, soos Van Zyl (2016) aandui, gewoonlik oor die platteland gaan, en groot gedeeltes van Suid-Afrika se platteland semi-woestynagtig is. Soos in die geval van die drie vermelde Noordwesterse digters sowel as De Vries, Nel en Schreiner, is dit ook tipies van streekliteratuur dat dit vertel word vanuit 'n 'binne-situasie' waar 'n boorling (of jarelange inwoner) van die streek fokaliseer (Van Zyl, 2016). Hierdie interessante verskynsel duï op die verbintenis tussen ruimte en identiteit en sal in die volgende afdeling in meer detail aangespreek word.

Wat die Noordwese as streek betref, is dit volgens die HAT (2015) 'n "[...] andstreek in die Noord-Kaap" wat "vaag omlyn" is. In 1986 publiseer die Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde in samewerking met die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum *Die Noordwese. Die stoflike kultuuruitinge van die streek se bewoners* – een van die min antropologiese publikasies oor hierdie geweste. Dié studie gee 'n meer gedetailleerde omskrywing van hierdie streek as die "noordwestelike deel van die Kaapprovincie, bestaande uit die distrikte Namakwaland, Kenhardt, Carnarvon, Williston, Calvinia en Vanrhynsdorp". Daar word verder aangedui dat dit die "mees noordwestelike distrik" in Suid-Afrika is, begrens deur "Suidwes-Afrika" (Namibië in die nuwe politieke bedeling) met die Oranjerivier as grenslyn (Changuion en Ferreira, 1986: 7). In die meerderheid van die resensies van *Heuning uit die swarthaak* (sien Gouws, 1986, Van der Lugt, 1986 en Prinsloo, 1986) word die term 'Noordwese' nog ingespan, terwyl dit net Burger (2011) is wat dit gebruik in die resensies van *Oewerbestaan* (2010). Dit wil voorkom asof die term 'Noordwese' toenemend in onbruik verval het

– miskien veral met die totstandkoming van die Noordwes- en die Noord-Kaap-provincies ná die bewindoornoem in 1994 asook die vervanging van die term ‘Noordwes-Kaap’ met ‘Griekwaland-Wes’ met verwysing na die sportunies van die omgewing². In die volksmond, veral met betrekking tot inwoners van die streek, word die term egter steeds gebruik.

Perspektief en profiel (Van Coller en Odendaal, 1999) benut die woord “Noordwestelik(e)” wanneer daar na hierdie streek in Weideman se werk verwys word – so ook Odendaal (2015) in ’n artikel oor omgangsvariëteite in die Afrikaanse digkuns. Die digter George Weideman verskies self die term ‘Noordwesterse’. Weideman (sien Viviers, 2008: 1) verklaar hierdie voorkeur aan die hand van die feit dat die term ‘Noordwestelik’ “suiwer geografies of taaldemografies” is, terwyl ‘Noordwesters’ in ’n mate geografies is, maar ook ’n “sterk gevoelsmatige betekenis” het.

In hierdie artikel word die subjektiwiteit verbonde aan die sketsing van ’n heimat, ’n ruimte van herkoms, ondersoek. Daar word geïllustreer hoe drie bundels deur drie digters van dieselfde plek hierdie plek representeer in hul poësie. Om hierdie rede lyk die gebruik van ’n pleknaam met “gevoelsmatige” betekenis dus vir my gepas, aangesien dit oor meer as geografie gaan, maar ’n herkomsruimte wat in noue verband met identiteit staan.

Voorts sal daar ’n vergelyking getref word met betrekking tot die voorstelling van die Noordwese deur verskillende digters in verskillende eras. Kwessies soos geografie en die verskillende fasette van konkrete ruimte soos plekname, taalgebruik, plantegroei, klimaat en kulturele gebruik/leefstyl; asook die meer abstrakte fasette van landskap en tematiese elemente soos identiteit, geheue, spiritualiteit en kunstenaarskap, sal onder meer ter sprake kom. Daar sal getoon word hoe identiteit voorstellings kleur. Die tydsgees het duidelik ook ’n belangrike impak op hoe ’n ruimte beskryf word – soos geïllustreer het dit reeds ’n impak op plekname, ’n verskynsel wat goed opgeteken is in postkoloniale studies oor ruimte (sien onder meer Viljoen, 1998). Die aard van hierdie bespreking is dus meer literatuursosiologies van aard met die fokus op representasie en tematiek eerder as op die poëtiese mekanismes (soos klank en vorm) wat die onderskeie digters inspan om die gedig as liriese taalkunswerk tot stand te bring.

2. Ruimtevoorstelling in die letterkunde – teoretiese uitgangspunte

Dit word algemeen aanvaar dat ruimtevoorstelling in die letterkunde nie bloot verband hou met die sketsing van ’n konkrete plek nie, maar dat dit ook ’n abstrakte dimensie het wat met sfeerskepping en tematiek te make het. Hoewel daar dus sprake kan wees van ’n objektiewe element in ruimterepresentasie (’n regte dorp of streek word byvoorbeeld geskets), is daar, soos in die geval van

alle kreatiewe voorstellings, uiteraard 'n sterk subjektiewe dimensie ter sprake. Soos Viljoen (1998: 77) te kenne gee, is ruimte neutraal en word dit altyd deur die mens met "historiese, politieke, sosiale en kulturele waardes [...] gelaaï". Raes (2000: 313) gebruik in 'n artikel in *Tijdschrift voor Filosofie* nuttige terme om twee vername dimensies van ruimte te omskryf, naamlik 'geografiese ruimte' en 'ruimte van die landskap'. In sy artikel bespreek hy die werk van die Duitser Erwin Straus (wat hierdie konsepte vanuit 'n psigologiese hoek ondersoek het) en definieer landskap daarvolgens as "omgeven [...] door een horizon", 'n grens of "einder" wat saam met ons verplaas soos ons (en spesifiek ons blik) beweeg. Die geografiese ruimte is egter 'n geslote, begrensde ruimte met geen horison nie. Dit beweeg dus nie saam met die subjek nie, maar bestaan as 'n vaste afgebakende ruimte. Raes (2000: 322-326) dui aan dat die onderskeid tussen waarneming (wat die geografiese ruimte aktiveer) en gewaarwording (wat die ruimte van die landskap aktiveer) sentraal staan met betrekking tot die onderskeid tussen die twee soorte ruimtes. Die verskil tussen waarneming en gewaarwording omskryf hy aan die hand van die feit dat die geografiese ruimte deur die menslike oog geobjektiveer en so representeerbaar en kommunikeerbaar word. Die ruimte van die landskap, daarteenoor, is die ruimte van die onmiddellike, poëtiese belewing van die waarneembare werklikheid. Hoewel hy dus onderskei tussen die twee soorte ruimtes, is dit opmerklik dat beide opgeroep word deur persepsie.

2.1 Geografiese ruimterepresentasie

Wanneer hierdie twee tipes ruimte in tekste opgeroep word, word daar in die geval van geografiese ruimte dikwels van naamgewing en kaarttekening gebruik gemaak (Viljoen, 1998: 77). Davidson (2007: 60-61) wys daarop dat daar in hierdie oënskynlik objektiewe aktiwiteite egter altyd 'n subjektiewe element aanwesig is – die formulering van pleknaam en kaarte is 'n vorm van beheeruitoefening met verskeie sosiale en politieke implikasies. Viljoen (1998: 77) verwys na die proses van kolonialisasie en die koloniseerde se (her)benoeming van ruimte as tekenend van besitname. Die feit dat naamgewing 'n merker van besit is, het duidelik in Suid-Afrika uitgespeel met die verandering van talle geografiese name ná die politieke oorgang in 1994 – die nuwe indeling en name van provinsies soos Noordwes en Noord-Kaap is 'n goeie voorbeeld hiervan³. Soos reeds vermeld, is plek en geografiese ruimte dus nooit op 'n heeltemal objektiewe wyse tot stand gebring nie en is daar reeds wat naamgewing betref sprake van 'n verknooptheid tussen taal, kultuur, identiteit en ruimte (Viljoen, 1998: 76-77).

Interessant is Viljoen (1998: 74) se verwysing na die verbondenheid van grondbesit, mag en identiteit. Soos sy en Foster (2017) deurgaans illustreer, is daar 'n lang geskiedenis van grondonteiening en verplasing ("displacement")

in Suid-Afrika wat 'n groot invloed gehad het op die identiteitsvorming van verskeie gemeenskappe. Foster (2017) se artikel fokus, soortgelyk aan myne, op die poëtiese voorstelling van dieselfde ruimte deur verskillende digters – hier die Kaap as stedelike gebied – en die verbintenis tussen representasie en identiteitskonfigurasie. Sy wys veral op die impak wat onteiening en marginalisasie op bruin Suid-Afrikaners gehad het deur onder meer gedigte van Ronelda Kamfer te bespreek (Foster, 2017: 87-92). Sedert 2018 met die hervatte gesprekke rondom grondonteiening sonder vergoeding in Suid-Afrika, is hierdie onderwerp weer besonder relevant. Tydens dié gesprek kom die kwessie van identiteit, mag en kultuur sterk na vore. Gasa (2018) skryf onder meer in *City Press*:

Land is not just about agriculture. It is about freedom, identity and complex intersections between belonging, dignity, property, wealth, security, culture and customary practices. This is an opportunity not only to look at expropriation with or without compensation, but to ask the fundamental question, what does land mean to us as a nation?

Wat die kwessie van grond en boerdery in Afrikaans betref, wys Foster (2017: 70) op die "plaasroman" as 'n "ingeburger[de]" term of genre in die Afrikaanse letterkunde. Veral in die prosa het Afrikaanse tekste uit die staanspoor uit 'n bemoeienis met grond getoon – soos vir swart Suid-Afrikaners (Gasa, 2018), is grond vir die Afrikaner iets wat onlosmaalklik aan sy identiteit gekoppel is. Die "ouer plaasroman" word deur Van Heerden (1999: 4) beskryf as 'n tipe verhaal wat in die teken staan van "patriargale besit en oordrag van die erfgrond deur opeenvolgende geslagte en 'n verbete afbakening van 'n deel van die landskap". Wanneer die eienskappe van die plaasroman ondersoek word, blyk dit dat daar in hierdie soort roman altyd 'n gesloten eenheid geskep word. Coetzee (2000: 11) beskryf dié eenheid as "'n vreesame plek, 'n selfonderhoude wêreld waar bedreiging van buite afgeweер word, veral dreigemente van sosiale veranderings en konfrontasies". Hierdie gesloten eenheid, die plaas, is in die verlede in die plaasroman gekontrasteer met die stad: "die idilliese teenoor die lelike; en die plaas as konstante, as absolute, onder die beheer van die patriarg, wie se erfgenaam, die seun, dieselfde sekerhede sou erf" (Coetzee, 2000: 11). Die boer se verbintenis met die grond en sy strewe dat hierdie verbintenis ook tussen sy nageslagte en sy grond gelê sal word, duï daarop dat grond en identiteit hier nou saamhang. In die meer hedendaagse plaasroman word die gesag van die patriarg egter dikwels ondermyn. Kwessies soos onteiening en verdrukking word ontgin. Die feit dat die plaasroman steeds aandag geniet in die Afrikaanse literatuur, hoewel die aard daarvan heelwat verander het oor die jare, bevestig volgens Coetzee (2000: 14) dat "hierdie narratief een van die belangrikste uitings binne die diskopers oor grond en mag is".

In die Afrikaanse letterkunde vind die plaas- of grondtematiek ook neerslag

met betrekking tot (reedsvermelde) streekliteratuur. Streekliteratuur staan onder meer bekend as kontreikuns of regionale literatuur. De Vries (2000: 7) verkies die term “kontreiverhale” (of dan kontreikuns) as ’n “sambrelwoord in Afrikaans” wat ook “streekverhale”, ‘boerestories’, ‘heimatkuns’, ‘herinneringsverhale’, ‘regionale verhale’ ensovoorts” dek. Volgens *Literêre terme en teorieë* kan regionale literatuur omskryf word as “literatuur wat spesifiek ruimtelik-geografies geplaas word en waarin onderskeidende regionale kenmerke ’n uitdruklike funksie vervul” (Van Zyl, 1992: 420). Van Zyl (1992: 420) dui op verskeie sake wat ’n belangrike rol in hierdie soort narratief speel: die volkse of ‘folklore’; spesifieke (dikwels dialektiese) taalgebruik en uitdrukkings; tipiese eienskappe van die streek en sy bewoners; asook die wisselwerking tussen die mens en sy besondere omgewing. Die streek wat uitgebeeld word, is ook telkens afgesonderd en landelik.

Van Gorp et al (1998: 416) stel dat streekliteratuur gewoonlik ’n geïdealiseerde beskrywing van ’n landelike omgewing gee. Dikwels gaan dit ook om die bedreiging van ’n sekere lewenswyse of omgewing sodat dit voorkom asof ’n verlore of byna verlore ruimte geskep word. Ook Van Zyl (1992: 420) beweer dat dit algemeen is vir regionale literatuur om vanuit ’n herinneringsituasie vertel te word, met die verteller wat “herwaarderend terugkyk na die streekstoestande waarvan hy vroeër deel was”. In so ’n geval is die spreker ’n “ingewyde”. Die kwessie van herinnering en landskap is een wat reeds deeglik omskryf en nagevors is (sien onder meer Schama, 1996, se *Landscape and Memory*). Meer oor landskapbeskrywings, geheue, identiteit en migrasie in die volgende afdeling.

2.2 Landskaprepresentasie

Die voorstelling van landskap is ’n meer ooglopend subjektiewe aktiwiteit, aangesien dit vernaamlik deur die verbeelding en geheue opgeroep word. Schama (1996: 10) gee te kenne dat die term “landscape” in Engels (net soos die Germaanse wortel daarvan – “Landschaft”), die betekenis gekry het van “a unit of human occupation, indeed jurisdiction, as much as anything that might be a pleasing object of depiction”. Dit gee landskap ’n geïdealiseerde dimensie – dit is iets wat meestal op die een of ander wyse geëstetiseer word. Soos Hirsch en O’ Hanlon (1995: 2-3) in ’n antropologiese studie te kenne gee, is landskapuitbeeldings dikwels ’n ontmoeting van ’n verbeeldde weergawe en die reële weergawe: “[t]here is a relationship here between an ordinary, workaday life and an ideal, imagined existence, vaguely connected to, but still separate from, that of the everyday”. Die verknooptheid van verbeelding en herinnering met landskap dui ook op die verbintenis tussen identiteit en landskap, aangesien verbeelding en herinnering tog bepalers van identiteit is.

Viljoen, Lewis en Van der Merwe (2004: 12) stel in die boek *Storyscapes* dat die

verhouding tussen ruimte en identiteit simbioties van aard is: "The very spaces we occupy form our identities, and these identities determine our perceptions and representations of those spaces and varying spatial experience". Fokkema (2003: 9) wys ook op die wisselwerking tussen ruimte en identiteit in die voorwoord van 'n bespreking oor die verband tussen "identiteit en locatie" in die hedendaagse literatuur. Sy meen dat 'n ruimte 'n funksie kry na aanleiding van die betekenis wat dit vir 'n identiteit inhoud. Fokkema (2003: 11) wys verder daarop dat as die verhouding tussen ruimte en identiteit ter sprake kom, dit nie noodwendig om 'n geografiese ruimte gaan nie, maar dat dit dikwels om "een intellectuele positie of een metafysische ruimte, een imaginaire plaats of selfs een niet-plek of 'atopia'" mag gaan.

In Davidson se 2007-studie oor ruimte in kontemporêre poësie kom die kwessie van identiteit en tyd ter sprake. Hy wys daarop dat die wêreldpopulasie in die afgelope paar jaar al meer mobiel geraak het. Globalisering en kapitalisme het volgens Davidson (2007: 27-29) hier 'n rol gespeel. Die gevolg is dat ruimte en spesifiek die grense van plek baie meer vloeibaar geraak het. Dit raak dus problematies om geografiese ruimte of plek te omskryf as iets vas of konkreet met 'n bepaalde stel eienskappe of karaktertrekke (Davidson, 2007: 31-33). Die afleiding kan gevolglik gemaak word dat onderskeide tussen ruimte van die landskap en geografiese ruimte al vaer word – net soos identiteite begin versmelt en minder tipies van 'n bepaalde ruimte raak. Hoewel Davidson (2007: 28) die ontheemdende en homogeniserende effek van hierdie proses uitwys, beklemtoon hy ook dat dié verwikkeling nie net negatief is nie. 'n Obsessie met plek as iets unieks met spesifieke, intrinsieke waardes wat bepaalde identiteite laat vorm, kan aanleiding gee tot 'n gebrek aan inkclusiwiteit. Die effek van hierdie proses is volgens Davidson (2007: 29) dat resente poëtiese representasies van ruimte 'n moment (eerder as 'n plek) beskryf wat nie noodwendig die volledige ruimte insluit nie en ook nie gekoppel word aan nostalgie, eksklusiwiteit of sentiment nie, maar suiwer gaan oor 'n subjek se ervaring van 'n bepaalde plek op 'n bepaalde tyd. In hierdie omskrywing staan die kwessies van subjektiwiteit en identiteit dus net so sentraal as wat Raes (2000) dit verwoord met tyd as 'n bykomende bepalende faktor.

Davidson (2007: 29) maak telkens die punt dat essensialisering slegs aangaande plek vermy moet word, aangesien soveel komplekse, individuele faktore ruimterepresentasie beïnvloed. In aansluiting hierby wil ek beklemtoon dat die drie ruimtevoorstellings wat ek ontgin in onderskeidelik *Heuning uit die swarthaar*, 'n *Staning onder sterre* en *Oewerbestaan* wel deur verskillende individue uit verskillende eras geskep is, maar steeds die perspektiewe van drie wit Afrikanermans verteenwoordig. Die representasie van 'n swart of bruin Noordwesterling, óf selfs 'n wit vrou, mag heelwat anders lyk.

3. Agtergrond oor bundels en outeurs

3.1 Donald Riekert se Heuning uit die swarthaak (1986)

Donald Riekert is 'n boorling van Kuruman. Robinson (2012) maak in haar profiel van Riekert op die webtuiste Versindaba 'n uitspraak wat Weideman (1998: 115) eggo as sy dit oor die verbintenis tussen hierdie dorre streek en digterskap het. Sy stel dat hierdie "Noord-Kaap streek waaruit Riekert letterlik stam" die tipe landskap is wat waarskynlik nie deur die meeste reisigers as "n idilliese bestemming" beskou sou word nie, maar dat "sulke skaars streke vir die oer-digters [oënskynlik] 'n tuiskom is". Oor die impak van die Noordwesste op sy werk verwys Riekert volgens Müller (1990) óók na dié uitmergelende geweste se bykans suiwerende effek op inwoners: "[D]is ook 'n plek van beproeing, van oorlog, van armoede, droogte en vloed. Wie hier oorleef, dra klaar 'n helder gedig in hom rond. Jy moet net neerskryf." Hy voer verder sy digterskap terug na "sy kleintyd in 'n patriargale bestel, vol van die klanke van die Bybel, die oer-Afrikaans van die oumense, en veral van die woordgevegte saam met die Tswanas saans om die vuur, waar die taal dan tot sy uiterste beproef is" (Müller, 1990). Aan Montgomery (1998) vertel hy van al die ("eksentriek") Riekerts en sy voorgeslagte (hy vermeld net manlike voorsate) wat almal Noordwesterlinge was. Volgens Riekert is daar veral 'n verbondenheid met Kuruman – sy oupa was 'n veldkornet in 1908 asook klerk van die hof en registrator van geboortes en sterftes in Kuruman, terwyl sy pa in 1926 mynbestuurder by die asbesmyn naby Kuruman was.

Via André P. Brink (Rautenbach, 2011) en Dana Snyman (2011) se beskrywings asook Robinson (2012) se Versindaba-profiel van die digter, kom 'n beeld van Riekert uit die verf as 'n legendariese figuur in sy geweste – 'n "aweregse", "ouwêrelde digter-profeet" en "patriarg". Riekert gee tale van sy verse in die vorm van selfpublikasies in sy gemeenskap uit voordat sy eerste formeel gepubliseerde bundel in 1986 by Tafelberg verskyn en op 'n wyervlak versprei word. In hierdie bundel, veelseggend getitel *Heuning uit die Swarthaak* wat verwys na 'n tipe doringboom wat algemeen in die streek voorkom, kan die leser volgens Robinson (2012) "as't ware 'proc' aan Riekert se digterlike teelaarde en -talent". Oor sy debuut skryf Prinsloo (1986) dat Riekert "n kind van die Noordwesste is. Sy ondwingbare liefde vir die wêreld van die kameeldoring en die swarthaak straal uit alles wat hy skryf", terwyl Van der Lugt (1986) hom as 'n "volksdigter" bestempel – laasgenoemde titel word weer deur Rautenbach (2011) gebruik in 'n huldeblyk aan Riekert na sy dood.

Riekert se volgende twee bundels wat weer by Tafelberg verskyn, *Halfmens* (1990) en *Wensbeen* (1995), werk ook met hierdie geografiese tematiek en ontgin

verder die geskiedenis van die Kuruman-omgewing. Müller (1990) dui aan dat hoewel natuur en landskappe van die omgewing neerslag vind in Riekert se werk, dit veral die mense van die streek en hulle stories is wat hom boei. Rautenbach (2011) sluit hierby aan en wys daarop dat baie van Riekert se verse spesifiek oor sy voormense en hul verbintenis met die Noordwes handel – sy familie se wel en wee, soos voorgestel in sy werk, is volgens sy uitgewer Petra Müller (née Grütter) aan Rautenbach (2011) “altyd in die mistiek van daardie wêreld verweef”.

3.2 George Weideman se 'n Staning onder sterre (1997)

George Weideman se ouers het tydens sy kinderdebaie rondgetrek en hy het groot gedeeltes van sy kinderjare in die Noordwes deurgebring. In die agternwoord tot *Pella lê 'n kruistog vêr* skryf Weideman (1998: 114) dat hy as kind en ontlukende digter “baie ure in die vrye natuur” deurgebring het. Hy beskryf onder meer die tye wat hy in die eiesortige Noordwesterse omgewing spandeer het: “die blommetryk wat uit niks tussen die koppe by Springbok getower word; die magtige Grootrivier met sy talle eilande by Onseepkans”. Oor die invloed van hierdie ure in die natuur op sy skrywerskap sê hy die volgende: “Die natuur – landskappe, en diere en mense binne daardie landskappe – verskaf natuurlik ook metaforiese materiaal vir die digter [...]. Watter indruk ook al in die geheue vasgelê is, dit kom metterjare terug, tydens daardie wonderbaarlike skeppingsoomblik wat ek die uur van wispelturigheid noem.”

Weideman se eerste twee digbundels, *Hondegaloppie* (1966) en *As die son kliplangs spring* (1969), word deur kritici gelees as kontreikuns wat 'n sterk volkse element bevat en gesentreer is rondom Weideman se liefde vir die Noordwes – vergelyk onder meer Viviers (2008: 14–16), Marais (2007: 16) en Kannemeyer (2005: 410). Soos hierdie bronne aandui, het daar ná Weideman se eerste digbundels heelwat tematiese progressie in sy werk plaasgevind. In sy volgende drie digbundels, *Klein manifes van 'n reisiger* (1970), *Hoera hoera die ysman* (1977) en *Uit hierdie grys verblyf* (1987); asook die reedsgenoemde versamelbundel *Pella lê 'n kruistog vêr* (1998)⁴, is daar steeds 'n sterk fokus op die Noordwesterse ruimte maar ander kwessies, soos byvoorbeeld politieke betrokkenheid, word toenemend ontgin. Hierdie progressie kom veral tot uiting in *'n Staning onder sterre* (1997), een van Weideman se laaste digbundels. Hoewel dit óók 'n "sintuiglike bemoeienis met Weideman se jeugwêreld en -herinneringe" toon, getuig dit volgens Marais (2007: 17) veral van "tematiese en ruimtelike verruiming". Cloete (1997) maak 'n soortgelyke punt in sy resensie van *'n Staning onder sterre*: “Dit is gedigte wat hoofsaaklik handel oor die Namakwaland en die Richtersveld, oor die mense van daardie wêreld, hulle name, klip en blom en wat nie alles nog nie. Maar daar eindig dit nie.” Oor die titel se verband met die tematiek en hierdie verruiming wat plaasvind, skryf hy:

Die titel sê presies hoe hierdie gedigte is: dit is 'n staning, wat as woord verwys na 'n geliefde plek op en van hierdie aarde, maar dan onder die sterre. Dus, Weideman se wêreld het 'n diep en wye dimensie; dit is gedigte van 'n bepaalde plek wat opgeneem is in 'n omvattende tyd en ruimte, sodat hocke verslyt en windrigtings deurmekaar raak, soos in die openingsgedig, maar intussen verloor die gesiene en beleefde dinge vreemd nie hulle skerpheid nie.

In 'n MA-verhandeling oor die voorstelling van die Noordwesterse ruimte in hierdie bundel (vergelyk Viviers, 2008), is dit die argument dat dié digbundel 'n tipe kleingeschiedenis ('petit histoire') raak van 'n streek en sy mense waar 'n innerlike ruimte ('n ruimte van die landskap) van die digter-spreker in werklikheid sterker aan die bod kom as 'n bepaalde geografiese ruimte. Hier kom die kwessie van identiteit en ruimtevoorstelling – en spesifiek 'n ruimte waar outobiografiese wortels lê, dus eksplisiet na vore.

3.3 *Melt Myburgh se Oewerbestaan* (2010)

Melt Myburgh vertel in 'n onderhoud aan Meyer (2012) dat hy "teen die Oranjerivier (die Gariep) grootgeword [het] – op Karos, so 40 km buite Upington". Later woon die Myburgh-gesin ook in Upington. Sy pa was 'n erfboer en sy ma het by die sentrale gewerk. Aan La Vita (2009) sê hy dat hy 'n "regte kanaal-aap" is – 'n uitdrukking wat in Upington se wêreld gebruik word om na diegene te verwys wat 'n lewe rondom die besproeiingskanale maak. "Daai kanaalwater vloéi maar in die are," sê hy verder en gee te kenne dat hy van die gedigte wat in *Oewerbestaan* gebundel is al op skool begin skryf het. Veral die eerste afdeling van die bundel, getitel "kanale en onderpaaie" waarin gedigte soos "karos" en "upington" voorkom, blyk hierdie ervarings van die jeugwêreld te vervat. Cloete (2010) se resensie wys reeds in die subtitel daarop dat "[k]indwees, herinnering sterk motiewe" is in die bundel. Dié resensent duï verder op die "plaaslike" as 'n belangrike tema in die bundel en verwys onder meer na "die gedig 'upington', die geliefde en verkwiklike stad" wat herinnering aan die jeugwêreld bevat asook gedigte soos "terugblik" wat "beminlike dinge" en "'n soort teruggaan in die tyd" verbeeld. Cloete (2010) wys ook op frase soos "ek onthou", "geheue" en "toe ek kind was" wat in talle verse in *Oewerbestaan* voorkom sowel as die openingsgedig van die eerste afdeling se verwysing na die "onderpad" van "die digter" se "geheue" wat as 'n sleutel tot die ontsluiting van die res van die bundel dien. Soos Burger (2011) aandui, suggereer die bundeltitel asook die foto van 'n rivier in 'n woestynagtige gebied op die voorplat van die bundel by eerste oogopslag "dat die lewe aan die oewer van die Garieprivier in die Noordwese van Suid-Afrika as grondslag, oftewel as hipoteks, vir die bundel dien".

'n Belangrike faset van ruimte en identiteitsvorming wat in hierdie bundel aan

die bod kom, is seksuele ontwaking. Burger (2011) wys op die digter-spreker se bewuswording van sy “ontluikende andersheid as gaypersoon” in hierdie “strenge Calvinistiese omgewing” – hier die Noordwesterse ruimte van sy kindertyd. Ook Taljard (2010) skryf oor die voorkoms van homo-erotiese verse in die bundel wat in gesprek tree met die werk van die Spaanse homoseksuele digter Frederico García Lorca. Naas sy verse oor die Noordwese, skryf Myburgh naamlik oor ‘n tweede ruimte in sy debuutbundel. Volgens Hambidge (2010) in haar resensie van *Oewerbestaan* “betree” die bundel die “wêreld waaruit die digter kom én “die landskap waarna verlang word, te wete die Spaanse wêreld van Lorca”. Die bundel voer as’t ware ‘n gesprek met Lorca as ‘n tipe voorganger- of vaderdigter. Naas die afdeling “om frederico” (Myburgh, 2010: 31-45) spreek die digter-spreker in een van die eerste gedigte in die bundel eksplisiet sy “dierbare frederik” (Myburgh, 2010: 16) aan. Cloete (2010) duï aan dat Myburgh in die trant van Uys Krige die plaaslike naas die vreemde plaas en dat dié twee wêrelde oormekaar begin skuif – Spanje se Sierra Nevada en die afgeleë Noordwesterse Nogenieput word byvoorbeeld saamgevat. Myburgh sê self aan La Vita (2009) dat hy in die bundel die “Noord-Kaapse, Upingtonse landskap en die Spaanse landskap van Lorca wou laat gel”. Veral, aldus Myburgh, as gevolg van die “geweldige ooreenkoms” tussen hierdie twee landskappe. Hambidge (2010) verklaar egter dat die beste verse in die bundel handel oor “die landskap-van-die-jeug”: “dit wat die digter werklik ken en verken het”.

4. Die representasie van die Noordwesterse ruimte in die drie digbundels

Uit die agtergrond verskaf oor die drie outeurs en digbundels, kom hulle outobiografiese verbintenis met die Noordwese sterk na vore. Die duidelikste teken van hierdie bundels⁵ se geografiese strekking is die plekname wat telkens daarin aangetref word. In *Heuning uit die swarthaak* is daar onder meer verwysings na “Thamoanche” (7, 10), “Mamatwan” (9), “Gamoahankop” (14, 38), “[P]ofadder” (15), die “Boesmanland” (15), “Kuruman” (20, 38), “Gamasep” (30), “Tontelbos” (31), “Kalahari” (35), “Deben” (49), “Gamagara” (49), “Verneukpan” (50) en “Witsand” (64). Die name van bepaalde natuurelemente dra verder by tot die geografiese ruimtebeelding byvoorbeeld verwysings na die “halfwoestyn” (19), “woestyn” (35), “duine” (64) asook diere (soos die “gemsbok”, 61) en plante (soos die “kameeldoring”, 11, 18, 19, 23, 33, 49, 56, 67, “swarthaak”, 7, 12, 13, en “gannabos”, 51) wat in hierdie streek aangetref word.

In ‘n *Staning onder sterre* kom plekname soos “Boesmanland” (7, 36, 69, 70, 71, 72, 77), “Richtersveld” (7), “[G]aries” (50), “Namakwaland” (79), “Kakamas” (91) en “Onseepkans” (91) voor. Weideman verwys verder na die “Halfwoestyn” (33)

en na die Oranjerivier as die “Gariep” (5) of die “Grootrivier” (7, 17). Die bundel is ryk aan plantname wat eie is aan die Noordwes – dit is spesifiek die tema van die gedig “Ook name” (35) waarvolgens “name blom en flonker” om “fleur” te gee “wanneer die landskap val en gekraalbos lê”. Hier lys Weideman talle unieke plantname: “duikerwortel”, “hongerblom”, “tandpynbos”, “boesmanskers”, “ramblom”, “rooipoppyes” en “jakkalsblom”.

Oewerbestaan bevat plekname soos “[K]aros” (16, 17, 24), “[U]pington” (16, 21), “[G]ariep” (21), “[P]abalello” (22), “[K]alahari” (26) en “Noenieput” (37); asook ander geografiese merkers soos die talle verwysings na die omgewing se besproeiingskanale (19, 27, 28) (met die eerste afdeling getitel “kanale en onderpaaie”, 13, en ’n verwysing na die term “kanaal-ape”, 18); die “rivier” (16) (hier die Oranje of Gariep), “woestyn” (16) en plante soos die “kameeldoring” (24). Dít staan in kontras met die vele Spaanse plekname soos “[G]ranada” (31, 33), “[A]lfacar” (33), “[S]ierra [N]evada” (37), “[T]arragona” (42) en “[M]adrid” (31, 43, 44).

Die invloed van Noordwes-Afrikaans is sterk teenwoordig in die gedigte in *’n Staning onder sterre*. Die taalkundige Links (1989: 26) wys in *So praat ons Namakwalanders* op die verskynsel van klankverlies as gevolg van atoniese reduksies as tipies van Noordwes-Afrikaans. In *’n Staning onder sterre* word hierdie verskynsel weergegee deur die gebruik van woorde soos “bokvelkros” (16) vir bokveldkaros en “blo” (79) vir belowe. Wat leksikon betref, skryf Links (1989: 61-67) onder meer oor die Khoi-invloed op hierdie geolek. Hy verduidelik dat dié inheemse taal se invloed veral te bespeur is met betrekking tot plantname, diername en ander woorde wat met die veldlewwe verband hou, huishoudelike woorde en uitdrukkings asook plekname. In *’n Staning onder sterre* kom talle woorde voor wat van dié Khoi-invloed getuig. Plantname soos “t’kôbovy” (35) en “t’nouroevygie” (57); die “grawe aan ’n gorê” (57) asook die maak van heuningbier of “!kharib” (12) word aangetref terwyl plekname soos “[G]aries” (50) duidelik die Khoi-invloed toon. Weideman was self uitgesproke oor die belangrikheid daarvan om alternatiewe vorme van Afrikaans soos Noordwes-Afrikaans op te teken en te bewaar – hoewel hy verklaar dat hy dit nie noodwendig aktief in sy literêre werke doen nie. Sy teks bevat egter heelwat meer van hierdie vorme as die ander twee bundels. Plekname met ’n Khoi-invloed soos “Gamohaankop” (14, 38), “Gamagara” (49) en “Gamasep” (30) in *Heuning uit die swarthaak* en “Gariep” (21) in *Oewerbestaan* val egter wel op.

Interessant hier is die oorblyfsels van Khoi-plekname wat skakel met die kwessie van kaarttekening, grondbesit en identiteit. As eerste inwoners van die Noordwes het die Khoekhoen dit benoem, maar met die komst van die wit trekboere het hulle stelselmatig grondbesit en politieke mag verloor wat tot gevolg het dat baie van die Khoi-terme vir plekke, plante en diere met die verloop

van tyd verdwyn het. Daar sou gespekuleer kon word dat die rede waarom die minste van hierdie Khoi-woorde in die mees resent-gepubliseerde digbundel (*Oewerbestaan*) voorkom, juis te make het met die feit die jonger Myburgh minder bekend is met hierdie woorde as ouer Noordwesterlinge Riekert en Weideman. Oor die kwessie van grondbesit sal ek verder uitbrei as politieke representasie later aan die bod kom.

In aansluiting by die beskrywing van die eiesoortige plantegroei van hierdie droë streek, kom die dorre klimaat en die impak daarvan op mens en dier dikwels in die drie bundels voor. Oor die preokkupasie met water en reën dig Riekert in gedigte soos “Jakkalstroue” (17), “Die oog by Kuruman” (20), “Dit reën hoër op” (32) en “Die oog” (36). “Ook name” (35), “Bronwater” (38) en “Dorsland” (77) van Weideman gaan spesifiek oor die impak van droogte in hierdie gebied en die wyse waarop die preokkupasie met water neerslag vind in geografiese name van die streek. In “Ook name” (53) duï die digter-spreker aan dat name “blom en flonker hier” en “gee fleur wanneer die landskap val / gekraalbos lê”. Hierdie kleurvolle geografiese name “spat en flankeer / en flikflooi met die oog / al het die syferfonteine van gister / en eergister opgedroog”. Ter inleiding van ’n hoofstuk getiteld “Watervoorsiening” in die reedsgenoemde antropologiese studie oor die Noordwese, skryf Ferreira (1986: 57) hieroor: “n Mens hoef slegs ’n kaart van die Noordwese voor jou oop te vou om te besef hoe belangrik water in hierdie streek is. In ’n menigte plaas- en plekname kom ‘water’ in een of ander verband voor.” In Weideman se gedig “Dorsland” (77) kom dié kwessie spesifiek aan die bod:

Verniet vermaan die padpredikant:
 Soutputs, Bitterputs, Galputs.
 Onder in die piercing
 die restant van eeuw se verbittering [...]

Hierdie drie plekname duï op die brakwater van die streek maar waarskynlik ook op die sukkelbestaan wat baie van die Noordwese se inwoners oor die eeuw in die barre omgewing gevoer het. Die belangrike rol van besproeiingskanale en die rivier in *Oewerbestaan* is reeds vermeld met die voorplat en bundeltitel as tekenend van hierdie tema. Die benaming “kanaal-ape” (18) wat Myburgh ook gebruik in die onderhoud met La Vita (2009), duï verder op die sentrale rol wat water in hierdie skemagemeenskappe van Karos en Upington speel. Myburgh verwys voorts in meer as een gedig na vloede (21, 27, 28). Die besproeiingskema wat wingerdboerdery langs die Oranjrivier in die Upingtonomgewing moontlik gemaak het, ervaar van tyd tot tyd vloede. As die rivier en kanale oorstroom, dikwels met groot reën na periodes van droogte, het dit ’n vernietigende invloed

op boere en inwoners van die area⁷. Die gevare van oorvloedige water in 'n dorre gebied figureer ook in Riekert se "Kleinsussie" (60) waar die digter-spreker skets hoe die babadogtertjie (volgens die titel sy sussie) in 'n konka met water verdrink: "Jy het gekruip / agter jou dors aan / in die helder water / was die borrels van jou asem goue vissies / wat net buite bereik / van jou handjies bly swem".

In al drie digters se bundels word verskeie verse wat landskapsketsings bevat, aangetref. Die term 'landskap' word spesifiek in Weideman (5, 34, 35 en 85) en Myburgh (16) se bundels gebruik. Soos Raes (2000) aandui, is die ruimte van die landskap by uitstek die produk van persepsie oftewel gewaarwording. Dit blyk ook uit hierdie landskapvoorstellings waar die onwaarskynlike aantrekkingsskrag van die Noordwese telkens geskets word. Soos Robinson (2012) tereg opmerk, sal die Noordwese waarskynlik nie as 'n 'mooi' area deur die meeste buitestanders beskryf word nie. Die oog van die digter afkomstig uit hierdie wêrld sien dit egter anders. In gedigte soos "Die vaal maan" (11) van Riekert, "Halfwoestyn, skemer" (33) van Weideman en "upington" (21) van Myburgh kom die streek se uitsonderlike skoonheid sterk aan die bod. Die gedig "upington" (21) beskryf die "gelyfde stad" (strofe 1) en "verkwiklike stad" as 'n gul oase in die woestyn: "*mirador* van 'n oewerbestaan, / hawe vir woestynskepe in sandstorms verdwaal". In "Halfwoestyn, skemer" (33) wys die digter-spreker op die wanpersepsie dat by gebrek aan groen, daar niks groei in die Noordwese nie, terwyl die skoonheid van die halfwoestyn in ander natuurkonstruksies lê:

Selfs al lyk dit of niks hier groei nie
al blom net rose van klip
al is die twagras swart geskroei
al lê die stof drievingerdik

is hier klippatrone
oulandjies en veld gemaosaïek
klipsplinterspel
oorskietstukkies keramiek

Die bewonderende toon van hierdie representasies is (soos reeds vermeld) volgens Schama (1996) tipies van landskapvoorstellings. In hierdie gedigte kom die ongenaakbaarheid van die streek egter ook na vore. Myburgh wys byvoorbeeld op die feit dat Upington "songeskroei" is maar ook soms blootgestel word aan "die siedendste vloed"; en Weideman sluit sy vers af deur te sê: "hier word die skrilste en die dofste / getemper met 'n tempermes" – met die implikasie dat dié skoonheid ontstaan het uit foltering.

In talle van die drie digters se verse kom fasette van die kulturele gebruikte van

die dorre streek na vore. Riekert vermeld gebruikte soos kerkdienste as bron van hoop in hierdie onverbiddelike wêreld (38, 49 – spesifiek die biddag vir reën en die middernagdienste met die “wedeweес wat alleen / in rousteenhuise / die Here bly dien / met ’n sug”), die stook van witstamkoffie (35) en die kook van seep (58); terwyl Weideman dig oor die brou van heuningbier (12), buiteslaap in die Noord-Kaapse hittige nagte (11) en die ritueel van die streek se vrugte eet na ’n warm middag in “Onder die prieel” (40).

Nes Weideman in sy reeks gedigte oor sy Ouma Baai (afdeling II, 11-17 van *’n Staning onder sterre*), skryf Myburgh ’n aantal gedigte waarin hy tipiese werf- of plaatstonele in die streek van sy kinderde skets – sien byvoorbeeld “uitvaltyd” (17) en “sleepwaens met kafbale” (20) in *Oewerbestaan*. Hierdie agternaperspektief ten opsigte van die vervloë jeug het, in ooreenstemming met Schama (1996) en Hirsch en O’Hanlon (1995) se sieninge, soms ’n geïdealiseerde dimensie. Daar is talle voorbeeld in Weideman se gedigte hiervan te vinde – vérál in die nostalgiese “Ouma Baai”-afdeling – waar die digter-spreker oor sy jeugbesoeke aan sy Ouma Baai se Noordwesterse plaas dig. Dié ruimte het ’n byna hemelse dimensie met talle engele en magiese sterre in die omgewing van die plaas – daar is byvoorbeeld “dolende engele” op Ouma Baai se werf in “Ouma Baai maak heuningbier” (12) asook terloopse verwysings na engele in “Buiteslaap by Ouma Baai” (11), “Ouma Baai se streep” (16) en “Ouma Baai se begrafnis” (17). Wat die helder sterre bo haar Noordwesterse plaaswerf betref, is daar talle verwysings na ’n “verskietende ster” (11), “môrester” (12) en “aandster” (14). In “Ouma Baai se streep” (16) skryf Weideman dat “die maan / en die sterre stilgestaan” het bo haar plaas – “dis meer as dat sy salig is; / veel meer as net verbeel”. Die verbintenis met die digter-spreker se ontlukende kreatiwiteit en hierdie jeugruimte se hemelsheid kom ook na vore in ’n gedig oor die prentjies waarmee Ouma Baai haar kliphuis versier het getitel “Ouma Baai se ensiklopedie” (15). Ten slotte sê die digter-spreker in hierdie vers:

Om die kliphuis op die rant
was die halfwoestyn en wildernis;
maar binne ... bínne was daar reënmiss.
En die ysblou stiltes van Groenland.

Hier is daar dus sprake van kreatiwiteit en die ontsluiting van ’n wyer wêreld buite die grense van die Noordwese. Die verknooptheid tussen Weideman se voorgeslagte, digterskap en die Noordwese, blyk ook uit biografiese informasie oor Weideman en onderhoude met die digter. Verskeie van sy kreatiewe voorgangerfigure, wat spesifiek familielede is, is afkomstig uit hierdie streek – by name sy vader wat meer as 200 volksliedere uit die omgewing opgeteken het; asook sy ma en ouma (Ouma Baai) wat uit ’n familie van Noordwesterse storievertellers kom (Viviers, 2010: 64).

By Myburgh het hierdie voorstellings van die kindertyd in die Noordwes egter 'n minder idealistiese trant as by Weideman. In die gedig "karos" (16) is die herinneringe meer genuanseerd: die "ek" "herinner my" "films wat vasbrand in skoolsale / die klanke tydens 'n tombola-aand", maar óók hoe "die sambok gereeld ingelê" is en die "koplosdans van hoenders om die kapblou". By Myburgh se verse oor die Noordwes is dus duidelik tekens van wat Davidson (2008: 29) 'n ruimtevoorstelling noem wat nie noodwendig geknoop is aan nostalgie nie maar suiwer aan die spesifieke herinneringsmoment, soos dit ervaar is deur die individu.

Kulturele gebruike en die geskiedenis van die mense van die streek kom veral in Riekert se "Pionier" (19) en "Graf op Goeimansberg" (22) asook Weideman se afdeling getitel "Variasies: tussen son en sand" (67–87) na vore. Weideman tree in laasgenoemde in gesprek met 'n Skot, William Charles Scully, wat aan die einde van die negentiende eeu die boek *Between Sun and Sand: a Tale of an African Desert* (s.a.) oor die Noordwes geskryf het waarin hy die strawwe klimaat en uitsonderlike landskap skets, terwyl hy die inwoners van die streek as agterlik en onbeskaaf voorstel. Weideman haal telkens 'n paragraaf uit *Between Sun and Sand* aan en reageer dan in versvorm daarop⁸. Scully se representasie kontrastreer sterk met die bovermelde gedigte van Riekert en Weideman wat empatie toon met die inwoners wat 'n lewe in hierdie moeilike omstandighede maak.

Riekert en Weideman se verse toon voorts 'n duidelike identifikasie met die pionier of trekboer as voorsaat. Riekert skryf in "Pionier" (19) oor die nalatenskap van hierdie voorgangers:

Jy het nie sommer net
hier gebly nie
sommer net gelewe nie
met jou kort vingers
het jy takke gebuig
en die vaalblou peule gepluk
met jou eie hande gemaal
en gesif as kos vir die bees
in die halfwoestyn
sodat ons wat kinders was
die melk kon drink
met die snaakse peulsmaak.

Weer word die kameeldoring (soos die swarthaak van die titel) as simbool gebruik vir die hart van die Noordwes wat met sy bittersoet bekoring, sy "snaakse peulsmaak", die inwoners van die streek voed – hier via die hand van die pionier wat die "takke gebuig" en die Noordwes kom tem het vir sy nasate.

Aan Montgomery (1998) sê Riekert inderdaad dat hy “Pionier” geskryf het na ‘n “ander vroumens” (‘n ander joernalis lei Mongomery af) hom gevra het of sy pa “sommer net hier was” en Riekert sy “moer vir haar gestrip” het. In “Graf op Goeimansberg” (22) skets Riekert ‘n naamlose graf: “enkel grondhoop / met die plat rooi klip / en die paar pol harde gras” wat geen aanduiding gee:

van die sterfjaar
 van die man wat stoetskape kon teel
 en wat geweet het dat sy saad
 die groot oorlog sou aandurf
 met ‘n band oranje om die skouer

en iets sal vertel van sy God
 die soekraak van sy naam
 en van sy rykdom

Die afleiding wat die leser maak, is dat hierdie gestorwe man ‘n voorvader is van die digter-spreker, aangesien hy sulke spesifieke detail van die oorlede man se lewe weet. Die verwysing na “sy saad” bring ook hierdie afleiding mee. Laastens klop dit met die biografiese inligting wat Riekert aan Montgomery (1998) gee – sy oupa het inderdaad in die “groot oorlog” (waarskynlik die Anglo-Boereoorlog) geveg as veldkornet en die graf is dus moontlik dié van ‘n ouer voorsaat.

In die afdeling waar Weideman die Scully-interteks benut, verwys hy deurgaans na die “julle” of “hulle” (69, 70) (Europeërs soos Scully) teenoor die “ons” (70, 74, 80, 86) (wat dui op die trekboere of inwoners van die Noordwese). Soos reeds aangedui, kom Weideman en sy voorgeslagte van die Noordwese wat in die eerste plek hierdie identifikasie verklaar. In “William Scully” (85) spreek die digter-spreker Scully aan oor sy negatiewe representasie van die trekboere wat destyds in die Noordwese ‘n lewe gemaak het:

’n Skilder, ook met woorde. Maar jou kwas
 veeg simpatieker oor die landskap, hoe skerp
 en ongenaakbaar ook die dalings, hoe kras
 die styging in temperatuur.

Wat is dit
 wat jou met soveel hovaardy, soveel ysigheid
 laat skryf? Het dit jou opgeval hoe dié
 wat jy bekijk asof hul parias
 is, hul laaste bietjie bokmelk bied?

Later in die gedig kom die identifikasie met die trekboere (die “parias”) weer aan die bod – “oor ons domastrante sorgsaamheid, ons caritas / skryf jy nie”. Die digter-spreker skyn onbegrip te hê vir die feit dat Scully soveel ontsag het vir die skoonheid van die dorre landskap maar soveel afkeer vir die inwoners van hierdie streek se goedhartige eenvoud en oorlewingsvernuf in dié ekstreme omstandighede.

Opvallend is Myburgh se meer negatiewe omgang met die Noordwesterse voorvaders soos blyk uit die reël “hiér dikteer dooies windlangs uit sipresse” in “karos” (16). Die “dooies” wat “dikteer” word duidelik nie as ’n positiewe aspek van die streek geskets nie, maar dui eerder op ’n obsessie met tradisie en ’n gebrek aan vernuwende denke. Hierdie tendens skakel met wat Coetzee (2000: 11-14) ook waarneem in die hedendaagse plaasroman waar die gesag van die patriargale voorgangers bevraagteken word.

Ander identiteitskwessies wat in al drie digbundels na vore kom, het te make met kuns en die selfrefleksiwiteit van die kunstenaar, fasette van die liefdesbeleving, politieke ingesteldheid asook die ervaring van die spirituele. Beide Riekert en Weideman dui, soos reeds genoem, in onderhoude op die verankerdheid van hulle kreatiwiteit in die skoot van die Noordwese. Die twee bundeltitels suggereer dit selfs met Riekert se gedigte wat as’t ware die heuning uit die swarthaak is en Weideman s’n wat ’n tydelike staanplek onder die hemelse bied – met duidelik verbande wat tussen die Noordwese en ’n tipe hemelse paradys gelê word in die bundel se eerste afdeling met die veelseggende titel “Verbeelde paradys” (5-8) asook die “Ouma Baai”-afdeling. Die gedig “n Stukkie Eden” (7) in die eerste afdeling skakel veral met hierdie tema. Dit maak melding van inheemse Noordwesterse plantsoorte, naamlik die “kokerboom” en “halfmens”. Die digter-spreker gee te kenne dat hierdie plantsoorte net werklik in hulle inheemse tuiste kan “gedy” – waarskynlik net soos die Noordwesterse boorling:

Die kokerboom se bloedneef
staan styf maar anders as hier
blomloos in die voorstadstuin, vêr
van die Boesmanland se kwartsporfier.

Die Richtersveld se halfmens
kan net langs die Grootrivier gedy,
daar waar klip op klip nog asem hou
dat Adam omdraai op sy ander sy.

Die verbintenis tussen die Noordwese en die hemelse paradys blyk duidelik uit die gedigitel en die verwysing na Adam.

In die “Verbeelde paradys”-afdeling van *'n Staning onder sterre* word 'n metapoëtiese konnotasie verder opgeroep – soos reeds gesuggereer deur die woord “verbeeld” in die afdelingstitel. Dit figureer veral in die gedig “Skepping” (5) (eerste gepositioneer in die afdeling). Die eerste gedig in *Oewerbestaan* se eerste afdeling (15) skakel nou met hierdie gedig van Weideman en dui waarskynlik (met verwysing tot inhoud en bundelposisie) op 'n intertekstuele gesprek met die ouer digter. Weideman se gedig begin: “Papier is wit, is koel, 'n landskap toegesneeu [...] / Beeld jou in: die vroegste helder skreeu / van die visarend oor die Gariep”, teenoor Myburgh: “so neem die digter dan pen op / om 'n oleander te laat blom asof vir die eerste keer / hy wil die son laat skif teen 'n sementdam, / lusernakkers afkoel in ink”. In die slotreëls van hierdie gedigte kom die digters se verskillende benaderings tot die Noordwesterse ‘paradys’ as voedingsbron van hul kreatiwiteit egter na vore. Weideman skryf: “Geduldig is papier: soutlek waar jy, misdeeld / tekorte aanvul en jou telkens 'n paradys verbeeld.” Daarteenoor stel Myburgh: “wanneer hy [die digter – MB] so kripvreet / raak hy telkens die bliksem in / vir die verraad wat die gedagtes pleeg”. Die feit dat Myburgh 'n soortgelyke boerdery-geïnspireerde metafoor as Weideman benut, naamlik “kripvreet” teenoor Weideman se “soutlek”, laat dit selfs na 'n intertekstuele korrektief op Weideman se ‘Eden’ lyk. In *Oewerbestaan* herroep die digter-spreker wel 'n kindertydse Noordwesterse maar dit is nie die nostalgiegekleurde verbeeldte paradys wat geskets word in *'n Staning onder sterre* en as't ware as geestelike lafenis (“soutlek”) vir die digter-spreker dien nie. Myburgh se ‘kripvreterey’ hou 'n skraler emosionele vergoeding vir die digter-spreker in.

Weideman self benut talle poëtiese intertekste in *'n Staning onder sterre*. Van hierdie intertekste is Boerneef, soos Weideman (1998: 113) self in sy agternawoord tot *Pella lê 'n kruistog vêr* te kenne gee en duidelik blyk uit die Boerneef-vers wat as motto vir *'n Staning onder sterre* dien, een van sy belangrikste invloede¹⁰. Myburgh maak, soos reeds vermeld, veral van die Lorca-interteks gebruik om sy verhouding met die Noordwesterse te verbeeld. Myburgh suggereer in verse soos “swem in die kanaal” (19) die onsekerheid verbonde aan die digter-spreker se ontluikende homoseksualiteit in hierdie konserwatiewe jeugruimte (“nakend verdwaal jy in my tenger arms / voordat ons dye skramse kennis maak / met die vaart waarmee 'n karp sy rigting / in die modder byster raak” – 19). Soos Taljard (2010) noem, kan dié faset in verband gebring word met die Lorca-interteks, aangesien laasgenoemde se teregstelling deur nasionalistiese militêre magte aan die begin van die Spaanse Burgeroorlog ook gekoppel word aan sy homoseksualiteit. Myburgh staan voorts krities teenoor die apartheidspolitiek wat hoogty vier in die meer konserwatiewe Noordwesterse gemeenskap. In “terugblik” (24) beskryf hy hoe “eenvoudig” alles lyk “deur die oë van 'n kind”: “hart-karos, besaai met motorwrakke / standplaas van omsingelde gedagtes”. Dié “omsingelde gedagtes” resoneer met dit wat die “dooies” “dikteer” in die reeds bespreekte gedig “karos”

(16). Gedigte soos “huisbesoek” (22) en “ousie” (23) sluit verder aan by hierdie gegewe. Veral in eersgenoemde wys die digter-spreker op sy gewetenswroeging met die gemeenskap se rassisme as hy vertel hoe hy homself moet beteuel om nie daarop te reageer nie en, skynbaar, in te skakel by die res:

met die ontsag van 'n huigelaar onderneem ek
om woorde te snoei, binneraaisels te praat, selfs te swyg
oor raspejoratiewe wat soos buskruit in die
rook bo braaivleisvure ontbrand,
skroomvallig aanhou ry verby herberge
van goiing en sink waar verkragters babas
uit doekie bind, ompad hou verby enklawes
wat ontstig.

Hier is duidelik nie die sterk identifikasie met die Noordwesterse gemeenskap wat in Riekert en Weideman se werk voorkom nie, maar eerder die suggestie van buitestanderskap ten spyte van die feit dat die Noordwes vir die digter-spreker óók 'n tuiste is. Weideman en Riekert se voorstellings van hulle (heteroseksuele) liefdesverhoudings, sterk gekleur deur metafore eie aan die streek, is ook heelwat minder gekompliseerd as dié in *Oewerbestaan*. Gedigte soos “My vrou se naam” (27) van Riekert en “Al sou” (57) van Weideman gebruik Noordwesterse beeldelikheid om die innige romantiese verhouding met die huweliksmaat te verbeeld. Daar is ook sprake van 'n meer tradisionele patriargie en genderverhoudinge in Riekert se gedigte waar liefdesverhoudings ter sprake kom – sien byvoorbeeld “In die begin” (7) waarvolgens “die vrou opstaan uit die / jonasklip en in die geur / van heuning die olyf/ uit daardie man se hand eet”.

Wat politieke ingesteldheid betref, is meer subtiese tekens te siene by Riekert as by Weideman en Myburgh. Riekert suggereer die onteiening van die San as die oorspronklike inwoners van die Noordwes in een van sy talle verse oor “die Boesman”, getiteld “Die skepping van die mens” (63):

Jare terug het God
die water van die Oog
genezem en gemeng
met die potklei
van hierdie land
die Boesman gemaak
tot nou toe soek
hulle steeds na
die geboortegrond

Weideman se reeds vermelde afdeling waarin hy met die imperialis Scully in gesprek tree, het weer 'n sterker politieke toon as 'n tipe (wit) koloniale terugskryf aan die "empire" van destyds. Weideman raak die kwessie van grondbesit ook aan in die gedig "Koloniale diskloers" (8):

Wié was die eerste wáár; dis die vraag,
my liewe Hamlet. Wie se spoor
lê ondersands, toegewaai
onder ure, dae, maande,
líjgare van bestaan?
Die eerste mensepaar?
Wie se afgesplitste klip
en wie se slingervel lê daar?

Wie het eerste voet aan wal gesit,
of in die vangstrik? Hoe wéét ons dit?

'n Postmodernistiese beskouing van die onkenbaarheid van die geskiedenis en die subjektiwiteit van geskiedskrywing figureer hier. Dit skakel met die kwessie van waarneming en identiteit wat volgens Raes (2000) so sentraal staan in ruimtevoorstellings. Ook word grondbesit en mag aan die orde gestel – dalk op 'n meer intringende wyse as Riekert, maar sonder die openlike kritiek wat Myburgh jeens onteiening, magwanbalanse en rassisme verwoord.

Wat spiritualiteit as identiteitsmerker betref, is godsdiensverwysings in beide Riekert en Weideman se bundels volop. Beide digters werk met die paradys- en skeppingstema wat, soos reeds vermeld, dui op hulle kunstenaarskap, maar ook met religie in verband gebring kan word. Die titel van Weideman se "Skepping" (5) skakel ooglopend met Riekert se "In die begin" (7). Beide gedigte is naby die begin van die onderskeie bundels geposioneer. In Riekert se "In die begin", sowel as ander gedigte met 'n religieuse strekking in sy bundel (10, 14, 68), is daar meer tradisionele Christelike besinnings te vinde – wel, soos die talle geografiese merkers in hierdie gedigte aandui, verplaas na die Noordweste (in "In die begin" het "die Skepper die groot / wilde-olyf op Thamoanche / se nek gevel" om Adam en Eva daaruit te maak). Soos in Weideman se afdelings "Verbeeldende paradys" en "Ouma Baai" lê Riekert dus ook verbande tussen die Noordweste en sy godsdiensbelewing. By Weideman skyn die talle verwysings na die bo-aardse egter 'n meer mitiese of spirituele dimensie te hê. Iets van hierdie geestelike verankerheid in die Noordweste is ook aanwesig in Myburgh se gedig "by my pa se dood" (67) waar die digter-spreker skets hoe sy oorlede vader "fluitend skoffel in die grootbaas se olyfoord" met die verwysing na die olyfboerdery

wat assosiasies met die Noordwesterse landskap oproep. Die verbande wat hier veral tussen die Noordwese en kreatiwiteit, verbeelding en spiritualiteit gelê word, bring dus mee dat die Noordwesterse ruimte wat in die drie bundels gerepresenteer word beskou kan word as 'n metafisiese of imaginêre ruimte – 'n verskynsel wat weerspieël wat Fokkema (2003: 11) skryf oor ruimte voorstellings wat deur identiteit gekleur word.

Die rol van Noordwesterse voorsate/voorgangers in al drie digbundels is reeds bespreek. Dit is opvallend dat al drie digters dig oor die afsterwe van die vader in hierdie omgewing. Al drie plaas hierdie gedigte naby die einde van hulle onderskeie bundels. Riekert skets sy vader se lyding en dood as gevolg van asbestose (waarskynlik opgedoen tydens sy jare as mynbestuurder in die asbesmyne naby Kuruman) (30, 37, 66); Weideman beskryf hoe sy vader in Onseepkans "drie jaar te vroeg" sy eie doodskis gebou het (91); terwyl Myburgh in 'n roerende vers (67) sy vader se selfdood beskryf. Hierdie verse sou moontlik gelees kon word as tekenend van die finale breuk met die jeuglandskap – veral in die geval van Weideman en Myburgh waar die perspektief in die finale gedigte na ander Suid-Afrikaanse ruimtes skuif – onderskeidelik Valsbaai (93) en Grahamstad (72).

5. Slot

waarin die verlede op so 'n manier opgeroep word dat dit lesers emosioneel baie nou betrek. Die eietydse gewildheid van reistydskrifte, 4x4 safari's en wildphase in Suid-Afrika dui voorts op nostalgie wat lesers laat verlang na:

'n era toe Afrika nog 'n wilde, leë en eenvoudige plek was – onbegrens en vol wilde diere wat vrylik getrek het. Natuurlik berus hierdie "ideale" voormalige era op die "vergeet" van die mense in Afrika (Burger, 2014: 21).

Hein Willemse (2014: 4) is krities oor die werk van Snyman wat hy beskou as die:

gewildste vorm van openbare nostalgie waar Afrikaner kulturele hoogbloeи met oordaaд van bekendheid geskeп word met herkenbare vervloë figure: dominees en politici, tantes en ooms kerkbaars en vergaderings, boerekos en groot karre.

Volgens Willemse dra die herkenbaarheid en onskuld van die vertellings by tot die gewildheid daarvan. Hierdie nostalgie berus vir hom egter op selektiewe en gesaniteerde herinnering wat tot daadloosheid lei.

Feministiese kritici wys op die rol wat regionale literatuur speel om die implisierte gender-, ras- en klasvooroordeel van die kanon uit te wys. In die Amerikaanse konteks het die feministiese herontdekking van vroueskrywers uit die landelike gebiede bygedra om 'n alternatiewe literêre tradisie te skep. Die waardes van hierdie tradisie – gerigtheid op gemeenskapsverbondheid, die natuur, familie, samewerking, kommunikasie en 'n vroulike epistemologie – staan teenoor die waardes van 'n stedelike, kompeterende, manlik-gedomineerde sfeer. In die Afrikaanse letterkunde kan 'n mens hier dink aan die werk van Alba Bouwer, Audrey Blignaut, Dot Serfontein, Dalene Matthee en E.F. Kotze om enkele skrywersname te noem. In hierdie verband wil ek argumenteer dat die vroueskrywers wat tans oor gemeenskappe op die Kaapse Vlakte en in die Boland skryf, hierby aansluit. Die werk van Ronelda Kamfer, Shirmoney Rhode, Valda Jansen, Anastasia de Vries en Jolyn Phillips getuig van die vooropplasing van die familie, gemeenskapslewe en van matriargale waardes. Hierdie skrywers gee 'n genuanseerde blik op die samelewing en vermy 'n eensydige beeld van slagofferskap binne die Suid-Afrikaanse milieu. Dit is opmerklik dat dit huis vroueskrywers is wat aan die voorpunt van die opbloeи in hierdie skryfwerk is.

Regionale skryfwerk maak voorts gebruik van komplekse strategieë om nuwe en ontluikende vorms van identiteit ontentiek uit te beeld. Een van dié strategieë is die noukeurige optekening van unieke, onderskeidende streektaaluitdrukkings en uitspraakvorme. Dit is dikwels tipies van uitgebeelde liminale figure, waardeur op dié wyse die idee van 'n normatiewe identiteit uitgedaag word. Foote (2003: 34) kom tot die gevolgtrekking dat:

regional writers, for better or for worse, helped to introduce the production and consumption of local differences and local identities into a national vocabulary. In this way regional writing was able to figure differences as both a commodity and a positive value in itself.

Die uitbeelding van die buitestander of liminale figuur is een van die terugkerende temas in regionale literatuur en 'n tipiese verskynsel is die buitestander wat in 'n klein hegte, gemeenskap tereg kom. 'n Mens dink hier aan die stadsjapie wat as onderwyser, predikant, verpleegster, dokter na die platteland verhuis en 'n heenkomme daar moet vind. Diegene kry gewoonlik te doen met agterdog, poetse, selfs venyn en onderduimse pogings om sy/haar welsyn te kelder en 'n einde aan sy/haar verblyf te bring. In hierdie tekste word die problematiek van inheems en uitheems dikwels uitgespeel in ruimtelike metafore, in die mate waarin die inkommer kan inpas in die nuwe, vreemde ruimte. Foote (2003: 36) sê: "Because it is concerned with place, regional writing is deeply concerned with who is native and who a stranger". Regionale literatuur is dus 'n genre waarin identiteit, diversiteit en kulturele verskille ter sprake kom en daarom meen Foote (2003: 39) "regionalism provided a vocabulary to account for and to culturalise difference".

In die tekste wat vervolgens bespreek word, speel kulturele verskille en identiteit 'n tematiese sleutelrol. Vir die bespreking het ek tekste gekies wat nie in konvensionele opvatting van regionale of streeksliteratuur gereken word nie: twee jeugnovelle van Anzil Kulsen en *Tuisland*, die misdaadroman van Karin Brynard. Met hierdie keuse wil ek die reikwydte van hierdie subgenre uitbrei en dit kom goed te pas om die soeklig te laat val op die uitbeelding van aktuele sosio-politieke kwessies in 'n streekopset.

2. Anzil Kulsen se twee jeugnovelle

Die sentrale tema van Anzil Kulsen se eerste werk, *Zita* (2006), handel oor die jongmeisie wat uit haar bekende kulturele omgewing geneem word en haarself moet vind in 'n vreemde omgewing. Die hoofkarakter Zita moet die plaaslike hoërskool, 'n voormalige model C-skool, bywoon, en staan uit tussen die ander (wit) leerders. Syverwoord dikwels 'n gevoel van vervreemding en uitgeslotenheid. "Dit was vreemde mense, vreemde blyplek en vreemde skoolwerk. Vreemde sport, vreemde kos en 'n klomp wit koshuiskinders wat op hul joligste so rustig is soos 'n Sondagmiddag voor sokker in die lokasie. Soms het selfs die bekende vreemd gelyk" (5). Weens haar anderse voorkoms en afkoms, is Zita ook in haar eie omgewing, die township Kieriekroek, 'n buitestander: "Die boere het nou glat'ie huis my koelie-gevreet met ope arms verwelkom'ie. Dit was maar amper soos die mense hier rond ... miskien bietjie erger" (9).

Die intrigue sentreer rondom die binêre opposisies van die bekende teenoor die vreemde, die enerse teenoor die anderse, die normale teenoor die afwykende, van tuishoort teenoor bevremding. Daar word nie weggeskram daarvan om kulturele verskille op grond van ras- en etniese merkers uit te wys nie. Die eienaardige maniere van die witmense word met die direktheid van 'n kindverteller oorgedra en as etnografiese kennis aangebied. Die verteller sal byvoorbeeld gereeld opmerkings maak oor die gedrag van die "boere". Eweneens word raspejoratiewe sonder verhulling gebruik: "Jou fokken wit bitch! ... Vedag sal ek tjou wys hoe moer 'n kaffer" (52).

Dié soort taalgebruik het sommige skoolouers in die werklikheid so teen die bors gestuit dat hulle 'n kampanje aan die gang gesit het om die boek van die voorskryflys verwyder te kry (De Vries, 2009). Ten spye van enkele negatiewe reaksies op die boek het die meeste lesers dit verwelkom dat kwessies van stigmatisering en kulturele onverdraagsaamheid in dié jeugboek aangedurf is. Die boek raak aan die manier waarop multikulturalisme in die meeste voormalige model C-skole uitspeel. Die Vigs-les in Juffrou Ellis se Lewensoriënteringklas (hoofstuk 7) getuig van die sensitiewe aard van rasstereotipes en dat daar omsigtig met groepsidentiteit omgegaan moet word. Ten opsigte van 'n strak multikulturalisme maan Kymlicka (2010: 100) daarteen dat dit nie beperk word tot die aanname nie dat "each group has its own distinctive customs (which) ignores processes of cultural adaptation, mixing and melange, and renders invisible emerging cultural commonalities".

Zita se storie ontvou as 'n soektog na genealogiese en kulturele wortels; sy leer dat haar pa nikks met haar te doen wil hê nie en sy leer terselfdertyd kulturele verdraagsaamheid en aanvaarding van die ander – 'n Zita wat nie almal veroordeel nie en wat beslis nie dink die wêreld skuld haar iets nie (159) – 'n 'ligter' Zita wat nie meer skaam is vir hulle riethuis nie (160).

Ook in '*Hart vol sand*' (2015a) word die inkommerkwessie deur Kulsen op die spits gedryf veral ook omdat dit in dié omstandighede gaan oor beperkte hulpbronne: "Op dié stadium lyk dit of die enigste mense wat enigsins by Kepeke baat vind, die inkommers is" (77). Die hoofkarakter Jenna verhuis met haar ouers van Welkom na Kepeke, 'n gehug op die deurtog na die Kgalagadi wildreservaat waar haar pa sy sendelingmentaliteit wil uitleef deur die plaaslike gemeenskap op te hef. Jenna verpes aanvanklik die agterlikheid van haar nuwe tuiste en probeer deur sosiale media kontak behou met die wêreld wat sy moes agterlaat. Soos sy al meer betrokke raak by die jongmense van Kepeke onder andere deur 'n jeugkoor te stig en die N/u taal aan te leer, begin sy die organiese gemeensaamheid ervaar en besef watter rol sy kan speel: "Sy het in haar lewe nog nooit soveel ellende op een plek gesien nie, maar sy wil beslis nie nou weer oppak en trek nie" (126).

By een van die ou inwoners leer sy 'n kernwaarde van die omgewing: "Mens moet mekaar nooit afstaan nie, so het ant Margaret ons geleer. As jy een askoek het, deel jy hom met almal ... Ant Margaret was altyd so lief om te praat van Kepeke. (Sy) het gesorg dat ons nooit ooit vergeet Kepeke beteken 'baie' nie. Al is daar die dag bitter min om te eet, al is die meelblik leeg en die bokke maer, dan het ant Margaret gesê ons moet net glo aan Kepeke" (145).

Dit noop haar ook om die duiwelse bedrywighede wat in die dorp aangaan, aan die kaak te stel. Sy maak kennis met die gewetenlose koppelaars wat die jong vroue lewer aan die lorriedrywers in Namibië en hulle daaraan afsmeer as die vroue met vigs terugkom. Die intrige van die verhaal bou op tot by die botsing en ontmasking van oom Kerneels en sy bende mensehandelaars. 'n Positiewe verwikkeling is die ontlukkende vriendskap tussen Jenna en Richard. Hy vul haar edel optrede aan met sy projek om die medisinale voordele van inheemse plante wetenskaplik te ontsluit en op groot skaal te verbou tot voordeel van die gemeenskap.

Maatskaplike kwessies is dus ingeweef in die intriges van Kulsen se novelles. Oor die skryf van '*'n Hart vol sand*' sê sy die volgende:

Ek was op die uitkyk vir nog eg Noord-Kaapse stories ... Ek wou graag meer van die uniekheid van die Noord-Kaap weergee, dus het ek letterlik gaan kyk wat in die plekkies waar niks aangaan nie, aangaan. En die resultaat was skokkend ... Die moeilikste was om die kulturele kwessies en die storie mooi saam te weef. Om die maatskaplike probleme wat die gemeenskappe in die gesig staar, op so 'n wyse aan te bied dat dit empatie by die leser wek en tog ook 'n storie vertel wat hoop gee, met 'n bietjie humor ook tussenin (Kulsen, 2015b).

Dit is vir haar netso belangrik om die kwessies van die dag aan te raak as om 'n realistiese beeld van die geweste te projekteer. Kowalewski (2003: 8) maan ook dat "regional authors often have to wrench their work free from popular, overpublicized representations of regional identity". Foote (2003: 32) wys op die mistasting wat kritici maak wanneer hulle primêr fokus op die estetiese dimensies van streeksletterkunde en eers daarna die sosiale kommentaar uitleg. Vervolgens sê sy: "They therefore missed how completely regionalism's expansive concerns and conventional narrative strategies enabled its innovative engagement with new cultural formations in its own day".

Die bestaande analise het die soeklig laat val op die uitbeelding van kwessies rondom kulturele assimilasie in 'n multikulturele gemeenskap in Kulsen se twee jeugnovelle. Dat die gebeure in 'n Noord-Kaapse plattelandse gemeenskap afspeel, is 'n aanduiding dat dié problematiek nie beperk is tot stedelike gemeenskappe nie en wys ook op die sentrale rol van regionale literatuur om sodanige aktuele kwessies te belig.

3. Karin Brynard se *Tuisland*

Karin Brynard se roman speel behendig in op die beeldvorming van die Noordwes terwyl dit ook die komplekse aard van identiteit en kultuur belig. Die konsep “scripted space” omskryf en beperk dikwels hoe skrywers met omgewing en kultuur as kommoditeit omgaan en daarom moet kontemporêre regionale skrywers dikwels skryf teen konvensionele beelde: “Regional writers often have to deal not only with selective historical memory, but with a plethora of predigested and preassigned images and characters which eclipse other, more searching evocations of place” (Kowalewski, 2003: 10).

Op sy uiterste kan die viering van regionale identiteit ’n bemarkings- en promosieefoeie wees wat meer te doen het met kitsch, nostalgie en die slagspreuk “plaaslike ekonomiese groeipotensiaal” as met ’n dieperliggende sin van gemeenskap. Dit kom neer op die verpakking van regionale identiteit as kommoditeit en loop die gevaar dat dit kulturele en etniese diversiteit ignoreer, konflik negeer en natuur en landskap vereenvoudig tot ikoniese beelde soos sandduine, kokerbome, karoobossies en die Groot Vyf.

Brynard is egter bewus van hierdie geblikte beelde en maak gebruik van subtiele ironieë om hierteen in te skryf. Die roman is die derde aflewering in ’n reeks, voorafgegaan deur *Plaasmoord* (2009) en *Onse Vaders* (2012), waarin polisiekaptein Beeslaar en sy twee adjudante Ghaap en Pyl hul in die Noord-Kaap bevind om die moordenaar van kaptein Kappies de Wet, vermoedelik die Boesman ene Coin Bloubees vas te trek. Soos in die twee vorige romans word verskeie verhaallyne vervleg; die ondersoek word geleei deur kolonel Kockoes Mentoor wat in ’n oomblik van swakheid voor Kappies geswig het en nou probeer om haar reputasie te herstel; Kytie Rooi wat die pedofiel prof. Herman Zimmerman van Munchen vermoor en op vlug slaan met die kind Tienrand wat sy uit sy kloue bevry het; die onderlinge struweling tussen verskillende groepe van die ≠Khômani San om voordeel te trek uit die Kgalagadi-grondeise, smokkelary met diamante, vroue wat in oorgrens-prostitusie “geseksverniel” word, strobery van inheemse plante en diefstal van die inheemse medisinale kennis van die Boesmans.

Daar is ’n bewustheid in die roman van die kontensieuse aard van die kwessies wat die Boesmans raak onder andere hul behoefté om ekonomiese voordeel te trek uit kultuurtoerisme. William Ellis (2015: 121) noem dat “The aspirations of certain bushmen is to commoditise culture and make it ‘work’, that is to do labour; to let it provide food, income, healthcare and services such as water, toilets and electricity”. Dit sien ’n mens in die stalletjie wat Yskas Arnoster, geklee in sy tradisionele xai-velletjie en kopband van springbokvel, langs die hoofpad bedryf waar hy pyl en boog verkoop asook Tsokkos “wat saam met ’n groep performance Boesmans ... op ’n toeristeplaas in die Cederberge kultuурgoed doen vir die toeriste” (492).

Die roman bied 'n ironiese blik op die geromantiseerde beeld van die Boesmans: 'n beeld wat herinner aan die Jamie Uys-film *The Gods Must Be Crazy* met sy voorstellings van sagsinnige jagters wat die dier met respek, byna deernisvol doodmaak en bedank vir die offer wat hy gee (558). Die moderne Boesman weet dat outentiekheid nageboots en opgevoer word tot eie voordeel. As voorbeeld hiervan meld Ellis (2015: 129) 'n uitspraak wat Dawid Kruiper graag gebruik het: "as jy 'n leier wil wees, moet jy 'n luier kan dra". 'n Ware Boesman skram dus nie weg van die tradisionele beeldvorming nie. "Traditional ≠ Khomani saw these simulacral images of what it means to be a bushman as critical for their successful engagement with tourists and other interested parties", aldus Ellis (2015: 129).

In die roman word dit as volg gestel: "Selfs die ou leier, oom Windvoet !Kgau, is ten gunste. Vroeër het hy gedroom van terugkeer na 'n volledige jagter/gaarder-bestaan, maar in 'n wêrld wat klaar opgemeet en afgekamp is, is dit onmoontlik. Tradisie-toerisme is die kompromis" (538).

'n Interessante intertekstuele spel wat Brynard gebruik, is om optekenings uit die Bleek en Lloyd-versameling in te vleg in die vertelling. Die vertellings van Seko, die Boesman, is daarop gemik om 'n outentieke gevoel te gee aan die Boesmans se kosmiese en mitologiese belewing:

Seko kyk. Dis hy wat kan sien.

Sien wat niemand sien nie, want hul het gevergeet hoe mens kyk.

Kyk vir die groter dinge.

Dié dinge word vir Seko oopgemaak.

Al daardie kennis kom na hom toe.

Want die dooies praat met hom.

Die dooies wat in die maan gaan woon het. (19)

Hierdie teksaanhalings herinner aan Antjie Krog se omdigting van die /Xam oorlewing in haar bundel *Die sterre sê tsau* (2004). Kyk in hierdie verband onder andere na "Die gebreekte snaar" wat handel oor die bedreiging en uitwissing van die Boesmans se bestaanswyse, en "/Xam voorgevoelens" wat hul buitesintuiglike belewing van die wêrld uitbeeld.

Hierdie verwysings bevestig die intellektuele en emosionele diepgang van die Boesman-kultuur en moet opgeweeg word teen die kommodifisering en kunsmatige vertoon van Boesman se kulturele uitinge en inheemse kennis. Met hierdie teksgedeeltes wil die roman 'n suggestie gee van die outentiekheid van die gerepresenteerde wêrld deur dit te laat aansluit by 'n korpus gekanoniseerde werke en sodoende ook die stigmas rondom die Boesmans deurbreek.

'n Teleurstellende wending in die roman is wanneer dit blyk dat die mitiese

figuur Seko inderwaarheid die karakter Optel is; die versteurde, gewetenlose reeksmoordenaar wat vingers van sewe van sy slagoffers in konfytbottels bewaar het. Dié *deux ex machina* is allerminds 'n bevredigende afloop van die verhaal. Dit is 'n teruggryp na die beeld van die Boesman as 'n redelose barbaar.

In haar studie oor die wyse waarop Piet van Rooyen die Boesman-kultuur verwerk in 'n aantal romans spreek Helize van Vuuren (2002: 92) kritiek uit op die slot van die romans wat in dood eindig. Sy identifiseer dit as 'n onvermoë van die oueur om nuwe moontlikhede te kontempleer; vergelyk "die boesman-bewussynstroom word nooit van binne-uit verken nie. Hiervoor stok die verbeelding in die Van Rooyen-romans ... die dood as slot ... word ook metafories van die doodloopstraat".

Dit is debatteerbaar of Brynard hieraan ontkom. *Tuisland* is nogtans 'n genuanseerde kyk op die problematiek van die Boesmans in die eietydse omgewing – een waarin die geromantiseerde beeld van die edel barbaar vermy word, maar waarin nog nie tot die Boesman as volwaardige subjek gevorder is nie. Weliswaar kan die Boesman of San nie in die Noord-Kaapse literatuur geignoreer word nie. Soos een van die karakters dit stel: "Hier lê baie bloed in hierdie sand. Mense dink ons spore is doodgevee. Maar die sand onthou" (389).

4. Slot

In hierdie artikel is die verskynsel van regionale of streekliteratuur ondersoek met 'n fokus op die wyse waarop aktuele sosio-politieke kwessies daarin aangeraak word. Hierdie subgenre word dikwels gedefinieer deur te verwys na die streekstaaluitdrukkinge, volkse tradisies en die uitbeelding van afgeleë ruimtes wat daarin gestalte kry. Die blik op hierdie verskynsels is meestal nostalgie en met heimwee gevul. Die argument in die artikel is dat regionale literatuur ingebed is in die eietydse konteks en rekenskap gee van die aktuele kwessies wat daarin afspeel. Juis om die konvensionele opvatting van regionale literatuur te problematiseer, het ek tekste gekies wat nie normalweg binne daardie kategorie geplaas sou word nie. In hierdie geval is dit twee jeugnovelles deur Anzil Kulsen en 'n misdaadroman deur Karin Brynard.

In Kulsen se twee jeugtekste word gefokus op kulturele verskille en identiteit in 'n multikulturele gemeenskap. Maatskaplike kwessies soos armoede, prostitutie en mensehandel word ook aangeraak en daar word ondersoek ingestel na hoe die kulturele en natuurlike rykdom van die streek tot die voordeel van inwoners ontgin kan word.

In Karin Brynard se misdaadroman *Tuisland* tree die agtergrondgegewe van die Noord-Kaap op die voorgrond om kwessies oor identiteit en kultuur en die kommodifisering van die Boesman-kultuur onder die soeklig te plaas. Die

roman gee 'n aanduiding van die komplekse aard van hierdie kwessies en wil 'n genuanseerde omgaan daarvan voorhou.

My slotsom is dat regionale literatuur op verwikkeld wyse met aktuele kwessies omgaan en dat die fokus ook daarop moet val naas die ondersoek na streektaal, volkse uitdrukings en tradisies. In aansluiting by die titel is my slotsom dat daar spore van regionale literatuur in verskeie ander subgenres is en spore van aktuele problematiek in regionale literatuur.

Universiteit van Wes-Kaapland

Bronnelys

- Burger, Willie.** 2014. Twintig jaar na demokrasie: Realiteitshonger, die populêre wending en transnasionalisme. *Litnet Poolshoogte*. <https://www.litnet.co.za/poolshoogte-twintig-jaar-na-demokrasie-realiteitshonger-die-populere-wending-en-transnasionalisme/>. (Datum van gebruik: 27 Julie 2016).
- Brynard, Karin.** 2016. *Tuisland*. Kaapstad: Penguin Random House.
- Cloete, T.T.** 1992. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Crow, Charles L. (red.).** 2003. *A Companion to the Regional Literatures of America*. London: Blackwell.
- De Vries, Abraham (samest.).** 2000. *Uit die kontreie vandaan*. Kaapstad: Human en Rousseau.
- De Vries, Izak.** 2009. Zita van Anzil Kulsen en die pôpo wat op pad is waaier toe. <http://blogs.litnet.co.za/izak/2009/01/22/zita-van-anzil-kulsen-en-die-p244po-wat-op-pad-is-waaier-toe/>. (Datum van gebruik: 18 September 2017).
- Ellis, William.** 2015. Ons is Boesmans; commentary on the naming of the Bushmen in the southern Kalahari. *Anthropology Southern Africa*, 38 (1-2): 120-133.
- Hendricks, Frank.** 2014. Naamgewing in die prosa van Elias P. Nel: 'n onomasties-linguistiese verkenning. In: Van Wyk, Steward en De Vries, Abraham. (samest.). *Enig onder Professoren: 'n bundel aangebied aan Wium van Zyl by sy aftrede as professor in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Wes-Kaapland*. Bellville: Departement Afrikaans & Nederlands (UWK). pp. 121-144.
- Foote, Stephanie.** 2003. The Cultural Work of American Regionalism. In: Crow, Charles L. (red.). *A Companion to the Regional Literatures of America*. London: Blackwell. pp. 25-41.
- Kowalewski, Michael.** 2003. Contemporary Regionalism. In: Crow, Charles L. (red.). *A Companion to the Regional Literatures of America*. London: Blackwell. pp. 7-24.
- Krog, Antjie.** 2004. *Die sterre sê tsau*. Kaapstad: Kwela Boeke.

- Kulsen, Anzil.** 2006. *Zita*. Pretoria: Lapa Uitgewers.
- Kulsen, Anzil.** 2015. *'n Hart vol sand*. Pretoria: Lapa Uitgewers.
- Kulsen, Anzil.** 2015b. Tien vrae: Anzil Kulsen oor *'n Hart vol sand*. <https://www.litnet.co.za/tien-vrae-anzil-kulsen-oor-n-hart-vol-sand/>. (Datum van gebruik: 13 Oktober 2016).
- Kymlicka, Will.** 2010. The rise and fall of multiculturalism? New debates on inclusion and accommodation in diverse societies. *International Social Science Journal*, 61(2): 97-112.
- Van Vuuren, Helize.** 2002. "Ek hou 'n troetelboesman aan die lewe": die Boesman-drieliuk van Piet van Rooyen. *Stilet*, 14(1): 72-99.
- Van Wyk, Steward en De Vries, Abraham (samest.).** 2017. *Enig onder Professoren: 'n bundel aangebied aan Wium van Zyl by sy aftrede as professor in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Wes-Kaapland*. Bellville: Departement Afrikaans & Nederlands (UWK).
- Van Zyl, Wium.** 1992. Regionale literatuur. In: Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. pp. 420-421.
- Willemse, Hein.** 2014. Oor sosiale betrokkenheid. *Litnet Poolshoogte*. <https://www.litnet.co.za/poolshoogte-oor-sosiale-betrokkenheid/> (Datum van gebruik: 22 Julie 2016).

Afrikaans se verborge Katolieke geskiedenis in die Noord-Kaap

Anastasia de Vries

A hidden Catholic history of Afrikaans in the Northern Cape

This contribution aims at breaking the silence on the Catholic Church in the history of the Afrikaans language by offering an alternative view to the representation of the Church as a 20th century latecomer to the language. In this, I turn a critical gaze to how Afrikaans is positioned within the history of the Church, demonstrating how this positioning is complicit in her exclusion from the Afrikaans discourse. Evidence is provided that the Church already mobilised Afrikaans as a language of the liturgy as well as education in the 19th century, since 1864 in the Western Cape and 1873 in the Northern Cape, long before the Genootskap van Regte Afrikaners and much longer before it was officially accepted in the traditional Afrikaans Churches in the 20th century. Therefore, attention is drawn to this new insight, which may be used to recreate a more nuanced discourse on the role of the Church, especially that of the Catholic Church in the history of Afrikaans, and by the same token, as an alternative to the narrow English and colonial lens through which her history is still viewed.

1. Inleiding en agtergrond

In hierdie bydrae val die soeklig op 'n geskiedenis van Afrikaans in die Rooms-Katolieke Kerk (voortaan RKK, Katolieke Kerk of die Kerk¹), met besondere aandag aan die Noord-Kaap waar Afrikaans die dominante kerktaal is. Die problematiek is dat die Kerk tot nou kwalik in die Afrikaanse taalhistoriografie teruggevind kan word en die Afrikaanse taal en haar sprekers nog minder in die Katolieke kerkgeskiedenis.

Trouens, in sowel die Katolieke historiografie as enkele bestaande Afrikaanse taalgeskiedenisse en 'n handjievol artikels wat in akademiese publikasies en koerante² opgespoor kon word, word Afrikaans in 'n Katolieke konteks voorgehou as 'n twintigste-eeuse laatkommer. In werklikheid word die Afrikaanse taalgeskiedenis nog hoofsaaklik uit 'n wit Gereformeerde perspektief vertel, ondanks die bestaan van studies oor die geskiedenis van Afrikaans in diverse kerkgenootskaplike kontekste³.

Tog het 'n kritiese inhoudsanalise van die bestaande taalhistoriese literatuur⁴ aan die lig gebring dat uitsluiting uit die geskiedenis van die Afrikaanse taal op grond van kleur, ras, kultuur en geloof al grondig bekyk is, maar nog weinig binne 'n Christelike of kerkopset en allermins in verband met die Katolieke Kerk.

Vergelyk byvoorbeeld die korpus teikengerigte taalondersoeke wat die afgelope dekades in eersgenoemde verbande verskyn het. Binne die kort bestek van 'n artikel is dit egter onmoontlik om volledig rekenskap te gee van hierdie korpus en word ter illustrasie slegs enkele bronverwysings aangebied.

Só byvoorbeeld het etlike navorsers wat die wegslating van bruin sprekers as die grootste leemte in die Afrikaanse geskiedskrywing beskou het, hulle toegespits op dié sprekers se bydraes tot die wording en ontwikkeling van die Afrikaanse taal. Vergelyk Pieterse (1994) vir 'n deeglike bespreking en 'n stewige lys navorsers wat hulle hiermee bemoei het. Vir meer onlangse studies oor bruin en/of swart sprekers se rol sien onder meer Hugo (red. 2009) en Carstens en Le Cordeur (reds. 2016).

Danksy navorsing oor die ontwikkeling van Afrikaans as godsdienstaal – deur Christene en Moslems – is op geloofsvlak groot vordering met 'n meer verteenwoordigende representasie van die Afrikaanse taalgeskiedenis gemaak. Sien byvoorbeeld die studies wat aantoon dat die verskrifteliking van Afrikaans al van die negentiende eeu aandag gekry het in onder meer die Bo-Kaap (Ponelis, 1993: 52; Davids, 1987, 1989, 1990, 1991, 1994, 2008, 2011), Genadendal (Belcher, 1987) en die Paarl (Ponelis, 1993; Du Plessis, 1986).

Onder invloed van die sosiolinguistiek, en veral die taalwetenskaplike belangstelling in die variëteite van Afrikaans sedert die 1970's, is ook die ingeburgerde opvatting en teorieë oor die wording en ontwikkeling van die Afrikaanse taal toenemend meer krities herbeskou. Hiermee het die studiefokus al hoe meer verskuif van die standaardvariëteit en die ontwikkeling van Afrikaans uit sewentiende-eeuse Nederlands na die geskiedenis van die Afrikaanse taal in verhouding tot ander variëteite soos Kaapse en Noordwestelike Afrikaans.

Dit het gepaardgegaan met 'n herwaardering van die invloed van tale soos Khoi, Maleis en Portugees op die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans. Só het 'n opvatting byvoorbeeld inslag gevind dat Afrikaans gebore is uit die pogings van verskeie moedertaalsprekers aan die Kaap om die sewentiende-eeuse Nederlands te bemeester (Van Rensburg, 2012, 2015a, 2015b, 2016). Vir 'n uiteensetting van 'n verskeidenheid ontstaansteorieë kan onder meer Ponelis (1993) en Carstens en Raidt (2017) geraadpleeg word.

Naas en danksy dié korpus teikengerigte historiese taalondersoeke kon die diverse bydraes tot die geskiedenis van die Afrikaanse taal in die een-en-twintigste eeu in meer inklusiewe, verteenwoordigende of gemeenskaplike studies verreken word (Van Oort: 2008, 2010; Lawrence en Van Oort (reds.), 2014; Carstens en Raidt, 2017, 2018 en Van Rensburg, 2018).

Hierdie herbeskouings van die Afrikaanse taalhistoriografie word gewoonlik toegeskryf aan die poststrukturalistiese vooropstelling van die problematiek van representasie. Dit beteken die bestaande tekste van die Afrikaanse taalgeskiedenis

kon binne 'n poststrukturalistiese klimaat, en veral vanuit 'n verwante postkoloniale beskouing, benader word met wat Edward Said (1993: 225) noem 'n "hermeneutiek van agterdog" om ener syds die aandag te vestig op wie of wat in die geskiedenis opgeteken of weggeblaas is.

Juis die verswygtings het volgens 'n postkoloniale leesbenadering ruimte geskep om die hegemoniese diskourse oor die verlede te bevraagteken of te betwissel ten einde dit wat in die marges van die Afrikaanse taalgeskiedenis was, sigbaar te kan maak. Saam met die gevestigde kennis oor die geskiedenis van Afrikaans kon die 'nuwer', alternatiewe sienings herkonstrueer word tot 'n meer genuanseerde diskous oor die Afrikaanse taalgeskiedenis.

In die konteks van 'n postapartheid, postkoloniale Suid-Afrika, kan aangevoer word dat dié ontwikkelings in die teken staan van die dekolonialisering van die Afrikaanse taalgeskiedenis. By sodanige postkoloniale herkonstruksie van die Afrikaanse taalgeskiedskrywing op kerkvlak, en spesifiek Katolieke verband, wil hierdie bydrae aansluit deur allereers krities te ondersoek hoe die bestaande kennis oor Afrikaans in 'n Katolieke konteks geskep of gekonstrueer is.

Die aspek waarop hier gefokus word, is die nawerking van 'n sogenaamde twintigste-eeuse linguistiese wending binne die mens- en sosiale wetenskappe en die opkoms van poststrukturalistiese denkrigtings waarvolgens mag aan taal toegeken word om kennis te 'maak', en nie slegs oor te dra nie (vergelyk Foucault, 1998; sien ook Montessori, Schuman en De Lange, 2012).

Gevollik is kwessies soos kulturele representasie, sosiale posisionering en die sosiale prosesse en praktyke waardeur subjektiwiteit en identiteit in en deur taal gekonstitueer word, op verskeie studierreine vooropgestel en deurdink. Sodoende is die aandag verplaas na kennis as 'n sosiale praktyk wat in 'n bepaalde sosio-historiese, politieke, ekonomiese en kulturele konteks tot stand gebring is/ word.

Vanuit dissiplines soos die filosofie, sosiologie, kultuurstudie, diskopersstudie, taalteorie en literatuurwetenskap het die fokus op die terrein van die geskiedenis toenemend verskuif na *hoe* geskiedenis 'gemaak' is, na die prosesse en praktyke onderliggend aan die konstruksie van geskiedenis. Toenemend is besef die representasie van die verlede is nie 'n *rekonstruksie* nie, maar 'n *konstruksie* (vergelyk Ankersmit, 1990: 203).

Ten diepste gaan dit om die insig dat geskiedskrywing 'n sin- of betekenisskeppende praktyk is wat ten nouste saamhang met 'n gegewe skrywers verstaan van en oordeel oor die verlede, gemedieer deur taal wat die bepaalde perspektief en sosio-historiese konteks weerspieël van waaruit en waarin die geskiedenis gekonstrueer, versprei en ontvang is (Foucault, 1977: 27; sien ook White, 1987; Cohen, 1999 en De Certeau, 1988).

Omdat die geskiedenis gekoppel moet word aan die konteks waarin en

waaruit dit geproduseer is, deur 'n betekenisskeppende subjek wat die seleksie, interpretasie, verklaring en die representasie van die historiese data bepaal, behoort dit 'n kritiese bewustheid te skep dat bovemelde faktore verswyging (oop plekke of leemtes) in die hand werk (Trouillot, 1995; ook De Certeau, 1988).

Juis dié oop plekke skep die moontlikheid om alternatiewe sienings van die geskiedenis te verken. 'n Dekoloniseringsprojek behels volgens Mbembe (2016) meer as net die dekonstruksie of kritiese bewusmaking van wie of wat (in 'n gegewe diskokers) in- of uitgesluit is. 'n Volgende stap moet 'n kritiese bewustheid insluit dat alternatiewe bestaan, voortspruitend uit “[...] an attempt at imagining what the alternative [...] could look like” (Mbembe, 2016: 36).

Dit strook met Foucault (1973) se opvatting dat elke dominante visie op die (historiese) werklikheid noodwendig 'n moontlikheid tussen baie ander moontlike visies is. Volgens hom is daar in elke historiese periode sprake van 'n ander *epistem*, van dit wat in 'n bepaalde tydvak as kennis kan geld. Hiermee weerlê hy die tradisionele geskiedskrywing, soek hy na diskontinuïteit as 'n vorm van stroomop, andersom of veranderend dink, of in die woorde van Walter Benjamin (1974: 248) “[...] to brush history against the grain.”

Teen dié agtergrond kom die navorser, wat haar as Katolieke Afrikaanssprekende nouliks in die Afrikaanse taalgeskiedenis kan terugvind en as Afrikaanse Katoliek nog minder in haar Kerk se historiografie, te staan voor die problematiek om teen die grein in 'n alternatief vir die bestaande narratief oor Afrikaans in Katolieke verband aan die lig te bring.

'n Mens kan redeneer dat die marginalisering of verswyging van Katolieke in die Afrikaanse taalgeskiedenis regstreeks herlei kan word tot die komste van Jan van Riebeeck na die Kaap in 1652 en die vestiging van 'n Nederlandse kolonie waar 'n verbod op alle gelowe en Christelike geloofsoortuigings anders as die Gereformeerde geloofsoortuigings gegeld het. Dit het immers nie slegs die onderdrukking van ander gelowe beteken nie, maar ook diskriminasie en onderdrukking binne Christelike geloofsverband.

Vir Katolieke het die verbod op die openbare beoefening van hul Christelike geloof onder 'n Nederlandse bewind tot 1804 geduur, terwyl die verdrukking onder 'n Britse bestuur nog van 1806 tot 1820 voortgesit is toe Katolieke priesters verbied is en biskoppe tot 1838. Oor die rol van die kerk in die geskiedenis van die land skryf De Gruchy (1986) byvoorbeeld:

The story of the Church in South Africa demonstrates that religion is directly and intimately related to the socio-political history of the country. [...] in South Africa, politics and Church have been, and remain, bound together as one historical drama, one persistent struggle” (De Gruchy, 1986: 217-218).

Hoewel Brady (1951: 4) se aanname dat die RKK tot die negetiende eeu uit die annale van Suid-Afrika verdwyn het deur ander historici herhaal word (vergelyk Theron, 1958: 36; Gomes, 1962: 35; Peters, 1991: 47 en Brain, 1997: 195), moet erken word dat Katolieke historici geen plek aan Afrikaans in die geskiedenis van die Kerk voor die twintigste eeu toeken nie. Op dié wyse word te kenne gegee dat Afrikaans beswaarlik 'n rol in haar geskiedenis, en by versteek die Afrikaanse taalgeskiedenis kon gespeel het. Dit lyk of die Katolieke Kerk se historiografie sodoende meewerk aan haar⁵ marginalisering in die Afrikaanse taalgeskiedenis.

Hierby fokus die Kerk se geskiedenis tot nou hoofsaaklik op die geskiedenis van haar histories Engelssprekende hiërargie (biskoppe) en missionarisse en lyk dit of ander tale, kulture en veral die Katolieke leek (lidmaat) van 'binne' af uitgerangeer of doodgeswyg word. Tot nou is uitsluiting uit die Katolieke kerkgeskiedenis op grond van taal en kleur egter nog kwalik ondersoek, allerminds in Afrikaanse verband en nog minder in terme van swart⁶ Afrikaanse Katolieke.

In die lig hiervan lyk 'n kritiese herbeskouing van die Kerk se geskiedenis na 'n goeie aanknopingspunt en word die wyses waarop religieuse differensiasie gebruik is om die samelewing en kerkopset te orden en groepe of individue vir in- of uitsluiting te identifiseer vir die doeleindes van hierdie bydrae buite rekening gelaat. Die fokus is eerder op of en hoe taal- en kleurkwessies onder meer die opvattings oor die historiese aard van die Kerk en die plek van Afrikaans in dié geskiedenis bepaal en tot die uitsluiting van die RKK in die Afrikaanse taalgeskiedenis bygedra het.

Binne die kort bestek van 'n artikel is dit onmoontlik om al die bisdomme (kerkstreke) te betrek waar Afrikaans as Katolieke kerktaal gebruik word. Daarom, en in die gees van die eerste konferensie oor Afrikaans in die Noord-Kaap (2017), word in dié bydrae gekonsentreer op die Katolieke Kerk in dié provinsie, en spesifiek die bisdom Keimoes-Upington waar Afrikaans die dominante kerktaal is.

In die volgende afdeling word die geskiedenis van die Katolieke Kerk met betrekking tot die kleur- en taalkwessies, Afrikaans spesifiek, vervolgens krities in heroënskou geneem deur dit te koppel aan bogenoemde 'nuwe' ontwikkelings op die terrein van geskiedskrywing. Vanuit 'n postkoloniale oogpunt behels dit in die eerste plek 'n dekonstruksie van die Katolieke historiografie met aandag aan hoe die representasie van Afrikaans in dié kerkgeskiedenis tot stand gebring is.

Aan die hand van literatuur in die navorser se besit wat tot nou nog nie in die historiografie van die Katolieke Kerk, en by versteek die Afrikaanse taalgeskiedenis verreken is nie, verskuif die aandag na dit wat nog ongedokumenteer oor Afrikaans in die marges van die RKK se geskiedenis lê. Onder dié literatuur is daar opgetekende verhale van bisdomme, parogies (gemeentes) en religieuse ordes, sowel as briewe, dagboeke en biografieë van missionarisse, wat daarop

dui dat die Katolieke Kerk Afrikaans al sedert die negentiende eeu as kerk- en skooltaal gebruik het.

Die hoop is dat die alternatiewe siening wat in dié artikel aan die lig gebring word, gebruik word in veelkantiger diskouerse oor enersyds die geskiedenis van die Kerk en andersyds die plek van die Katolieke Kerk in die Afrikaanse taalgeskiedenis. As sulks kan dit beskou word as 'n Katolieke bydrae tot die dekolonisering van die Afrikaanse taalgeskiedenis op kerklak.

2. Taal en kleur in die gevestigde Katolieke historiografie

'n Narratief wat blykbaar as gesaghebbend beskou word, is dat die Katolieke Kerk van haar begin in Suid-Afrika slegs gemoeid was met wit immigrante en dat die kerktaal uit die staanspoor Engels was.

Wat dikwels ongesê of onderbeklemtoon bly, is dat Latyn tot ná die Tweede Vatikaanse Konsilie (1962 tot 1965) die amptelike taal in die Katolieke liturgie was, terwyl die plaaslike omgangstale in onder meer die preek en katekismus gebruik is.

Die opvallende is dat historici die Kerk se 'begin' in Suid-Afrika koppel aan die amptelike begin van die plaaslike kerkhiérargie of topstruktuur in 1818⁷, die jaar waarin die Vatikaan die eerste vikariaat (beter bekend as 'n 'bisdom') of kerkstreek in Suid-Afrika verklaar het onder leiding van biskop Edward Bede Slater.

Hoewel die Kerk se hiérargie tot 1838 grotendeels fisiek afwesig of onsigbaar was, is dié geskiedenis opvallend goed gedokumenteer. Eers in dié jaar is 'n biskop, Patrick Raymond (ook 'Raymund') Griffith, toegelaat om hom in Suid-Afrika te vestig. Slater is byvoorbeeld deur die Britse regering verbied, maar kon ná 'n verblyf van drie weke in 1820 'n priester, Patrick Scully, agterlaat om na die Katolieke om te sien. William Placid Morris, Griffith se voorganger wat vir Slater in 1829 opgevolg het, het egter nooit 'n voet in die land gesit nie.

Van belang is dat die oorgrote meerderheid van die missionarisse sedert Scully tot die einde van die negentiende eeu hoofsaaklik uit Ierland gekom het, onder wie ook biskop Griffith. In die lig hiervan kom menige Katolieke geskiedskrywer tot die gevolgtrekking dat die Kerk van haar amptelike vestiging Engelstalig en wit was, 'n opvatting wat weerspieël word in 'n kerkgeskiedenis wat uitsluitlik fokus op die Engelssprekende missionarisse en wit immigrante in die negentiende eeu.

Teenoor dié goed gedokumenteerde geskiedenis staan die sprekers van inheemse tale, na 'n frase van Marshall Sahlins (1985), afgeteken soos "islands of history in a sea of documentary silence". Tot nou, met die uitsondering van die sendinggeskiedenis onder sprekers van Zoeloe sedert 1855 en die Mariannhill-sendingstasie wat 1882 in KwaZulu-Natal opgerig is en sendingwerk onder Xhosasprekendes in die Oos-Kaap teen 1880, is baie min inheemse sprekers se

bydrae tot die Katolieke kerkgeskiedenis al opgeteken.

Denis (1998: 147) voer byvoorbeeld aan dat “[i]n the nineteenth century the Catholic Church was an almost exclusively English-speaking institution”, waaraan Afrikaans blykbaar geen deel gehad het nie. Vergelyk byvoorbeeld Law (1991) se opvatting dat “[t]he nascent [sic] Afrikaans language did not become part of the experience of the Catholic Church” (Law, 1991: 68). Dieselfde argument word teruggevind in Gomes (1962 en s.a.) wat lui dat die Afrikaanssprekende Katoliek tot die 1930's noodgedwonge Engels as kerktaal gebruik het omdat daar “[...] voorlopig geen plek vir Afrikaans ingeruum is nie” (Gomes, 1962: 29 en Gomes, s.a.: 35).

Gomes se datering van Afrikaans in die Katolieke Kerk hou kennelik verband met die stadium toe die religieuse orde waartoe hy behoort het, die Dominikane, begin werk het aan Afrikaans vir Katolieke gebruik. Hoewel sy studie hoofsaaklik op hierdie Afrikaanse periode en wit Afrikaanssprekendes in die geskiedenis van die Kerk konsentreer, verwys hy wel na die Duitse priesters wat al vroeg in die 1920's literatuur begin produseer het vir die oorwegend bruin Afrikaanse Katolieke in Oudtshoorn en omstreke, as die “Pioniers van Afrikaans in die Katolieke Kerk” (Gomes, 1962: 29).

Terwyl hier en daar nog in sommige geskiedskrywings melding gemaak word van Afrikaans, weliswaar beperk tot die twintigste eeu en hoofsaaklik wit sprekers, is in die resente aflewerings nie 'n enkele spoor van óf die Afrikaanse taal óf Afrikaanse Katolieke nie (vergelyk Egan, 2017, 2018; sien onder meer Brown, 1960; Gomes, 1962; Denis, 1998; Bate, 1999).

Nog opvallender is hoe selfs resente geskiedskrywers op die oog af blindelings hul voorgangers se optekening van 'n kerkgeskiedenis herhaal of reproduuseer wat byna uitsluitlik fokus op Engelssprekende missionarisse en wit immigrante aan die Kaap in die negentiende eeu. In dié verband kan Egan (2017, 2018) met onder meer Brady (1951, 1952, 1974), Brown (1960), Gomes (1962, s.a.), Brain (1997), Denis (1998), Bate (1999) en Brain en Denis (reds., 1999) vergelyk word.

Daarom is dit nogal ironies dat sommige kerkhistorici op grond van hul eie representasie van die kerkgeskiedenis as wit en Engels, die *Kerk* posisioneer as histories 'n apartheidskerk, 'n wit setlaar- versus 'n (latere) sendingkerk vir swart Katolieke (sien Denis, 1998: 92 en Bate, 1999: 7 se onbetwiste oornname van byvoorbeeld Flanagan, 1982: 84 se standpunte oor die aard van die Kerk).

Hierdie onkritiese afhanklikheid van die sogenaamde groot narratiewe – met hul ingebedde kolonialisme en imperialisme – oor die Katolieke Kerk se geskiedenis, veroorsaak egter dat dieselfde narratief oor en oor vertel word en in 'n postkoloniale, postapartheid en demokratiese Suid-Afrika steeds van 'bo' af, uit dieselfde koloniale, setlaar- of apartheidsperspektief. Vroeër is aangedui dat baie min van die 'sendingkerk' se geskiedenis egter al gedokumenteer is en dat

selfs die mees onlangse geskiedskrywings kwalik die stiltes rondom sprekers van inheemse tale in die Kerk se historiografie teenwerk.

Dié leemtes word in opeenvolgende historiese narratiewe verbind met die Kerk se laat toetreden tot sendingwerk onder die inheemse bevolking, wat beskryf word as “[...] impossible in the beginning. Fewness of priests, wide areas and scattered members of the flock made it necessary to follow the axiom ‘first those of the household of the Faith’” (Brady, 1974: 22–23; sien onder meer ook Du Plessis, 1965 (1911): 368; Denis, 1998: 92 en Bate, 1999: 7).

Historici soos Flanagan (1982) en Bate (1999) gebruik juis hierdie aksioma – wat klaarblyklik noodwendig geïnterpreteer word as ‘eksklusief *wit*’ – om hul apartheidsbeeld van die Kerk te verstewig. Volgens Brown (1960) en Wilmot (1908), wat hul bron aandui as James David Ricards, tussen 1871 en 1893 biskop van die huidige bisdom Port Elizabeth, kan dit herlei word tot ’n pouslike instruksie deur Pius IX:

Attend first to the wants of the children of the household of the faith. When the wants of this portion of your flock have been provided for, turn your attention to the native [*sic*] population (Brown, 1960: 194; Wilmot, 1908: 105).

Pius IX se instruksie kon egter nie in 1818 by die amptelik aanvaarde ‘begin’ van die Kerk se geskiedenis in Suid-Afrika gegeld het nie, aangesien hy eers van 1846 tot 1878 pous was. Die pous toé was Pius VIII (1800 tot 1823), terwyl Gregorius XVI (1831 tot 1846) pous was by die aanvang van Griffith se missie. Tog is ’n latere pouslike instruksie klaarblyklik deur die betrokke historici op ’n vroeër periode in die Kerk se geskiedenis van toepassing gemaak en is hier vermoedelik sprake van ’n apartheidsbeeld van die samelewing wat in die interpretasie van die bron op ’n vroeër tydperk geprojekteer is.

Die vraag is: Is die Katolieke historiografie diensbaar aan die sosio-historiese en politieke konteks van *waaruit* bepaalde bronne geïnterpreteer is, eerder as die konteks *waarbinne* die bronmateriaal tot stand gebring is? Soos Brown (1960) se magistrale werk *The Catholic Church in South Africa – From its Origins to the Present Day*, gee Katolieke geskiedskrywings wat hierna verskyn het, egter weinig blyke van ’n kritiese ondersoek van bronmateriaal of pogings om dit te lokaliseer of te verklaar binne die strukturele dinamika van die Suid-Afrikaanse maatskaplike werklikheid waarbinne gegewe bronne ontstaan het.

Só rig Egan (2017, 2018) hom byvoorbeeld in ’n reeks artikels hoofsaaklik daarop om so omvattend en gedetailleerd moontlik verslag te doen oor die Katolieke Kerk se geskiedenis onder ’n koloniale bestel, haar vooruitgang en terugslae, haar hoop en teleurstellings, die probleme en uitdagings van ’n Katolieke Kerk in ’n Gereformeerde samelewing, die groei van die Kerk onder

swart mense, die belang van skole in die lewe van die Kerk en haar breër kerklike ontwikkeling. Hierin volg hy tematies en in terme van chronologie, benadering en inhoud grotendeels die patroon van Brown se werk.

Hiermee gee die navorsers nie te kenne dié studies is nie waardevol nie en nog minder bevraagteken sy die feitelike korrektheid van die historiese verslae, maar is gemoeid met hoe die onkritiese herhaling van die bestaande interpretasies en opvattingen die moontlikheid van alternatiewe sienings of nuwe insigte uitsluit. Foucault (1973) stel dit immers dat elke dominante visie op die werklikheid noodwendig 'n moontlikheid tussen baie ander visies is.

Dit verskuif die aandag van die kritiese bewustheid of identifisering van wie of wat in die Katolieke historiografie opgeteken of weggelaat is, na 'n herbeskouing van die diskousers dat die Kerk van haar 'begin' af 'n wit, Engelse setlaarkerk was. Die doel is om 'n kritiese bewustheid te skep dat 'n alternatiewe siening of sienings kan bestaan.

Hiermee word die bestaande diskousers nie verwerp of 'n streep daardeur getrek nie, maar word 'n nuwe perspektief hierop aangebied, en wel vanuit die perspektief van 'n bruin, Afrikaanse Katoliek wat deur die gevestigde diskousers onsigbaar gemaak word in haar Kerk se historiografie. Daarom moet die ondersoeker selfkrities, selfrefleksief en krities-analities omgaan met die literatuur wat sy in heroënskou neem, sowel as met die bronne wat gebruik is. 'n Selfrefleksieve benadering vereis volgens Navarro (2006), na die opvatting van die Franse sosioloog Pierre Bourdieu, dat "[...] one recognises one's biases, beliefs and assumptions in the act of sense-making [...]" (Navarro, 2006: 15-16).

Die doel van dié bydrae berus dus op 'n "future-oriented interest in the past" wat dit moontlik maak om verhoudinge op grond van die verlede te transformeer en "[...] de maatschappelijke communicatie [oor die geskiedenis van die Kerk] te verbeteren [...]" (Wesseling, 1991: 13-14, 169 en Montessori e.a., 2012: 19). Of soos Vann (1995), na die opvatting van die historikus Hayden White dit stel, "[...] to participate positively in the liberation of the present from the burden of history" (White aangehaal in Vann, 1995: 62).

Hierby word in gedagte gehou dat 'n onvolledige en selfs misleidende hantering van kwessies in die hand gewerk kan word deur wat Boucher (1966: 245) beskryf as "[t]oo heavy an emphasis on the part of the Catholic church historians upon documentary sources of an ecclesiastical nature". Derhalwe word die kritiese herinterpretasie van die bestaande Katolieke historiese literatuur en van die historici se bronmateriaal benader vanuit die sosio-historiese konteks waarin dit tot stand gebring is deur dit te lokaliseer in 'n breër Suid-Afrikaanse sosio-historiese formasie aan die hand van literatuur uit onder meer die land- en slawegeschiedenis.

2.1 Taal en kleur in die Kerk se geskiedenis: 'n herinterpretasie

Hoewel Katolieke historici 'n kleuronderskeid in die Kerk se geskiedenis tref, bied Du Plessis (1965) in sy magistrale werk oor sendings in Suid-Afrika die impetus vir 'n alternatiewe perspektief. Volgens hom was dit in die geval van die RKK “[...] exceptionally difficult to differentiate between work among Europeans and missions to natives [...] Mission work, in the sense in which the term is used by Protestant Churches and Societies, is unknown in the Roman Church” (Du Plessis, 1965: 368).

Dié opvatting strook byvoorbeeld met 'n suggestie in 'n uittreksel uit 'n brief van Griffith⁸, gedateer 23 April 1838, dat hy juis nie slegs wit Katolieke in die viering van sy eerste Heilige Mis (Katolieke diens) op Suid-Afrikaanse bodem verwag het nie. As “children of the household of the faith” vir hom slegs ‘wit Katolieke’ beteken het, waarom sou hy skryf: “I see no natives, tho’ – I mean Blacks or Malays or Hottentots [*sic*] – amongst them” (Griffith, 1838)?

In dié verwagting kan 'n verband gesien word met 'n verwysing in Denis (1998) na 'n verslag van kolonel Christopher Bird, 'n Katoliek wat van 1811 sekretaris van die Kaapkolonie was, jare tevore aan die Katolieke Kerk in Engeland oor die behoefte aan priesters in die kolonie. Hierin skryf Bird immers “[...] there were as many as 1200 Catholics, without counting the soldiers. Many *blacks* [my kursivering] have a ‘Catholic tint’ (*tintura cattolica*), particularly those with a *Portuguese* [my kursivering] background” (Denis, 1998: 71).

As 'n mens dit deurtrek na Shell (2009) se standpunte dat die meeste slawe wat tussen 1795 en 1806 in die Kaap aangekom het, uit Mosambiek was en Katoliek gedoop is, terwyl “[o]ne hundred and four Mozambique Catholic slaves [...] also in the Cape artillery train” was (Shell, 2009: s.p.), word dit in die woorde van Du Plessis (1965: 368) “[...] exceptionally difficult to differentiate between work among Europeans and missions to natives [...]” en word 'n alternatiewe diskouers van 'n multi-kulturele Kerk teenoor 'n setlaarkerk wat van haar 'begin' in 1818 slegs op wit Katolieke ingestel was, al hoe waarskynliker.

Benader 'n mens die ingeburgerde opvattings oor die historiese aard van die Katolieke Kerk en Afrikaans as 'n twintigste-eeuse lattkommer in die geskiedenis van die Kerk op dieselfde kritisies-analitiese wyse, kry die sogenaamde groot narratief algou 'n ander kleur, en 'n ander stem. So byvoorbeeld word Scully, wat die Kaapkolonie op 11 Julie 1824 verlaat het, in die geskiedenis gehuldig as 'n pionier, terwyl sy opvolgers, wat albei langer as sy vier jaar hier gearbei het, blote verwysings in die chronologiese verloop van die Kerk.

Belangrik is dat een van hulle, Theodor Wagenaar, 'n Nederlander was, maar baie min is oor hom en sy werk opgeteken. Thomas Rishton is later uit Engeland gestuur, maar albei het teen 1835 die land verlaat. Brown (1960: 10) vertel in 'n

voetnota oor die Spaanse priester, ene Morel, wat in 1836 die Katolieke bedien het, sowat twee jaar voor Griffith.

Juis by Griffith is 'n eerste bemoeienis met Afrikaans in 'n Katolieke konteks opgespoor, wat laat blyk daar was meer as slegs Engels op die spel met taal in die geskiedenis van die Katolieke Kerk. Denis (1998) verwys byvoorbeeld na 'n brief wat Griffith in 1839 aan die Vatikaan geskryf het waarin hy spesifieker vir priesters uit Nederland of België omdat slegs 'n Belg of Nederlander volgens hom die "awful [sic] first language of this colony (*linguam priorem pessimam huius Coloniae*)" sou kon aanleer (Denis, 1998: 86).

Sy gebruik van die werkwoord 'learn' en nie 'speak' nie, suggereer 'n bewustheid dat die taal waarvan hy praat nie meer Nederlands was nie. Griffith se gewaarwording stem ooreen met dié van onder andere die reisiger Heinrich Lichtenstein wat teen 1802 melding gemaak het van die Kaapse taal wat sterk van Nederlands afgewyk het, "Africanischen Holländisch" of "Afrikaans-Hollands" (vergelyk Raidt, 1991: 168-169).

In 'n brief van 5 Junie 1840 nooi Griffith 'n familievriendin en haar gesin om Kaap toe te verhuis sodat sy in die meisieskool kan kom help. Hierin verwys hy pertinent na die taal wat sy sou moes aanleer as "low Dutch" (Griffith, 1840). Dit kom ná 'n brief aan haar op 19 Januarie 1839 waarin hy vertel van 'n doop op Stellenbosch en die vrygestelde slawe se begeerte na beter onderwys vir hul kinders. Hy wens, skryf hy, dat hy hier op Stellenbosch 'n skool kon begin "for the education of Black and White, I have no doubt that it would lead to numerous conversions among both" (Griffith, 1939).

In 1840 word Aidan Deveraux aangestel as priester vir die distrik George vanwaar hy onder meer ook Knysna, Mosselbaai, Langkloof, Oudtshoorn en omliggende gebiede bedien. Deveraux se dagboek⁹ vertel allereers van die aantal Katolieke en diegene wat Katoliek geword het, onder wie Khoi-Khoi, maar vroeg in 1842 skryf hy: "I feel a great deficiency in not being able to speak or preach in the Dutch language" (Deveraux, 1842). En op 22 April 1844 ná 'n besoek aan die Olifantsrivier, wat volgens hom digbevolk was en waar die inwoners behoeft het aan 'n priester wat hul taal kan praat: "I have always been of the opinion that Elephants River would be the best place to establish a Dutch Catholic Mission" (Deveraux, 1844).

Denis (1998) verwys na 'n verslag van Griffith aan die Vatikaan (9 Julie 1841) waarin hy dit duidelik maak dat Nederlands 'n vereiste is vir sendingwerk onder die inheemse bevolking omdat dit die taal van die tolke is. Hierby voeg hy: "It would be much better, in human terms, if a priest of colour could join the mission" (Denis, 1998: 98). Eers in Julie 1852 kom 'n Nederlandse priester aan, Pieter van Ewijck. Van Ewijck is egter teen 1856 terug Nederland toe en vandaar na Curacao (Monteiro, 2008: 164).

Nog 'n bewys dat die Kerk in die negentiende eeu taalgewys baie meer divers was, blyk ten opsigte van die kusdorpie St. James naby Kalkbaai waarvan die geskiedenis ten nouste verweef is met dié van die Filippynse immigrante en die Katolieke Kerk in Suid-Afrika. Navorsers meen die Filippyne het hulle al teen 1840 hier gevestig. In 1859 het hulle die parogie van St. James in die gelyknamige kusdorpie opgerig, in 'n kerk wat hulle help bou het op die plek waar die St. Jamesstasie vandag is. Toe die stasie hier aangelê is, het die parogie na die oorkant van die pad verhuis waar die Filippyne (later bekend as die 'Manillas van die Kaap') onder meer die bestaande kerk en skool help bou het. Hul hoofkerktaal was Spaans en hoewel sommige Engels kon praat, was die meeste Afrikaans magtig (sien ook Kirkaldy, 1988 en Brink, 2006).

Dié voorbeeld ontsluit 'n tot nou onverkende, stilgeswygde of onderdrukte representasie van 'n Katolieke kerkgeskiedenis wat veel meer geskakeerd en meertalig is as dié van die Engelstalige koloniale Kerk in die bestaande geskiedskrywings. Belangriker nog, dit bring nuwe insigte na vore dat die plek van Afrikaans in die geskiedenis van die Kerk al in die negentiende eeu uitgetrap is, en nie eers die twintigste eeu nie. Vervolgens word in die hieropvolgende afdelings gekonsentreer op wanneer, waar en deur wie Afrikaans as kerktaal in die negentiende-eeuse Katolieke Kerk gebruik is. Hiervoor word veral gebruik gemaak van bronne wat nog nie in die Katolieke historiografie, en by verstek die Afrikaanse taalgeschiedenis neerslag gevind het nie. Onder dié bronne is dagboeke, briefwisselings en opgetekende verhale van sendingstasies.

Die volgende afdelings moet beskou word as verkennend en het bloot ten doel om aan die lig te bring dat Afrikaans in die Katolieke Kerk g'n twintigste-eeuse laatkommer is nie. Derhalwe word geen aanspraak gemaak op omvattendheid nie en is die fokus beperk tot die negentiende eeu. Die doel is om veral die aandag daarop te vestig dat die mobilisasie van Afrikaans as kerktaal in die Katolieke Kerk al in die negentiende eeu begin het, ook in die Noord-Kaap.

2.2 Katiek en Afrikaans in die negentiende eeu

Vir dié afdeling is veral *Recollections of Twelve Years' Residence* (voortaan *Recollections*), 'n samestelling van vader James O'Haire se dagboek oor sy 12 jaar in Suid-Afrika en die briefwisseling tussen hom en biskop Thomas Grimley, wat vir Griffith in 1862 opgevolg het, van belang. *Recollections*, wat in 1887 gepubliseer is, bevat ook die briewe van die priesters wat later die pioniers vir die gebruik van Afrikaans as Katolieke kerktaal in die Noord-Kaap sou word.

Dié bundeling bring in die eerste plek aan die lig dat vader O'Haire, 'n Ierse priester, beskou kan word as die vader van Afrikaans in die Katolieke Kerk. Tweedens bevat dit briewe waarin Grimley se hand in die mobilisasie van

Afrikaans (waarna hy verwys as ‘Dutch’) in ’n Katolieke konteks duidelik te sien is.

In twee briewe van onderskeidelik 20 Januarie 1862 en 3 Desember 1869 skryf Grimley onder meer oor die dominansie van ‘Dutch’ en die verskillende rasse en kulture waaruit sy vikariaat bestaan. Ondanks die verskille praat byna almal dieselfde taal, skryf hy, en daarom:

As they speak, I may say, exclusively the Dutch language, it will be necessary for all my students to learn that language. I may remark that all classes throughout this vicariate understand and almost all speak it (O’Haire, 1887: 478).

Hy stuur byvoorbeeld twee Ierse studente na Utrecht, Nederland, om as priesters opgelei te word én Nederlands aan te leer. Ná hul wyding in 1869 keer hulle terug na Suid-Afrika. In 1863 kom O’Haire, ’n oudstudent van Grimley in Ierland, in Suid-Afrika aan en word vyf maande later, op 27 Januarie 1864 na Malmesbury in die Wes-Kaapse Swartland gestuur om ’n parogie te stig. Met die hulp van ’n 13-jarige seun wy O’Haire hom hier aan die bemeesterung van “the patois of the country”, want skryf hy:

The knowledge of the Dutch language was indispensable, and therefore I succeeded in securing the services of a Catholic lad Edmund Keating from Cape Town, who remained with me for several months, and taught me the patois of the country. He was an amiable lad of about thirteen, and well versed in the vernacular tongue. Day after day we went together into the glebe lands, which were open to all, and sitting under the shade of the trees, I tried to acquire from him a knowledge of this mutilated Dutch (O’Haire, 1887: 128-129).

O’Haire se beskrywing van Afrikaans as “this mutilated Dutch” herinner nogal sterk aan die Engelstalige Kaapse bibliotekaris, dr. Theophilus Hahn, wat in 1882 tydens ’n lesing na Kaaps Hollandsch (Afrikaans) verwys het as “Hottentots in Hollandsch gewaad” (sien Van Zyl, 2010: 115, 130). Hy sou wel later in sy dagboek skryf hoe hy met sy “little knowledge of Dutch” die Katolieke van Malmesbury tot in die Paarl, Wellington, Stellenbosch, Klapmuts en Tulbagh na die Katolieke kon bereik (O’Haire, 1887: 150-159).

In 1864, het hy die Kerk van St. Frances de Sales en ’n skool op Malmesbury opgerig. Hy skryf onder meer dat hy die sakramant van die vormsel aan 23 Katolieke op die dorp en aan 17 in die buitestasies toegedien het, terwyl 22 Khoi-Khoi Katolieke geword het (O’Haire, 1887: 129-140). Op 24 September 1865 is O’Haire na Oudtshoorn oorgeplaas van waar hy die distrik van Mosselbaai tot Willowmore, Prins Albert, Beaufort-Wes en Victoria-Wes moes bedien. Hy vertel op sy reise deur die streek kon hy selfs by die Khoi-Khoi hulp en kos vra omdat

hy ‘Dutch’ kon praat (O’Haire, 1887: 240-242).

Gomes (1962) betrek Malmesbury wel kortlik in sy studie, maar sy fokus is op die uitdagings wat die priesters die hoof moes bied, nie die histories Katolieke wortels van Afrikaans nie. Daarom meen hy “[h]oe die toestande op die platteland gelyk het, kan ’n mens aflei uit die dagboeke en brieve van verskillende biskoppe. Dit is egter vanselfsprekend ondoenlik om daarop uitvoerig in te gaan” (1962: 18).

Tog kan ’n mens juis hieruit twee fases in die Katolieke geskiedenis van Afrikaans onderskei: die eerste wat in 1864 in die Wes-Kaap deur ’n Ierse biskop en priester gedryf is en van 1865 uitgebrei word na die dominant Afrikaanse bisdom Oudtshoorn. Die tweede fase begin in 1873 in die huidige bisdom Keimoes-Upington waar Franse priesters hulle beywer het vir die gebruik van Afrikaans as kerk-en onderwystaal. Dié fase is die fokus van die volgende afdeling, met toes�ting op die bisdom Keimoes-Upington waar dit begin het. Die bespreking word afgesluit met enkele opmerkings oor die twintigste eeu.

3. Afrikaans se Katolieke wortels in die Noord-Kaap

In 1873 begin nog ’n vertakking van Afrikaans se Katolieke geskiedenis met die aankoms op Springbok van Franse missionarisse van die *Society for Africa Missions* (SMA, afkorting van hul naam in Latyn, toe nog die voertaal van die Kerk: *Societas Missionum ad Afros*) uit Lyons, wat die “Dutch spoken in Africa” so snel moontlik en so vlot moontlik wou leer praat vir hul missie onder veral die Afrikaanssprekende inheemse mense. Hiermee is die grondslag gelê vir ’n praktyk wat vandag nog in die bisdom Keimoes-Upington geld: priesters wat in dié bisdom wil werk, moet so gou moontlik die mense se taal, Afrikaans, aanleer.

Vervolgens word in die res van die bespreking gedui op die kulturele samestelling en taalaard van die Noord-Kaapse Katolieke Kerk in die negentiende eeu, sowel as die instruksies met betrekking tot die taal en kultuur van die inheemse mense wat toe vir alle Franse missies in Afrika gegeld het. Soos elders vermeld, was Latyn tot ongeveer 1965 die voertaal van die Kerk en is dit wêreldwyd in die Heilige Mis as liturgiese taal gebruik.

In die sogenaamde liturgie van die Woord, bestaande uit ’n eerste en tweede Skriflesing, beurt Psalm, die halleluja of akklamasie van die Evangelie, ’n voorlesing uit die Evangelie, die homilie of preek, die geloofsbelofte en die algemene voorbede, is Latyn met die plaaslike omgangstaal afgewissel. Gewoonlik was die homilie in die omgangstaal en is voorgelees uit die Latynse Bybel (die sogenaamde Vulgaat) of waar beskikbaar, vertalings in plaaslike omgangstale uit die Vulgaat wat tot 1943 die norm vir Katolieke Bybelvertalings¹⁰ was.

Aan die einde van die negentiende eeu is ’n Nederlandse vertaling van die

Vulgaat gelewer, bekend as die sogenaamde Professorenbijbel¹¹, maar 'n Afrikaanse Katolieke vertaling van die Nuwe Testament het eers in 1938 verskyn, vyf jaar ná die amptelike Afrikaanse 1933-Bybelvertaling. Uit optekenings in die dagboek van die eerste Noord-Kaapse biskop, Jean Marie Simon, wat uit Frans vertaal en in 1959 uitgegee is as *Bishop of the Hottentots*, kom 'n mens agter dat uitgawes van onder meer gebedeboeke en kategismusse in Nederlands en Engels gebruik is, terwyl Afrikaans en Engels die tale van byvoorbeeld die homilie, kategismus, onderwys en algemene kommunikasie was (sien onder).

Oor die aankoms van die Franse missionarisse in Suid-Afrika, skryf O'Haire (1887: 478) in *Recollections*:

The arrival in August, 1873, in the Western Vicariate of a band of Catholic priests from Lyons, under the charge of the Rev. John Devernoille, brightened the hopes of the Catholic community, and constituted a grand epoch in the history of the Catholic Church in South Africa.

Onder hulle was vader Gaudeul, wat op 23 Augustus 1873 al die taalkwessie aansny in 'n brief wat hy van Springbok ('Springbok-Fontein') af aan O'Haire (1887: 572) skryf:

We are very happy here and very fond of our mission. We should be still happier if we were able to do more good. This we hope to arrive at *when we know a little of the Dutch language* (cie kursivering).

In dié jaar stig Gaudeul 'n sendingstasie naby 'n myn in die buurt van Springbok, maar toe die myn 'n jaar later sluit, moes hy terug dorp toe. Hier hoor Gaudeul van Pella, 'n voormalige Rynse sendingstasie, wat toe verlate gelê het. In 1875 kry hy van die Kaapse regering toestemming om die grond te bewoon en 'n Katolieke sending op Pella te vestig. Teen 1878 het die inwoners van Pella tot 100 aangewas, van wie die helfte Katoliek (*Thirstland Epic*, 1996: 3 en *Spore in die Dorsland*, 1976: 3).

Baie min tot nik is in Katolieke geskiedskrywings beskikbaar oor Gaudeul se werkzaamhede, maar hy word aan die vergetelheid ontruk in 'n gedig deur George Weideman, "Pella lê 'n kruistog ver" uit sy bundel *'n Staning onder sterre* (1997). Toe die SMA's einde 1882 die land verlaat, is die bisdom se pastorale sorg oorgedra aan 'n ander Franse religieuse orde, die Oblate van St. Francis de Sales. Op 4 September 1882 verwelkom Gaudeul die vyf Franse nuwelinge, Jean Marie Simon, Jouaux en Champlin, laasgenoemde se broer en ene Giraud.

'n Mens vind eers meer van Gaudeul uit in die vermelde dagboek van eersgenoemde, toe nog vader Jean Marie Simon. Hy verwys daarna dat Gaudeul

met “[...] a little energy and work [...]” die plaaslike tale, “[...] English and Dutch [vermoedelik Afrikaans] like his mother tongue[...]]” aangeleer het vir gebruik in die kerk en skool (Simon, 1959: 28). Sy volgende inskrywing oor die “[...] few English and Dutch prayer books and catechisms [...]” in Gaudeul se boekrak dui op die gebruik van dié tale naas die plaaslike omgangstaal, Afrikaans. Sien Simon (1959: 26).

Oor hul eerste besoek aan die plaaslike bevolking, “[...] most of whom were of Irish extraction, speaking English and Dutch[...]]”, skryf Simon: “I envied Father Gaudeul’s talent as he conversed fluently with them. One would have thought he had always lived there (Simon, 1959: 28). Hy vertel verder dat hy nie ’n enkele woord kon verstaan nie, en kon slegs hier en daar uit die mense se reaksie agterkom waaroor Gaudeul met hulle gepraat het.

Enkele weke ná Gaudeul se vertrek op 25 September, verlaat die twee Champlins en Giraud die sendingstasie, want “[they] found life too hard in this land” (Simon, 1959: 35-36). Einde Februarie 1883 keer ook Jouaux weens swak gesondheid terug na Frankryk en Simon neem ’n inwoner van Pella, Dawid Hollenbach, in diens (Simon, 1959: 38, Strauss en Strauss, s.j: 8-9).

In ’n verslag van 9 Julie 1841 aan Propaganda Fide skryf Griffith dat die nomadiese leefwyse van die Khoi-Khoi en San sendingwerk byna onmoontlik maak (Denis, 1998: 97-98). Vir Simon word die tyd wanneer sy Khoi-Khoi-lidmate se “inborn need of change” hulle van Pella wegvoer, egter ’n geleentheid om die Katolieke op Springbok en omgewing op te sock.

Dis ook die tyd waarin hy hom toelê op die aanleer van Engels en Afrikaans, wat hy aanvanklik Nederlands noem (Simon, 1959: 38-41). Veral die Damara, Khoi-Khoi en die bruin mense, wat volgens hom “our real field of action” is, praat “[...] Afrikaans (South African Dutch) and many of them also know English” (Simon, 1959: 44-50). Saans het ene mnr. Van Reenen sy taalvaardigheid kom help slyp, maar dis die kinders wat ’n groot rol in sy taalleerproses gespeel het:

I was the pupil. I would listen avidly [...] By thus mingling with the children I gradually familiarized myself with their language. Besides, I read and translated English and Dutch works outside of class; and I would not blow out my candle at night until I had solved certain grammatical problems [...] I felt as if I were back in the third grade (Simon, 1959: 36).

Hierdie noodsaak om die plaaslike omgangstaal te bemeester hou volgens Vilhanová-Pawliková (2002) verband met die missionêre denke in veral die negentiende eeu dat die missionarisse hulle soveel moontlik stroop van die kulturele elemente, in die eerste plek hul taal, wat hulle van die Afrikane onderskei:

It was believed that without effective and active communication it was impossible to pursue the conversion of the Africans. Missionaries were requested to overcome language difficulties by devoting *their spare time* [eie kursivering] to the study of local African languages and by approaching the Africans in their own language minimize cultural misunderstandings and distinctions between themselves and their potential converts (Vilhanová-Pawliková, 2002: 62).

Totdat Simon vaardig genoeg in Afrikaans was, het hy kennelik Nederlands en Engels as abba-tale in sy verkeer met die plaaslike inwoners gebruik. Soggens het hy byvoorbeeld die oggendgebed in Nederlands voorgelees en sy homilieë beperk tot voorlesings uit die Skrif. Vir Kersdag 1882 het hy 'n kort homilie in Engels voorberei, maar volgens hom was sy uitspraak so komieklik dat die gemeente op hul lippe moes byt om nie in die kerk te lag nie. Ondanks sy uitspraak, voer hy aan, was Engels makliker om aan te leer omdat die grammatika vir 'n Fransman soos hy betreklik eenvoudig is. By dié beskrywing gee hy 'n belangrike aanduiding dat die gesproke plaaslike "Nederlands" al 'n ander vorm aangeneem het:

As for Dutch – especially the Dutch spoken in Africa which is very different from the language spoken in Holland – that is harder to learn. Almost every word contains a guttural sound. The r's, g's and ch's must come from deep in the throat (Simon, 1959: 37-38).

Later was die kerktaal weliswaar "Hollands [...] Die kerklui het gesukkel met die inheemse tale [Khoi, San, Nama] en was gemakliker met Hollands, al moes Vader Simon-hulle die taal ook aanleer" (Strauss en Strauss, s.j: 11-13).

In 1884 word die dagskool op Pella deels 'n kosskool. Aan die begin van 1885 is die eerste 20 kosskoolleerlinge toegelaat wat teen 1909 vir 'n gereelde leerlingtal van tussen 60 en 70 leerlinge gesorg het. Met hul kinders nou ononderbroke in die skool, het baie rondtrekkende ouers hulle permanent op Pella begin vestig en die inwonertal het tot 500 gestyg (Simon, 1959: 58-59, *Spore in die Dorsland*, s.j: 6).

Die kinders van die inheemse mense en die van hoofsaklik Ierse afkoms was saam in die kerkskool waar Afrikaans en Engels die voertale was, anders as in die "[...] one or more public schools to which only European children are admitted" (Simon, 1959: 43). In Oktober 1940 word Henry Thünemann, oudleerling van die skool, die eerste Afrikaans-gebore biskop van Keimoes-Upington.

Teen middel 1883 het Simon vyf nuwe missionarisse uit Frankryk verwelkom. Suster Paul Joseph, wat Nederlands magtig was, is in beheer van onder meer die kategismusklasse geplaas, terwyl die drie priesters nuwe geboue begin oprig het met 'n ensiklopedie wat hulle saamgebring het, as hul gids "on bricklaying". Die Khoi-Khoi het stene help maak, die priesters die deure en vensterrame, en ná twee jaar is die eerste gebou met vyf kamers voltooi (Simon, 1959: 51-56).

In 1885 word nog 'n sendingstasie by Matjieskloof naby Springbok gevestig

en die skool op Springbok is heropen, “[...] and this time both European and native [sic] children were accepted [...]” nadat dit teen 1896 moes sluit weens teenkanting van sommige van die inwoners. “We therefore opened a school in Matjieskloof for the natives, and this school was as prosperous and as well attended as the one in Springbok” (Simon, 1959: 64, 101-102).

Met die groeiende aantal Katolieke op Pella, was die gebou wat as skool en kerk gedien het, teen 1886 te klein. In 1888 begin die priesters ’n kerk bou, weer met behulp van hul ensiklopedie en die inwoners van Pella. Op 15 Augustus 1895 word die gebou, wat steeds gebruik word as die katedraal van die bisdom, gekonsekreer en gewy aan die Onbevlekte Ontvangenis (Strauss en Strauss, s.j: 9-10).

In sy vertelling oor dié dag laat Simon blyk hoe vaardig hy al in die plaaslike omgangstaal is. Hy skryf dat “[b]efore the Benediction of the Most Blessed Sacrament I gave a sermon in Dutch” (Simon, 1859: 86).

Op een plek vertel hy van die toegewydheid van ’n sekere priester, maar dat hy te oud was “to learn languages” sodat sy onderrigtake oorgedra moet word aan ’n ander “who knew English and Dutch” (Simon, 1959: 101-102). Toe hy in 1898 in Frankryk tot biskop gewy is, maak hy ’n punt daarvan om te vermeld dat hy by sy terugkeer na Pella op 1 April 1899 in ‘Dutch’ op sy verwelkoming reageer het “[...so as to be understood by all]” (Simon, 1959: 122).

In Januarie 1899 is nog twee priesters, Waugh en Sollier na Pella uitgestuur, waar Waugh van die klasse waargeneem het, terwyl Sollier “devoted himself to the manual tasks until he learned the languages of the region”. Dié taalpraktyk, waarvan Simon beskou kan word as die grondlegger, bestaan vandag nog in dié streek. “As ’n priester in ons kerkstreek wil werk, maar hy praat nie Afrikaans nie, word hy geplaas by ’n sendingtasie met ’n skool sodat hy die taal kan leer” (vader Anthony Cloete in ’n e-pos, 14 Julie 2017).

Van 1899 af was die missionarisse nie meer slegs Frans nie, maar van verskillende kulture en taalagtergronde, en het veral dié bisdom bekend geword as die plek van Duitse, Poolse, Nederlandse en Amerikaanse Afrikaanssprekende priesters. In 1972, by die bisdom se eeufeesviering, was hier 20 sendingstasies elk met ’n residentpriester en meer as 40 kerkgeboue (Thirstland Epic, s.j: 21).

4. Slot

In *The hidden histories of Afrikaans* skryf Hein Willemse (2016) dat daar steeds verborge of versweë geskiedenis van Afrikaanse mense op verskeie vlakke van die samelewning is “[...] be it as cultural expression, [...] or perhaps more spectacularly in [...] theology [...]” (Willemse, 2015: 10-11). Ter aansluiting hierby kan dié bydrae beskou word as ’n begin, vanuit ’n Katolieke perspektief

in die besonder, om die verswyging van die geskiedenis van Afrikaans op teologieuse vlak, binne kerkverband spesifiek, te verbreek.

In die proses is die aandag daarop gevestig dat Afrikaans in Katolieke verband nie 'n twintigste-eeuse laatkommer is soos in die Katolieke kerk- en Afrikaanse taalgeskiedenis voorgehou word nie. Hier is aangetoon dat die Kerk haar al in die negentiende eeu beywer het vir die gebruik van Afrikaans as kerk- en skooltaal, van 1864 in die Wes-Kaap en 1873 in die Noord-Kaap, lank voor die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners én lank voordat dit in die twintigste eeu as kerktaal in die tradisioneel Afrikaanse Kerke aanvaar is.

Daarom word dié insigte aangebied met die oog op die herkonstruksie van 'n meer genuanseerde diskouers oor die rol van die kerk, en spesifiek die Katolieke Kerk, in die geskiedenis van Afrikaans, sowel as 'n nuwe, veelkantiger perspektief as 'n alternatief vir die eng Engelse en koloniale lens waardeur die Katolieke kerkgeskiedenis nog bekyk word.

Universiteit van Wes-Kaapland

Bronnelys

- Ankersmit, F.R.** 1990. *De navel van de geschiedenis. Over interpretatie en historische realiteit*. Groningen: Historische Uitgeverij.
- Bate, S.** 1999. (red.). One mission, Two Churches. In: Brain, Joy en Philippe Denis *The Catholic Church in Contemporary South Africa*. Pietermaritzburg: Cluster Publications.
- Belcher, R.** 1987. Afrikaans en kommunikasie oor die kleurgrens. In: H. Du Plessis, H. en Du Plessis, T. (reds.). *Afrikaans en Taalpolitiek*. Pretoria: HAUM.
- Bientz, R.** s.a. *Thirstland Epic*. Geen plek.
- Boucher, M.** 1966. Ex Glande quercus. Bishop Griffith at the Cape: the Catholic Background (1803-1837) and the first frontier 'visitation' of 1838. *Historia*, 11: 245-255.
- Brady, J.E.** 1951. History of the Church in South Africa. In: Fr. Agathangelus (ed). *The Catholic Church and Southern Africa: A series of essays*. Cape Town: Catholic Archdiocese of Cape Town.
- Brady, J.E.** 1952. *Trekking for Souls*. Cedara: Missionary Association of Mary Immaculate.
- Brady, J.E.** 1974. *Life and times of Bishop Charles Cox, OMI, 1848-1936*. Johannesburg: Catholic History Bureau.
- Brain, J.** 1988. *The Cape diary of Bishop Griffith 1837-1839*. Pretoria: Southern African Catholic Bishops' Conference.

- Brain, Joy & Denis, Philippe (red.).** 1999. *The Catholic Church in Contemporary South Africa*. Pietermaritzburg: Cluster Publications.
- Brink, G.W.** 2006. Father John Duignam and the Filipino Community of Kalk Bay: Two Ministerial Partners. *Nederduitse gereformeerde teologiese tydskrif*, 47(1 & 2).
- Brown, William Eric.** 1960. *The Catholic Church in South Africa. From its Origins to the Present Day*. London: Burns & Oates.
- Carstens, W.A.M. en Le Cordeur, Michael (reds.).** 2016. *Ons kom van vêr*. Johannesburg: Naledi.
- Carstens, W. en Raidt, E.** 2017. *Die storie van Afrikaans: Uit Europa en van Afrika*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Combrinck, Johan.** 2006. Kulturele geletterdheid. In: *Die oop gesprek: NP van Wyk Louw-gedenklesings*. Pretoria: Lapa.
- Davids, A.** 1987. The role of Afrikaans in the history of the Cape Muslim community. In: Du Plessis, H. en Du Plessis, T. (eds.) *Afrikaans en Taalpolitiek*. Pretoria: HAUM.
- Davids, A.** 1991. The Afrikaans of the Cape Muslims from 1815 to 1915. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Universiteit van KwaZulu-Natal.
- De Gruchy, John.** 1986. *The Church struggle in South Africa*. Claremont: David Philip.
- Denis, P.** 1998. *The Dominican Friars in Southern Africa*. Leiden/Boston/Köln: Brill.
- De Villiers, J.** 2011. Die Katolieke priester wat in Afrikaans bid. *Kerkbode*, 18 Februarie.
- De Vries, A.** 2002. Kultuurkennis ook nodig vir kommunikasie. *Die Burger*, 2 April.
- De Vries, A.** 2005. Met liefde van Rome: Katolieke Afrikaans. *Rapport*, 20 Februarie.
- De Vries, A.** 2012. Rooms & Afrikaans. *Rapport*, 9 Desember.
- Du Plessis, Johannes.** 1965. *A history of Christian missions in South Africa*. Kaapstad: Struik.
- Du Plessis, L.T.** 1986. *Afrikaans in Beweging*. Bloemfontein: Patmos.
- Egan, Anthony.** 2017. Church, colonialism and mission – two hundred years of Catholicism in South Africa. <http://www.dailymaverick.co.za/section/south-africa>. (Datum van gebruik: 9 Oktober 2019).
- Egan, Anthony.** 2017. The shaping of South African Catholicism. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2017-08-22-op-ed-the-shaping-of-south-african-catholicism-200-years/#.Wa0rLbIjHIU>. (Datum van gebruik: 9 Oktober 2019).
- Egan, Anthony.** 2018. A Brief History of religious Orders in South Africa. *The Southern Cross*, 25 Oktober.

- Flanagan, B.** 1982. Education: policy and Practice. In: Prior, A. (ed.) *Catholics in Apartheid Society*. Cape Town: David Phillip.
- Foucault, M.** 1973. *The Order of Things*. London: Tavistock.
- Gomes, D.** s.a. *Voortrekkers vir God*. Pretoria: Katolieke Afrikanersentrum.
- Gomes, D.J.** 1962. 'n Ondersoek na die wenslikheid en noodsaklikheid van 'n Katolieke woordeskat in Afrikaans. Ongepubliseerde doktorale proefskerif. Universiteit van die Witwatersrand.
- Hugo, Daniel (red.)**. 2009. *Halala Afrikaans*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Karsten, C.** 2007. Geloof, hoop, liefde: Vreemdes kom sorg – in Afrikaans. *Rapport*, 18 Februarie.
- Kirkaldy, A.** 1988. The Sea Is In Our Blood: Community and Craft In Kalk Bay. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Universiteit Kaapstad.
- Lawrence, D. e.a.** 2014. *Afrikaansmetodiek deur 'n nuwe bril*. Pretoria: Van Schaik.
- Lotz, W.J.G.** 2003. *From the Diary of Fr. Aidan Devereux and His Successors*. Unpublished typed document.
- Mbembe, Achille.** 2016. Decolonizing the university: New directions. *Arts & Humanities in Higher Education*, 15(1) 29–45.
- Monteiro, M.E.** 2008. *Gods predikers: Dominicanen in Nederland (1795-2000)*. Hilversum: Uitgeverij Verloren.
- Montessori, N., Schuman, H., en De Lange, R.** 2012. *Kritische discoursanalyse. De macht en kracht van taal en tekst*. Brussel: Academic and Scientific Publishers nv.
- Navarro, Z.** 2006. In Search of Cultural Intepretation of Power. *IDS Bulletin*, 37(6): 11-22.
- O'Haire, J.** 1877. *Recollections of Twelve years residence*. Dublin: M.H. Gill & Son.
- Peters, Noel.** 1991. *South Africa, a Catholic perspective*. California: Pioneer Publication Company.
- Pieterse, H.** 1994. Taalpolitiek en alternatiewe Afrikaans. Ongepubliseerde PhD-proefskerif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Ponelis, F. A.** 1993. *The Development of Afrikaans*. Frankfurt: Peter Lang Publishing Inc.
- Prinsloo, K. en Kobus Schoeman.** 2011. *Die gebruik van Afrikaans in kerklike gemeentes in Suid-Afrika: 'n verkennende ondersoek 2010*. Afrikaanse Taalraad.
- Raidt, E.** 1991. *Afrikaans en sy Europese verlede*. Pretoria: Van Schaik
- Sahlins, Marshall.** 1985. *Islands of history*. Chicago & London: University of Chicago Press.
- Said, Edward W.** 1993. *Culture and Imperialism*. New York: Alfred A. Knopf.
- Shell, Robert.** 1995. The march of the Mardijkers: the toleration of Islam at the Cape, 1633-1861. *Kronos*, 22: 3-20.
- Simon, J.M.** 1959. *Bishop for the Hottentots. African memories: 1882-1909*. New

- York: Benziger Brothers, Inc.
- Spore in die dorsland. Pella 1875 – 1975.** 1976. Gemsbok Drukkery.
- Strauss, J. en Strauss, A.** s.a. *By die blou berge. Algemene geskiedenis van die inwoners van Pella*. Sol Plaatje Opvoedkundige Trust.
- Stubbs, J.L.** 1989. Afrikaanssprekendes, Nederlands en Afrikaans in die Kerk van die Provincie Suider-Afrika: 'n verkenning van taalgebruik in die Anglikaanse Kerk in Suider-Afrika. Ongepubliseerde proefskerif. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.
- Theron, E.** 1958. Die geskiedenis en aksie van die Rooms-Katolieke Kerk veral in die Unie van Suid-Afrika. Ongepubliseerde M.A.-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Van Oort, C.P.** 2008. Die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans: 'n inklusiewe perspektief en implementering in 'n lesreeks. Ongepubliseerde doktorale proefskerif. Noordwes-Universiteit.
- Van Rensburg, Christo.** 2018. *Van Afrikaans gepraat*. Pretoria: Lapa.
- Van Zyl, Wium.** 2010. Multatuli in Suid-Afrika. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 17(1) 114-131.
- Vann, R. T.** 1995. Turning linguistic: History and Theory and History and Theory, 1960-1975. In: Ankersmit, F. & H. Kellner (eds.). *A New Philosophy of History*. London: Reaktion Books. pp. 40-69.
- Vilhanová-Pawlíková, Viera.** 2002. Christian missionary enterprise in Africa. A synonym for "cultural imperialism"? *Asian and African studies*, 11(1): 49-68.
- Weideman, George.** 1997. *'n Staning onder sterre*. Kaapstad: Tafelberg.
- Wesselink, Elizabeth.** 1991. *Writing history as a prophet. Postmodernist innovations of the historical novel*. Amsterdam: John Benjamins.
- Willemse, H.** 2015. The Hidden Histories of Afrikaans. <http://www.up.co.za>. (Datum van gebruik: 7 Oktober 2019).
- Wilmot, A.** 1908. *The life and times of the Right Reverend James David Ricards, Bishop of Retimo, in partibus infideliums, and vicarapostolic of the eastern districts of the Cape Colony*. Cape Town: Salesian Institute.

Note

1. "Kerk" met 'n hoofletter word spesifiek gebruik vir 'n gegewe kerkverband soos die Katolieke Kerk of 'n kerkfamilie soos die Gereformeerde Kerke, terwyl "kerk" (kleinletter) op die kerk in die algemeen dui.
2. Sonder om op volledigheid aanspraak te maak verwys laasgenoemde na Gomes (1962) se studie naas ander soos Brown (1960), Law (1991), Raidt (1991, 1993), Denis (1998), Bate (1999), Combrinck (2006), Prinsloo en Schoeman (2011), Carstens en Raidt (2017) en koorantartikels

deur onder andere De Villiers (2011), Karsten (2007), De Vries (2002, 2005, 2012) en Egan (2017, 2018).

3. Dit behels onder meer Jonathan Luke Stubbs se 1989-studie oor die gebruik van Afrikaans in die Anglikaanse Kerk sedert die 1880's, Marianne Plaatjies van der Huffel (2016) se navorsing oor die Verenigende Gereformeerde (waarby ingesluit is die voormalige Nederduitse Gereformeerde Sending-) Kerk in Afrikaanse verband en die enigste doktorale studie tot nou oor Afrikaans in 'n Katolieke opset, vader Dirk Gomes se *Die wenslikheid en noondaaklikheid van 'n Katolieke woordeskaf in Afrikaans* (1962). Die hoofstuk in Gomes se proefskrif oor die geskiedenis van die RKK in Suid-Afrika is later gepubliseer as *Voortrekkers vir God* (s.a.).

Navorsing oor Elim, 'n Morawiese sendingstasie, kom ter sprake in Carstens en Raidt (2017) wat saam met Genadendal, Wupperthal en Goedverwacht vermeld word as van die plekke wat volgens hulle "byvoorbeeld ook nie behoorlik verreken [is] in geskiedenissoor Afrikaans nie".

4. Dit vorm deel van my PhD-studie oor Afrikaans in die Katolieke Kerk waarin die ondersoek onder meer uitgevoer is deur 'n wye versameling bestaande historiese bronne op die snyvlakke van die studie – taal (Afrikaans), religie (spesifiek die kerk) en geskiedenis – in twee fases te analiseer en terselfdertyd bestek op te neem van Katolieke en nie-Katolieke bronne waarin Afrikaans in die Katolieke Kerk ter sprake kom.

Die eerste fase behels onder meer 'n kwalitatiewe inhoudsanalise van die bestaande historiese literatuur op grond waarvan gediagnoseer kon word wat en/of wie in die geskiedenis opgeteken of wegelaai is, met besondere aandag aan kerkverband en spesifiek die Katolieke Kerk.

Vervolgens is in 'n tweede fase verantwoorde verklarings ondersoek vir hockom en hoe die Kerk in die diskourse van die Afrikaanse taalgeskiedenis gemarginaliseer en selfs verswyg is/word. Vir dié doel is allereers 'n kritiese analise onderneem van die geraadpleegde historiese taal- en kerkliteratuur as instrumente van normatiewe diskos wat sosiaal bereël en bekratig is en aansluit by politieke, kulturele en ander magsdiskoerse soos die religieuse in 'n groter Suid-Afrikaanse sosio-historiese konteks.

Vervolgens is die bestaande Katolieke historiese literatuur op dieselfde krities-analitiese wyse benader ten einde vas te stel of en hoe die representasie van die RKK in haar eie historiografie tot haar marginalisering in die geskiedenis van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis en die Afrikaanse taal bygedra het.

5. Die vroulike besitsvorm word gebruik in ooreenstemming met die Katolieke uitgangspunt dat die kerk vroulik is, naamlik die Bruid van Christus.
6. Hier gebruik in die generiese sin om na sowel bruin as etnies swart Katolieke te verwys wat Afrikaans as kerktaal gebruik, veral in bisdomme soos Oudtshoorn en Keimoes-Upington waar dit die dominante taal is. Waar toepaslik of waar 'n bron die onderskeid tref, sal die onderskeid gehandhaaf word.
7. In my studie word die amptelike periodisering van die Kerk se geskiedenis betwiss aan die hand van 'n kritiese herbeskouing van onder meer die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis, die sprekers van die diverse tale wat veral in die sewentiende eeu tot die wording en ontwikkeling van Afrikaans bygedra het en verskillende Katolieke plekname wat die landskap van Suid-Afrika definieer.

8. Die briefwisseling word onderskeidelik as *Copies of letters from Bishop Griffith to a friend in Ireland. From October 1, 1839 to May 12, 1846* en *Interesting Extracts from Letters of the Right Rev. Doctor Griffith Bishop of the Cape of Good Hope and transcribed by the individual to whom they were addressed, for the benefit of the Mission* in die aartsbisdomlike argief in Kaapstad bewaar. Griffith se dagboek, wat hy van 1837 tot 1839 gehou het, is later saam met van dié brieewe uitgegee as *The Cape Diary of Bishop Griffith, 1837 – 1839* (Brain, 1988).
9. 'n Transkripsie van dié dagboek word by die parogie van Sts. Peter en Paul op George bewaar.
10. Sien <https://nl.wikipedia.org/wiki/Bijbelvertaling>
11. Sien <https://nl.wikipedia.org/wiki/Bijbelvertaling>



Titel:	Prof.	Dr.	Ds.	Mnr.	Mev.	Me.
---------------	--------------	------------	------------	-------------	-------------	------------

Voorletters en van: _____

Adres: _____

----- **Kode:** -----

Tel. (W): **(H):** **(Sel):**

E-pos: _____

Besonderhede vir inbetaling:

Betaal u rekening elektronies in die bank of oor die internet in,

- naamlik op die volgende rekening:

SAVN

Banknaam: ABSA

Bankrekeningnommer: 1190 154 676

Taknaam: Ben Swartstraat, Wonderboom-Suid

Takkode: 334 645 (nie nodig vir elektroniese betalings nie)

Verwysingnommer: U van en voorletters

- E-pos of pos daarna die bewys van u betaling aan die SAVN se penningmeester,
Prof Adri Breed, by die onderstaande e-posadresse:

Adri.Breed@nwu.ac.za of kobie.dekamper@gmail.com

Gaan ook na die SAVN webwerf, www.savn.org.za, vir inligting.

Kantoorgebruik

Lidnr.	Datum aangesluit	Kwitansienr.	Faktuurnr.



Redaksioneel Marni Bonthuys	1
Voorwoord Steward van Wyk en Victor Teise	2
Oranjerivieraafrikaans: van gemarginaliseerde en aanspraakmaker tot deelgenoot Frank Hendricks	3
Riekert, Weideman en Myburgh: die representasie van die Noordwesterse ruimte in drie Afrikaanse digbundels Marni Bonthuys	37
Het Vlaams en de variëteiten van het Afrikaans Jacques Van Keymeulen	63
Spore in die sand, oftewel regionale literatuur en aktualiteit: 'n perspektief uit enkele Noord-Kaapse tekste Steward van Wyk	76
Afrikaans se verborge Katolieke geskiedenis in die Noord-Kaap Anastasia de Vries	87

Omslag: Ontwerp deur Christa van Zyl
Foto: Pieter Viviers, Helskloof, Richtersveld